# *Aan die Voete van Jesus*

*Deur*

*Ds. M.J. Booyens*

www.christelikemedia.org

## *Inhoudsopgawe*

My skape luister na my stem ....... 5
Luister! ....... 5
God se heerlikheid op aarde ....... 5
"Begin..." ....... 6
Onse Vader! ....... 7
Die Here is my herder ....... 8
Ons het troos nodig ....... 8
Ons enigste trooster ....... 9
Die vrou van die alkoholis ....... 11
Hoe moet 'n Christen siek wees? ....... 11
Die regte middelpunt ....... 12
Angs vir die stilte...? ....... 13
Die Kruiswoorde ....... 14
Vader vergeef hulle ....... 14
Vrou, daar is u seun ....... 15
Vandag sal jy saam met my in die paradys wees ....... 16
My God, my God, waarom het U my verlaat? ....... 18
Ek het dors! ....... 19
Dit is volbring ....... 21
Vader, in u hande gee ek my gees oor ....... 22
Die Samaritaanse vrou ....... 25
Hy moes deur Samaria gaan ....... 25
Gee vir My water om te drink ....... 25
Jode hou geen gemeenskap met Samaritane nie ....... 26
As jy geweet het... ....... 27
Betrap op 'n daad van egbreuk ....... 28
Betrap op 'n daad van egbreuk ....... 28
Die egbreekster en die skynheiliges ....... 28
"Hulle het een vir een weggegaan..." ....... 29
"Bekeer jou, owerspeelster" ....... 29
Die saligsprekinge ....... 31
"Salig is die armes van gees" ....... 31
"Salig is die wat treur" ....... 31
"Salig is die sagmoediges" ....... 32
"Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid" ....... 33
"Salig is die barmhartiges..." ....... 34
"Salig die wat rein van hart is. .." ....... 34
"Salig is die vredemakers" ....... 35
"Salig is die wat vervolg word" ....... 36
Die deinsmaagd van Jesus Christus ....... 38
Die vrou in die amp ....... 38
Die vrou 'n profetes ....... 38
Die vrou 'n priesteres ....... 39
Die vrou 'n koningin ....... 40
My gewete ....... 42
"Ek handel volgens my gewete.".. ....... 42
Gewete self is nie my norm nie ....... 43
Misverstand oor vryheid ....... 45

My eenvoudige geloofslewe ........ 47
My geloof en my kennis ........ 47
My uitverkiesing ........ 48
Ek is gedoop ........ 49
"Ek is geroep..." ........ 51
"Ek is weer gebore" ........ 52
My nuwe hart ........ 53
"Ek het die Heilige Gees ontvang..." ........ 54
"Ons glo met die hart en bely met die mond" ........ 57
"Ons glo almal met die hart" ........ 57
Ons bely almal met die mond ........ 58
My bekering ........ 59
"Ek is regverdig voor God" ........ 60
My heiligmaking (1) ........ 61
My heiligmaking (2) ........ 63
My gebede ........ 65
My aardse lyding ........ 67
Wat doen ek Sondag? ........ 68
"Ek gaan kerk toe" ........ 70
My vrees vir die toekoms ........ 72
My hoop ........ 73

*"En op hulle reis het Jesus in 'n dorp gekom waar 'n vrou, Marta, Hom as gas ontvang het. Sy het 'n suster gehad, Maria, wat aan die voete van die Here gaan sit het en na sy woorde geluister het.*

*. . . Marta was baie bedrywig om alles klaar te maak.*

*Sy kom toe daar staan en sê: 'Here, hinder dit U nie dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê sy moet my kom help!'*

*Maar die Here antwoord haar:*

*'Marta, Marta, jy is besorg en bekommer oor baie dinge, maar één ding is nodig...*

*Maria het die beste deel gekies,*

*en dit sal nie van haar weggeneem word nie.'*

*(Blye Boodskap: Luk. 10:38-41).*

**Opgedra aan die vroue van my volk wat gelowig oor die Bybel buig. Die meeste stof hierin vervat het verskyn in die rubriek "Gedagte vir die maand" in die Geref. Vroueblad.**

# My skape luister na my stem

## *Luister!*

Ons lees dit van 'n vrou. Sy was die eerste mens in Europa wat in Jesus Christus geglo het. "En 'n vrou met die naam van Lidia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatire, 'n godsdienstige vrou, het geluister." Van haar kant gesien het sy geluister - van God se kant besien lees ons: "die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is."

Vanselfsprekend is die grond van Lidia se redding dat die Here haar hart geopen het. Dank Hom daarvoor - altyd! Maar vergeet nooit dat Lidia geluister het nie. Moenie wag dat God u wakker maak op een of ander "bonatuurlike" manier nie, maar luister. In werklikheid is dit "bonatuurlik" om na God te luister - van nature wil ons nie na Hom luister nie. En tog is dit deurgaans die openbare roep van die Here tot die wêreld en sy volk: "Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe."

Ons lees ook van 'n ander vrou wat goed geluister het. Sy was Maria, die suster van Martha en Lasarus. Op sy reis het Martha die Here Jesus in haar huis ontvang. Terwyl sy besig is om 'n ete vir die Here gereed te maak, lees ons: ". . . Maria, dié het aan die voete van Jesus gesit en na sy woord geluister." Sy het geluister - sy het goed geluister. Later blyk dit toe sy die kosbare fles met nardusolie breek en die geurige olie oor die Here uitgiet. Hierop was die kommentaar van die Here Jesus: "Sy het vooruit al my liggaam vir die begrafnis gesalf." Dit lyk asof sy beter geluister het as al die dissipels van Jesus. Sy het naamlik gehoor en geglo dat Jesus gesê het dat Hy doodgemaak sou word. Sy het geweet dat sy begrafnis op hande is - en sy bring haar offer "voordat dit te laat is". Vir alle mense vir wie dit "te laat" word, geld die een waarheid: "hulle het nie geluister nie". Ongehoorsame seuns en dogters besef altyd te laat hulle moes geluister het. Soos natuurlik ook die ryk man in die hel - té laat het hy besef hy moes geluister het na Moses en die profete.

Die waarheid geld ook wanneer 'n mens sy ongeluk sonder God wil dra. Wanneer sy nood hom oorweldig sonder dat hy wil luister wat God daarmee aan hom wil sê. Dit is goddeloosheid wanneer 'n mens in jou ongeluk bittere klagte uitstort en selfs opstandig word, in plaas van te luister in alle ootmoed - ja, met trane te luister en te besin. Sodra ek die leed, ongeluk en smart in verband met God sien, word die prikkel daarvan ontneem - dan kom daar lig in die donker chaos en kan ek weer *lewe* en asemhaal.

Dié mens wat luister, hoor die stem van sy Vader. Hy hoor selfs wanneer doodskaduwees oor hom daal. . . Dan gaan die luister oor in sien. Dan sien hy dat die woorde waarna hy geluister het, betroubaar en waaragtig is.

## *God se heerlikheid op aarde*

Kersfees sê aan ons: "Die Woord het vlees geword en onder ons gewoon - en ons het sy heerlikheid aanskou . . ." God het die menslike natuur aangeneem - Hy is gebore in die vlees.

U hoef nie alleen met Kersfees daaraan te dink nie. U moet elke dag daaraan dink. Dink daaraan wanneer u u pasgebore suigeling in u arms neem en aan u hart druk. Só is ook die Kind van God onder ons gebore. Dink daaraan op u eie verjaarsdag. Só is ook Jesus gebore. Dink daaraan by die aanbreek van elke nuwe dag. My Heiland het ook sulke dae belewe. Hy was ook hier - Hy het onder ons gewoon.

Jesus se moeder was ook 'n vrou soos u. Sy het gewoonweg geboorte geskenk soos elke ander vrou. Sy het ook gewag en uitgesien en gebid dat die blye dag moes aanbreek. By haar was

egter die groot verskil - sy het 'n geheim in haar hart bewaar: "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word" (Luk. 1).

En tog, wat sou ons geboorte gewees het indien Jesus nie ook gebore is nie? U kindjie, onskuldig, laggend, met grypende handjies, sou vir ewig in die dood bly - die dood van sonde en misdade waarin hy en u en ek en ons almal gebore is. Daarom kan ons gerus elke dag die Here prys vir die Woord wat vlees geword het - nie alleen met Kersfees nie. Sy gewone geboorte is immers anders - uitsonderlik. Sy geboorte is eintlik 'n geboorte in ons plek. Ons geboorte moes in sy geboorte reggestel word voor die oë van sy Vader.

Elke geboorte is 'n wonder. By elke geboorte is die moederhart te klein om die groot wonder te omvat. Elke keer is ons harte weer opnuut vervul met verwondering en dankbaarheid dat so iets die deel mag wees van 'n sondige mens. Hierdie lewe wat in die skoot van Maria begin het, is egter die wonder van alle wondere. Hy is ontvang van die Heilige Gees. In Hom het God ons menslike natuur aangeneem. Hier buig ons ootmoedig en dank die grote God wat die wonder bewerk het om ons te behou.

Rondom sy geboorte lees ons van engele wat sing en herders met hulle skapies en wyse manne uit die Ooste en Josef (stil op die agtergrond) en Maria wat al die dinge in haar hart bewaar en oordink. Dit alles toon ons betrokkenheid by sy geboorte. Wat dit aanbetref mog daar egter skitterender en heerliker dinge op aarde gebeur het en nog gebeur. Net dié een ding bly eenmalig en onvervangbaar . . . Die Woord het vlees geword . . . En ons het sy heerlikheid aanskou . . . En Hy is Immanuel - God-met-ons. Daarom sing ons met Kersfees en elke nuwe lewensdag 'n lied.

## *"Begin..."*

'n Nuwe jaar het begin. Dit is merkwaardig dat die begin van 'n nuwe jaar altyd by ons iets van 'n nuwe uitsig en verwagting wek. Dit geld selfs van elke nuwe dag. Die aand beteken vermoeidheid en dikwels verdriet - in die môre leef daar nuwe krag en hoop. "Saans vernag die geween - smôrens is daar gejuig..." (Ps. 31).

Heerlik moes dit op die aarde gewees het op die eerste môre van God se skepping. Dit lê vir ons begrip in die onbekende newels van die oer-verlede. Die wetenskap speur terug deur die newels heen en stel hulle voor wat miljarde jare gelede kon gebeur het, toe die tyd nog "zero" was. Sommige sê hulle weet; andere sê dat hulle waarskynlike teorieë het as werksbasis en die allerwysstes sê ronduit dat ons nooit sal weet nie. Intussen is die duiwel ook hard besig om duisternis te saai waar daar lig moes wees.

Wanneer die Bybel praat van die "begin" dan bedoel hy daarmee die begin wat God gemaak het. Die aarde waarop ons leef en alle dinge bestaan nie van ewigheid af nie. Daar waar dit begin, begin die geskiedenis. Die begin lui alreeds die einde in. By die doop van 'n babatjie sê ons doopsformulier al dat die lewe 'n gestadige dood is. Hierdie aarde sal nie vir ewig bestaan nie - altans nie soos hy tans daar uitsien nie. Daar was net één begin vir alle dinge. Daar was ook net één begin vir u en my. En net so seker as Wat ons gebore is, sal ons weer sterwe. Die einde is net so seker as die begin - ook my einde en u einde.

En dan stel dit ons aan die begin van die jaar voor twee vrae: Is my lewensdae en lewensjare gevul met sinryke vrugbare werk? En leef en werk ek met die oog op die ewigheid? Mense leef soms in die hoop dat die einde salig sal wees, sonder om elke dag hier op aarde die saligheid te belewe.

God het begin met die skepping. Daarmee het die skepping begin. God het met my begin.

Daarom is ek gebore. God het begin met die nuwe jaar. Daarom het die eerste dag van die jaar aangebreek. En God werk voort. Sy werk spoed na die einde.

Gelukkig het onse Vader ook in ons begin met die nuwe geboorte - die geboorte uit die Gees. Ons het verkeerd begin - ons is in sonde ontvang en gebore. Ons het selfs verkeerd aangehou. Hoe kan dit ook anders - ons is van nature geneig om God en ons naaste te haat. Hoe graag sou ons weer voor wou begin, maar dit kan nie. Wat verby is, is verby. Ons kan nie regstel wat ons verbrou het nie.

Maar Hy het ingegryp - ondanks onsself. Hy het die nuwe begin in ons harte geplant. Dit gaan worstelend en strydend en struikelend. Gelukkig sal God voltooi wat Hy begin het - ook in my.

## *Onse Vader!*

Sou ek die wêreld van ons tyd kon tipeer, dan sou ek sê ons leef in 'n "Vaderlose" wêreld. Dit is donker. In die donker wêreld strompel miljoene eensame mense voort. In die nagduister soek hulle tastend na die hand om vas te hou, maar hulle vind dit nêrens. Die Vaderhand is weg.

"Onse Vader!" hoor ons die roep van Vaderlose weeskinders. Soms klink dit soos 'n alleenspraak van 'n kind wat bang is in die donker oerwoud en dan hardop met homself praat. Hol en angswekkend kom die weerklanke van sy eie ysige stem uit die nag terug na hom toe.

"Onse Vader?" is die vraagteken van die skrywer en digter en beeldhouer en skilder. Ons sien geen Vaderoë en hoor geen Vaderhart wat in liefde klop nie. En van die Vaderhand wat stewig my bewende vingers vasgryp en my veilig oor afgronde heen lig - daarvan voel ek niks. Nee, indien God bestaan, het Hy 'n gemors van die wêreld gemaak. Maar ek sien Hom nie en weet alleen van my namelose, uitsiglose eensaamheid. Ek is vasgevang in 'n lugleegte en weet nie waarom en waarvandaan en waarheen nie.

Het Jesus dan tevergeefs die vloekdood op Golgota gesterf? Hy was ook bang en eensaam en verlate. Sy vrees sien ons in Getsémané toe sy sweet soos druppels bloed op die grond geval het. In sy laaste bittere weg het almal van Hom af weggevlug - ook hulle wat die naaste aan Hom was. En op Golgota aan die kruis hoor ons sy skreeu van helse verlatenheid: "My God, my God, waarom het U my verlaat?" Langs dié pad het Hy die weg na die Vaderhart vir ons gebaan. Ons kan dit ook andersom stel: Langs dié weg van kruis en hellesmart vir sy Seun het die Vader sy hand na ons uitgesteek om ons in die donker vas te gryp.

"Onse Vader . . ." Jou Vader en my Vader omdat Hy die Vader is van Jesus Christus, onse Here.

> "Wat 'n liefde en volheidslewe,
>
> waar ons bly ons in beroem,
>
> het die Vader ons gegewe
>
> dat Hy ons sy kinders noem!
>
> Maar die wêreld weet van dié
>
> wat uit God gebore is, nie,
>
> het die kennis van die Heer nie
>
> as hul hoogste goed begeer nie " (Skrifber. 33 - Totius).

Daar het u die geheim van die namelose eensaamheid en koue verlatenheid in die donker nag

van die moderne oerwoud. Die wêreld weet nie . . . Hulle ken die geheim van die kinders van God nie, omdat hulle sy eniggebore Seun verwerp. In Hom sien ons die Vaderhart en in sy Naam roep ons met vertroue: "Onse Vader!" En Hy hoor, want ons het sy stem leer ken uit sy Woord en sy liefdevolle hart gesien in die oorgawe van sy Seun.

## *Die Here is my herder*

Só sing Dawid in Ps. 23. Hy teken aan ons die beeld van die Herder wat sy kudde lei en versorg en beskerm - soos Dawid self as skaapwagter sy skapies opgepas het.

Onse H E R E is die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde. Hy woon in die hoogte en die heilige plek. Hy is die Koning van die heelal. Dink ons aan Hom dan is daar iets ontsagwekkend wat ons opjaag en soos 'n wildsbok ylings wil laat wegvlug . . . Waar sal ek my verberg vir sy aangesig?

En tog kom Hy ook tot ons in sy lieflikheid. In tere ontferming en bewoënheid gaan Hy om met die mensekinders. Hy kom in sagmoedigheid tot ons - sy aanwesigheid beteken vir ons rus en krag en troos. Hy jaag ons nie op nie. Hy dryf ons nie voort nie. Hy lei ons saggies. Hy hou rekening met ons kragte. Hy vra nie te veel van ons nie, sodat ons ook kan byhou. Troos en bemoediging en bewaring is ons deel uit die hand van ons Herder.

In Jes. 40:11 het ons een van die mees sprekende beelde van die Herder en sy kudde: "Hy sal sy kudde laat wei soos 'n herder; Hy sal sy lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei."

Hy het sy hele kudde in die oog. Almal wat aan Hom behoort - in ons teksverband die ganse Israel - is sy kudde wat Hy lei. Hier laat Hy hulle wei. Hulle ontvang weiding - voedsel - uit sy hand. Hy gee oorvloediglik wat ons nodig het. Sy omgang onder ons, in Jesus Christus, die goeie Herder wat sy lewe vir sy skape afgelê het, is die openbaring van God se lieflikheid onder ons. Die skape het 'n Herder - Hy sien om na sy kudde.

Let op sy besondere sorg: "Hy sal sy lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra . . ." Elke skaapwagter weet dat swak lammers opgetel moet word en kraal toe gedra moet word. Die wankelrige beentjies van die pasgebore lammetjie kan nog nie lang afstande loop nie. Só is onse Here, só sagmoedig. 'n Klein mensie is nog veel meer afhanklik van hulp van buite as 'n pasgebore lammetjie. Die goeie Herder sien hulle met bewoënheid. Hy lê sy hand op hulle. Hy dra hulle. Ons kan gerus maar hier baie spesifiek dink aan die kindertjies. God vertrou hulle aan ons toe om hulle in sy Naam aan die bors te dra. Ons kan gerus maar onthou dat die liefdevolle hart van die Herder in sy bors klop. Tereg waarsku Jesus dat ons nie een van hierdie kleintjies moet laat struikel nie. Dit is ons dure verantwoordelikheid.

Maar ook die lammerooie vergeet Hy nie. "Die lammerooie sal Hy saggies lei." Hier het Hy gewis die moeders van sy volk - moeders met klein kindertjies - in die oog. Hy sien spesiaal na hulle om. Hulle ontvang sy besondere aandag en liefdevolle sorg. Hy vermoei hulle nie totdat hulle neerval nie, maar dit is asof ons die stem van die Herder hoor: "Toe maar, wees maar rustig . . . Ek sal jou nie ooreis nie. Ek ken jou behoefte en nood en kommer en lei jou saggies na jou bestemming . . . Hou moed moedertjie - jou Herder is daar. Hy hou die wag."

## *Ons het troos nodig*

Carlyle het die vraag gestel: "Sou al die ministers van finansies en alle handelaars en fabrikante van moderne Europa, verenig in 'n naamlose vennootskap, daarin kan slaag om één enkele skoenmaker gelukkig te maak? Nee - want hy het 'n siel."

Ons het 'n siel en ons siel het troos nodig. Soos Veldkamp dit stel: Oor die aarde weerklink

één dringende roep: "S O S!" - "Save our Souls."

Behoefte aan troos is geen skande nie. Moontlik is daar mense wat nog nooit troos nodig gehad het nie - maar sulke mense is op hulle beste vlugtelinge vir die werklikheid. U en ek het al in die put gesit. Sommige sit meesal daar diep in die eensame donker van die afgrond. Die donker mure sluit om hulle en die knaende swaarmoedigheid slaan maklik oor in wanhoop.

Is 'n mens 'n minderwaardige wese wanneer hy behoefte aan troos ken? Dit is waarlik nie ons swakste lewensure wanneer ons tot sugte en soeke gedwing word nie. Ons het nou eenmaal 'n hart wat moeg kan word. Een of ander tyd kan alles vir jou té veel word en buig jy soos 'n riet onder die aanslae van die stormwaters. Soms lê jy innerlik geknak, soos die riet met sy sierlike pluim in die modder. Soos 'n mens honger na kos en drank, só kan jy ook honger, ja hunker, na geregtigheid en waarheid, na hulp en troos.

Jesus het die armes, die treurendes, die wat honger en dors na die geregtigheid, die wat vervolg en beledig word - al dié soort ellendiges - "salig" genoem. Hulle is gelukkig omdat hulle dan eers waarlik leer insien hoe dit in wese gesteld is met 'n mens op aarde. Eers wanneer ons toegee en erken dat ons magteloos en radeloos is, is die hulp wat ons red naby.

Ek dink aan 'n uitspraak van Adolf Maurer: "Die wêreld bly bestaan, omdat daar mense is, wat die troos van God verwag." In ons dreigende nood verwag ons dit van Amerika en die sogenaamde vrye Weste . . . Dit is alles tevergeefs en 'n gejaag na wind. Eers wanneer menslike planne in duie stort en niemand meer 'n uitweg of moontlikheid sien nie, dan tree God se moontlikhede aan die lig. As ons wanhoop en alles as hopeloos opgee, dan maak God geskiedenis. En dan ontvang ons die troos wat geen sterflike wese ons kan gee nie.

"Maar ek, ek weet my Verlosser leef..."

## *Ons enigste trooster*

Dink gerus weer daaraan: "Want só lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

Die "wêreld" het *sy* troos in God - God Drie-enig. Ons het weer 'n Vader deur Jesus Christus. Hy stuur die Heilige Gees om ons te troos en ewig by ons te bly. Ongelukkig bly die grote wêreld ver weg staan en verwerp dié Troos aan hulle gegee. Om God te vergeet is die ongeluk van die wêreld.

Die grond van alle troos is dat ons Christus kan nasê: "Abba . . . Vader .. ." Ons grootste blydskap as ouers is om ons kindjie te hoor sê: "Mamma . . ." of "Pappa . . ." Dit is eintlik wat die woordjie "Abba . . ." beteken in die mond van die Here Jesus. En soos 'n ouer sy of haar kindjie voorsê, leer Hy ons ook om God aan te spreek as "Onse Vader". En dit is ook die eerste wat ons ons kindertjies moet leer - dat hulle 'n Vader in die hemel het. "Want as ons gedoop word in die Naam van die Vader, dan betuig en verseël God die Vader dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig, ons tot sy kinders en erfgename aanneem, en daarom ons met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van ons wil afweer en ons ten beste wil keer .. ." In sy Naam is u en ek en ons kindertjies gedoop ... Prent dit by hulle in - sonder om ooit moeg te word.

Na Johannes die Doper se geboorte het hy die naam "Johannes" ontvang. U onthou wel dat sy vader, Sagaria, weer kon praat nadat hy die naam opgeskryf het. Die mense was verwonderd en selfs 'n bietjie verskrik oor die dinge. Daarop lees ons in Luk. 1: "En almal wat dit gehoor het, het dit ter harte geneem en gesê: Wat sal tog van hierdie kindjie word?" Só 'n tipiese

vraag vanweë die ongewone wyse van sy geboorte en naamgewing. Maar dan staan daar die allermooiste ding wat van enige kind gesê kan word: "En die hand van die Here was met hom." Pragtig! Hy het 'n Vader gehad wat sy kinderhandjie vasgevat en hom deur die lewe heen geleide gedoen het.

Toe Dawid reeds 'n ou man was, sê hy in Ps. 131: "Waarlik, ek het my siel tot bedaring gebring en stilgemaak; soos 'n gespeende kind by sy moeder, soos 'n gespeende kind is my siel in my." Die hartseer Dawid sien homself soos 'n hartseer kindjie wat skreiend die handjies uitsteek na sy mamma. Sy raap hom op en druk hom aan haar hart en fluister: "Toe maar, my kindjie", en hy word stil.

Dit is ons enigste troos: "Abba, my Vader!" "Toe maar, my kind!"

## *Ons eensames...*

Dit mag insiggewend wees indien ek kortliks wys op 'n reeks besoeke wat ek op één enkele dag gedoen het.

In 'n senuwee-kliniek kla 'n bejaarde weduwee: "My man het gesterwe terwyl hy skaterlag oor 'n grap van 'n vriend. Ek kon dit nie vergeet en nooit verwerk nie. En wie kan die jare van eensaamheid in die woonstel beskrywe? Ek het liewe kinders wat baie vir my oor het, maar hulle het ook hulle werk en huis."

Ek hou stil voor 'n huis in 'n woonbuurt. Toe die motor se deur toeklap, begin die hondjie in die huis blaf. Hy pas sy ounooi op wat alleen bly. Haar liewe man wat haar op die hande gedra het, is verlede jaar oorlede. Hulle enigste seun het ongeveer twintig jaar gelede gesterf in 'n vliegtuigongeluk. Sy self is siek - hart en bloedsuiker. Sy is geheel afhanklik van vriende - en sy is baie siek...

Die volgende is 'n stil klein weduweetjie wat nie dikwels kla nie. Vanmiddag is daar trane: "Ek weet ook nie waarom ek die laaste tyd so baie huil nie. Ek verlang tog só na Neelsie. Hy het só uitgesien na die vyftigjarige herdenking van ons huwelik, maar kon dit nie belewe nie. My kinders kom die laaste tyd ook minder by my, want hulle het 'n televisiestel gekoop."

Die volgende is 'n tannie van sewentig wat nooit getroud is nie. Ek is aangegryp deur wat sy aan my vertel het en deur wat ek aanskou het.

Só is hulle gestrooi in ons stad. In woonstelletjies, losieshuise, kamers en ouetehuise tref jy hulle aan. Dié eensame vroue - weduwees en geskeides en dié wat nooit die voorreg gesmaak het om aan 'n wederhelf te behoort nie. Ons sien hulle, maar wie weet van hulle eensame dae en veral - nagte. Eenkeer is 'n lidmaat van my gemeente se vrou oorlede. Hy het weer getrou. Toe ek die eerste keer besoek aflê by hom en sy nuwe vrou, het sy iets aan my gesê wat ek nooit kan vergeet nie: "Ek is só bly dat ek nie meer alleen is nie. Ek kry die weduwees tog só jammer, dominee. Dit is 'n eensame en moeilike bestaan."

As ek dink aan die dankbaarheid oor my kort besoekies - eintlik ook maar afskeepbesoekies, want jy moet verder - dan kan ek nie help om te dink aan die beker koue water in die Naam van die Here nie.

Gelukkig is daar ook die ander soort weduwees en mense wat alleen is, sonder om te vereensaam. Só 'n mens was Deborah in ons gemeente. Sy wou nooit hê dat ek haar "Tannie Deborah" noem nie. Sy het haar eensaamheid verdryf deur ander eensames se lewe te veraangenaam. Ek dink ook aan Gerrie, wat nooit getrou het nie, maar wie se hart en hand liefde uitstrooi waar sy kom.

Gelukkig weet ons ook van 'n Vader in die hemele, wat die eensames en weduwees gedenk.

As ons tog ook maar leer om hulle te onthou en te verdra, as hulle miskien na ons sin te veel kla en te veeleisend is.

## *Die vrou van die alkoholis*

"Ek het my man baie lief. Maar as hy begin drink, haat ek hom. Eintlik haat ek daardie ding in hom. Dan is hy afskuwelik - lelik - veragtelik. As hy weer op 'n dag sê: 'Ek los nou die drank. Dit is net gemors', dan leef ek weer. Ek sny my grasperk en maak my huis aan die kant en sorg vir hom en pas hom op - as hy tog maar net nie weer begin nie! Kan jy begryp wat dit beteken dat die ewige skaduwee oor ons huis hang? "

Sy is een van hulle - die vroue wat ek nog in elke gemeente wat ek bedien het, aangetref het. Soms is hulle minder, soms meer. Altyd is daar die bose, bose kringloop. Die bottel word weggegooi en alles lyk mooi. Soms kan dit vir 'n lang tydperk goed gaan en dan begin dit weer van vooraf aan. Gewoonlik word die tussenposes van nugterheid minder. Die nat periodes volg korter op mekaar en hou langer aan. By hulle dink ek dikwels aan die Psalmwoord: "hul stap op 'n donker afgrond aan".

"Ons kry nie meer kuiermense nie. Selfs ons familie vermy ons. En die kinders word groot. Ons dogters pleit altyd dat ek tog moet sorg dat Pa nie in die sitkamer kom, wanneer hulle vriende kom kuier nie. Die seun is weer skaam om sy vriendin huis toe te bring. En ek . . . ek voel baie dae dat ek nie meer kan nie. Waarom bly ek nog by hom? Ag ek weet nie. Miskien is ek jammer vir hom. Dit kan ook wees dat ek bang is *om* hom te verlaat, omdat ek dan egbreuk pleeg . . . Maar, Dominee, is dit nog 'n huwelik waar dit só gaan? Ons kan nie meer Bybel lees en bid nie. Ons leef soos katte en honde in hierdie huis."

"Waarom het ek met hom getrou? Ja, hy het soms gedrink - soms selfs te veel, maar ek het gedink dat ek hom sal regkry as ons eers getroud is. Dit het egter baie erger geword na ons troue. Die ergste is dat hy my dikwels die skuld gee dat hy sy toevlug tot die drank neem..."

In u omgewing is daar moontlik ook één, of 'n paar sulke vroue. Hulle is vereensaamde mense wat skaam en bang geword het vir hulle medemense. Gaan bied aan een van hulle 'n beker koue water in die Naam van u Meester. U wat nie sulke dinge gewoond is nie, sal dit moeilik vind om só 'n atmosfeer binne te tree, maar doen dit gou en bied 'n suster in nood u hand van steun en vriendskap. Onder die vroue van die alkoholiste is pragmense wat hulle Here waarlik liefhet en hulle kinders in die kerk grootmaak. Hulle is in baie opsigte heldinne en moontlik selfs martelare.

## *Hoe moet 'n Christen siek wees?*

"Ek ken 'n Meester, groter as Michelangelo: God. Sy marmer is die mens, sy beitel die smart. En wanneer ek baie ly en dit vir my is asof ek nie kan volhou nie, dan sê ek by myself: Die Meester is aan die werk. Hy wil my mooier, beter maak. Ek dank U, my God!"

Hierdie uitspraak is van Adele Kamm wat op 21-jarige leeftyd siek geword het en in 1911 oorlede is na jare van onuitspreeklike lyding.

Siekte en nood omsingel jou en keer jou vas van binne en van buite. Dit val jou aan op alle moontlike fronte. Vir my lyk die allerswaarste van 'n groot siekbed is die gevoel van nutteloosheid. Ek kan myself nie meer help nie en is van geen nut meer nie. Dat jou lewe sin en betekenis het, maak 'n mens tog mens. Daaruit blyk dat jy anders as 'n dier is. En nou is ek opsy geskuif - ek het geen taak meer nie. Dit is verydeling.

En tog is dit nie werklik só nie. Nou het jy werk om te doen. Nou staan jy ook in 'n roeping. Dit is veel makliker om ligvoets en kragtig jou gang te gaan en te doen wat jy graag wil, as

om die wil van God te doen wanneer dit vir jou moeilik is. Jy is immers 'n Christen wat agter Jesus moet aanloop. Dit beteken dat jy jouself moet verloën, jou kruis opneem en jou Heiland volg. Maklik? Nee, gewis nie. En tog is dit sinvol om te weet dat die Here my ook nou gebruik.

Hier kom nog by: "En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk . . ." (Rom. 8). In Jes. 49 sê die Here aan sy volk wat kwyn in die Babiloniese ballingskap: "Ek het jou in die handpalms gegraveer; jou mure is gedurig voor My." Dink daaraan dat God Sion se mure - en daarmee sy volk of kinders se name - graveer in sy handpalms. 'n Mens werk met jou hande. As God werk, sien Hy in sy werkende hande altyd sy volk - Hy werk met die oog op sy volk. Selfs in die geskiedenis van die nasies en volkere het Hy sy volk altyd in gedagte.

En wanneer sy volk in geheel of elkeen afsonderlik dan pyn en smarte moet deurmaak, weet hulle dat Hy besig is om aan hulle goed te doen. In Babel is drie manne deur Nebukadneser in die vuuroond gegooi - hande en voete vasgebind. Hulle kom ongedeerd daar uit. En tog het iets gebrand - die boeie waarmee hulle vasgeboei was, is losgebrand. Is daar nie ook dikwels boeie wat moet losbrand by ons nie? Of is daar geen verkeerde bande wat u knel en vashou nie?

## *Die regte middelpunt*

Sedert die tyd van vader Copernicus weet ons dat die son die middelpunt van ons sonnestelsel is. En tog sê ons nog: "Die son kom op . . ." en "Die son gaan onder . . ." En dan lyk dit ook vir ons so volgens ons sintuiglike waarneming. Dit lyk werklik of die son om die aarde draai sodat die aarde die middelpunt van die sonnestelsel is. Dit is selfs so asof ook die ander planete om die aarde wentel. Ons kan selfs verder redeneer. Daar is miljoene sterrestelsels in die heelal en kyk 'n mens in 'n donker nag (waar geen straatligte hinder nie) die ruimte in, dan lyk dit asof al die ontelbare sterre rondom die aarde beweeg.

Vir ons is die volgorde van dinge derhalwe eintlik relatief. Van my wêreldjie is ek die middelpunt en vanuit my oogpunt sien ek die wêreld. Dit val my op hoe ek - en seker ander predikante ook - deesdae meer gereeld en ernstig bid vir mense wat verdruk word ter wille van hulle geloof. Waarom? Sekerlik nie omdat daar nie al vir jare behoefte was aan voorbidding vir die miljoene verdruktes in Rusland en Oos-Europa en China, ens. nie. Nee, die rede is dat die soort nood nou vir my en my volk en my kerk aktueel geword het. Dit kom nou nader aan die middelpunt: "Ek". Dit klop nou aan my eie deur - dan dink ek om des gewetens wille ook aan andere wat lankal die werklikheid van die nood ondervind.

Dit sou gewis 'n eersterangse chaos veroorsaak as die ou aardetjie waarop ons woon, sou eis dat die son voortaan rondom hom beweeg. Is dit minder vreemd dat mense van oordeel is dat die Son aan die hemel hom na ons wense moet skik en rig? Mense twis selfs daaroor of daar 'n God is. Net asof 'n mens die son aan die hemel kan wegredeneer! Nog veel erger is dit dat ons wat Hom bely, Hom wegskuif na die rand van ons hart en self die troon bestyg en dan dikteer wat ons van Hom verwag. Net asof Hy nie goed genoeg weet wat vir ons goed is en waarheen Hy die wêreld in sy wysheid lei nie?

Die Here Jesus plaas die dinge in die regte volgorde wanneer Hy ons leer om te bid: "Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word . . ." Daar het u die middelpunt van ons lewe. God wil op die troon wees. Hy wil die middelpunt van u lewe wees, soos Hy die grond en oorsprong van die heelal is. Maar dan voeg Jesus by: "Laat u wil geskied ..." Klim af van die troon en buig ootmoedig voor Hom en vra na sy wil. Die lewe word angstig en benoud waar die hoofsaak bysaak word en andersom. Eers Hy - dan ek . .. Dan gaan dit ook met my goed.

## *Angs vir die stilte...?*

Die afgelope jaar of wat het dinge in die wêreld teen versnelde tempo begin plaasvind. Dit is dinge wat ons bang maak. Die val van Portugal; die oorgawe van Mosambiek aan die Kommunistiese bewind van Frelimo; onrus en moontlike anargie in Angola . . . Dit het op dramatiese wyse die magte van die rewolusie op ons grense gebring. Dink daarbenewens aan die val van Suid-Viëtnam waar Amerikaanse aktiewe deelname die voortrollende Kommunistiese masjien nie kon stuit nie. En nou Mosambiek en Angola.

Nog meer onrusbarend is die versnelde proses van geestelike en morele aftakeling van die sogenaamde "Vrye Wêreld". Ons is miskien wel nog vry van die tirannie van die Kommunisme, maar gewis nie vry van die tirannie van die duiwel nie. Indien ons erfenis in die hande van mense gelaat sou word, wag daar gewis vir ons kinders en kleinkinders geen rooskleurige toekoms nie. Die "Vrye Weste" sal soos 'n ryp vrug in die skoot van die bose magte van die rewolusie val.

Te midde van die ernstige gebeure kan Christene soms hulle kragte verspil met beuselagtighede. Ons is gesteld op ons kleinburgerlike eer en aansien en kan breed en belangrik uitwy oor geld en goed, klere en motors en huise en meubels. Intussen word miljoene mense verslaaf deur bose magte. Ons sit op 'n vulkaan maar sluit ons oë daarvoor. Ons stel die dag van onheil veraf - trek die setel van geweld nader - lê op bedde van ivoor en strek ons uit op ons rusbanke - eet die lammers van die kleinvee en slag die kalwers van die stal - sing liedjies met begeleiding van die harp - drink ons skemerkelkies en gebruik die beste soorte olie om ons te salf - en bekommer ons nie oor die verbreking van die dogter van ons volk nie . . . (Amos),

Ons skakel die televisie aan en ons sitkamer word die verlengstuk van die fliek, bondgenoot van die skouburg en die gedruis van die veraf wêreld dreun ons huise binne. Uitbundig verheug ons ons daaroor, want noudat ons in die verte kan sien, hoef ons nie meer na binne te sien nie (Veldkamp). Hoe minder van die stilte van die binnekamer, hoe lekkerder is die lewe. Die binnekamer laat ons sien wat onder die oppervlakte lê, en dit wil ons nie. Die angs van die mens word nie veroorsaak deur die rumoer nie, maar deur die stilte.

"Here, HERE, vergeef tog, want ons is klein!"

# Die Kruiswoorde

## *Vader vergeef hulle*

"Vader vergeef hulle..."

Wanneer Jesus praat, openbaar Hy wat in sy hart omgaan. Ons mense kan anders wees. Ons kan die gedagtes van ons hart verberg en iets anders oor ons lippe laat kom. Hy kán nie. Hy sê wat in sy hart omgaan.

Jesus is gekruisig. Die soldate is moontlik nog besig om spykers in te slaan. Hy voel die pyn wat brand. Hy hoor die hamerslae. Hy sien en hoor die menigte en die owerstes wat skreeu en spot. En sy hart wil breek - en dit breek in liefde. En die liefde kom tot uiting oor sy lippe in die gebed: "Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."

Jesus is gekruisig.

Deur wie? Vir wie?

Deur mense en vir mense.

En wie is die mense?

En die spotters wat skreeu: "As U die Christus is, kom af van die kruis!"

En die owerstes wat hoon: "Ander het Hy verlos, laat Hy Homself verlos."

En Pontius Pilatus wat sy hande in onskuld was en Hom oorgee om gekruisig te word.

Vir hulle breek sy hart aan die kruis: "Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."

Hulle weet wat hulle doen...

Hulle veroordeel en kruisig 'n onskuldige mens. Dit weet hulle.

Hulle weet nie Wie Hy is nie.

Anders - sou hulle kón? Die klag uitskreeu en die vonnis vel en die hamer optel? Sou hulle...?

Ja, hulle weet nie wat hulle doen nie.

"Vader vergeef..."

"Vergeef, ter wille van my bloed wat uit die wonde vloei.

"Vergeef, ter wille van die soenoffer wat Ek bring..."

Ja, dit is waar. Hy bring die offer en die Vader weet dit.

Maar dit weet hulle - die beuls - ook nie.

Hulle weet nie dat Hy die één Middelaar tussen God en die mens is nie.

Hulle weet nie dat hulle nou besig is om hulle enigste soenoffer te slag nie, Daarom: "Vader vergeef, want hulle weet nie wat hulle doen nie."

En ons? Jy en ek?

Hy sien die hamer in my hand.

Hy sien die toorngloed in my oog.

Hy merk die haat in my hart.

Hy hoor my skreeu en raas.

Teen wie?

Die hamer wat op die kop van my vyand neerkom?

Die toorn en die haat teen terroris en Kommunis ...?

Selfs erger - teen my broer en suster...?

En Hy bid: "Vader, vergeef hom, want hy weet nie wat hy doen nie."

"Hy is opnuut besig om My te kruisig."

"Bid vir julle vyande...

"Doen goed aan die wat vir julle haat..."

"Wie...ek?"

"Ja... jy.

"Ek het vir jou gebid.

"Ek is vir jou geslag."

## *Vrou, daar is u seun*

"Vrou, daar is u seun .. .!

Seun, daar is jou moeder ...!"

Jesus van Násaret, die Seun van Maria, word gekruisig. Hy is die "Man van Smarte" op sy "via dolorosa".

Aan die voet van die kruis staan 'n vrou - 'n moeder. Sy moeder...

'n Engel het die tyding gebring. Die blye tyding.

"Jy sal swanger word, en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem...

Die Heilige Gees sal oor jou kom

en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu...

Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word ..."

En Maria sing:

"Van nou af sal hul roem:

hul sal my salig noem..." Gelukkige vrou.

Sy leef met die geheim in haar hart en die geheimenis in haar liggaam... 'n Ander boodskapper kom haar teë. Die oue Simeon in die tempel. Hy neem die Kindjie in sy arms, en hy sing sy lied :

> "Neem nou maar, Heer, u kneg,
> na u belofte weg,
> en laat hom gaan in vrede -
> nou hy die saal'ge dag,
> só lank deur hom verwag,
> gesien het op sy bede..."

En dan praat die salige grysaard met haar, sy moeder: "Die Kind is bestem tot 'n val en

opstanding... Tot 'n teken wat weerspreek sal word ... 'n swaard sal deur jou eie siel gaan." Maria is die moeder van die Man van smarte. Sy word "die moeder van smarte". En nou staan sy by sy kruis. En die swaard klief deur haar siel. En sy is maar net 'n dogter van Eva. Sy kan nie verder nie.

Haar moederhart kan nie meer verduur nie. Maar dit is nie al nie.

"Hy sal sy volk van hulle sondes verlos", só het die engel vir Josef gesê. En nou...?

Nou sterf Hy die dood van 'n misdadiger - 'n uitgeworpene - 'n vervloekte aan die vloekhout.

Die swaard deur haar siel doen sy moordende werk. Sy weet nie meer nie. En sy kan nie meer nie. Maar Hy is wat Hy is.

Hy het gekom om ellendiges te red en sondaars te behou - ook sy moeder. "Vrou, daar is u seun."

Hy sien my... Hy dink aan my... Hy voorsien in my behoefte. Hy is my Saligmaker. "Seun, daar is jou moeder..."

Ook Johannes, die dissipel wat Jesus liefgehad het, staan by die kruis.

Ook sy hart is stukkend.

Hy is die man van liefde. Dit is die tema waaroor hy" skryf.

Lief de is die oë waarmee hy kyk.

Liefde is die voete waarmee hy loop en die hande waarmee hy gee.

Daarom was hy vir Jesus meer as 'n dissipel.

Hy was sy vriend wat aan sy bors gelê het.

En nou staan hy by die kruis van Jesus met sy groot liefde.

Wie gaan nou die oorvloed van sy liefde ontvang?

"Johannes, Ek ken jou behoefte. Jou nood is om liefde te kan gee. Ek gaan weg, maar Ek gee Myself aan jou terug in my moeder. Neem haar... in my plek."

"Ek het honger gehad en julle het my te ete gegee . . . Vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit ook aan My gedoen."

## *Vandag sal jy saam met my in die paradys wees*

"... vandag sal jy saam met My in die Paradys wees"

"Aan 'n moord'naar, haas verlore,
word die hoogste guns bewys..."

Ja, die hoogste guns aan 'n moordenaar. Hy was 'n kwaaddoener of rower - 'n gewoontemisdadiger. Misdaad was sy bedryf - sy leeftog. Hy het argelose reisigers onverhoeds oorval. Hulle goed begeer hy en hulle bloed ag hy goedkoop. En nou hang hy aan die kruis. Dit is sy verdiende loon. Saam met hom krul ook sy misdaadmakker. En tussen hulle hang Jesus van Násaret: "Die Koning van die Jode..." 'n Vervloekte spotkoning wat sterf aan die vloekhout. Hy sterf saam met hulle. Hy word as 'n misdadiger gereken. En "Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor."

'n Kwaaddoener handhaaf sy "eer" - hy spot saam met die gepeupel en die owerstes van kerk en volk. Hy verhoog homself in eie oë deur die Man van smarte te verneder: "As U die Christus is, verlos Uself en ons!"

'n Misdadiger lag vir 'n magtelose Christus. En hy voel beter in sy galgehumor. Hy voel hom één met "almal wat ook so sê en doen". Hy is nie uit pas nie. En die goeie Meester wat liefde en genade uitstrooi, is nie beter as hy, die kwaaddoener, nie. "Nou hang Hy ook maar, soos ek, magteloos aan die kruis. Soos ek, is Hy ook nie in staat om die dood te ontvlug nie. Ja, waar is nou sy vroom woorde en mooi dade."

Die sterwende kwaaddoener sterwe soos hy gelewe het.

Vreeslik...

Ook die ander misdadiger begin praat. Sal ook hy saam spot?

Nee, hier gebeur 'n wonder.

'n Blinde se oë is geopen.

Hy was blind en nou sien hy.

En hy doen drie dinge: Hy erken sy sonde en vermaan en bid.

"Vrees jy ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? - ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons dade, maar hy het niks verkeerds gedoen nie."

Knoop gerus jou vermaning en belydenis vas aan mekaar.

Moenie teregwys sonder om jou eie sonde te bely nie. "Ek is net so skuldig as jy... Ek verdien saam met jou die oordeel."

Hier het ons twee kwaaddoeners aan die kruis:

Die één vind die dood ...

Die ander vind die lewe.

En dan bid hy: "Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom!"

Hy het sy skuld bely: ". . . ons ontvang die verdiende loon vir ons dade."

Hy het sy lig laat skyn: "Vrees jy ook God nie?"

Hy het sy geloof geopenbaar - en behou.

In die geloof sien hy die pad na die koninkryk - en hy haas hom daarheen - voordat dit vir ewig te laat is.

"Dink aan my Here..."

Hoe kan dit dan anders? Só 'n gebed word deur God verhoor.

> "Aan 'n moord'naar haas verlore,
> word die hoogste guns bewys:
> Hede sal jy met My saamwees,
> in die vredesparadys."

"... so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.
Twee sal op die land wees;
die één word aangeneem en die ander word verlaat.
Twee vroue sal by die meul maal;
die één word aangeneem en die ander word verlaat."

Twee kwaaddoeners hang aan die kruis;

die één word aangeneem en die ander word verlaat.

U is die Christus...

As U die Christus is ...

Geloof!

Of ongeloof!

## *My God, my God, waarom het U my verlaat?*

"My God, my God, waarom het U My verlaat?"

Waarom...? Waarom ...? Waarom ...?

Hoor jy dit?

Die roep van 'n mensdom vasgevang in die radelose vraagteken van lewe en dood?

Waarom . . .? Radeloos en moedverlore by die ashoop van jou ideale...

Waarom...? Bitter en opstandig met die vuis teen die hemel...

Waarom...? 'n Kind met betraande oë wat verlangend soek...

En die volk van God? Die kind van die Here?

Waarom is my weg vir die HERE verborge?

Waarom gaan my reg by my God verby?

Waarom het U my verlaat?

Waarom het U my vergeet?

Waarom word ek die hele dag geslaan en is my tugtiging elke môre weer daar?

En al die waaroms verbleek teenoor die één verskriklike waarom?

Dit is die waarom uit die mond van die Seun van God.

Dit kom vanaf die kruis - die vraagteken van alle vraagtekens.

En dit is die antwoord op alle waaroms.

In hierdie roep is die waaroms van die radelose mensdom opgevang en saamgepers.

"My God, my God, waarom het U my verlaat?"

Glo jy in die hel?

Dit is die plek van Godverlatenheid - die put van die afgrond, die onderwêreld - waar die vuur nie uitgeblus word en die wurm nie sterf nie.

Dit is die plek van die ewige dood - waar mense sterf om nimmer klaar te kry met die doodsroggel en sterwensangs nie. Hier smeek hulle na 'n druppel water om hulle tong te verkoel, wat in hulle lewe die Water van die lewe verag het. Hulle wou nie luister na Moses en die profete nie.

En nou is hulle vir ewig van God verlate.

Ook Hy is daarheen verwys - na die dood, die ewige dood - die plek van Godverlatenheid.

En Hy is die heilige Kind van God.

Maar Hy is ook die Seun van die mens. Hy is ook Kind van Adam. En Adam het gehoor: "Die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe."

Adam het geëet.

En die dood tree in.

Hy is dood in sonde en misdade...

En hy keer terug tot stof... en dan?

Dan die oordeel - die ewige dood in die helse vuur.

Daarom is ook Hy daarheen verwys - die Seun van die mens - die Middelaar tussen God en die mense...

Hy ly smarte in die vlam en Hy smaak die verlatenheid van die hel.

Hy is waar God se guns en goedheid en nabyheid weg - weg - weg is.

Dit pers die waarom uit sy hart en dit skeur deur die donker lug van Golgota:

"My God, my God, waarom het U my verlaat?"

Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom.

Hy het vir ons die helse smarte gedra.

Kyk, ek is te gering. Wat kan ek u antwoord?

Ek lê my hand op my mond.

Só het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie.

Hoor tog, en ek sal spreek; ek sal U ondervra en onderrig U my!

Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog u gesien.

Het ek Hom gesien?

Ja, ek het Hom gesien - die Man van smarte wat deur God verlate is.

En ek swyg.

En lê my "waaroms" aan die voet van sy kruis.

Waarom, my Here en my God, is U só goed vir my?

## *Ek het dors!*

"Ek het dors!"

Só roep die Man van smarte.

Hy is liggaamlik uitgeput - die einde nader vinnig.

En wat lê nie alles agter nie?

Wanneer het Hy laas iets oor sy lippe gehad? Moontlik was dit aan die Paasmaal, toe Hy die heilige Nagmaal ingestel het. Dit is nou ruim sestien uur gelede.

En Hy is 'n mens - Hy het 'n ware menslike liggaam.

Sy liggaam is uitgeput en van binne uitgedroog. Vir die afgelope ses uur verloor Hy strome bloed. En Hy ly bitterlik aan wondkoors. Dit, sê 'n geneesheer, was die bitterste deel van sy lyding.

Voeg daarby die helse benoudheid en pyn. Die afgelope drie uur het die aarde genadiglik 'n

donker sluier daaroor getrek in die duisternis wat oor Hom toegesak het.

Dit is nou verby. "Hierna, omdat Hy geweet het dat alles al volbring was - sodat die Skrif vervul sou word - het Jesus gesê: "Ek het dors! "

Nou kan Hy, soos die getroue soldaat, aan Homself dink. Die vegter tel nie in die stryd sy wonde nie. Hy dink nie dan aan sy eie behoefte nie. Hy vergeet sy dors. Dit gaan om lewe en dood.

Maar nou is dit verby.

En tog is Hy nog nie heeltemal klaar nie.

Hy moet nog sy evangelie verkondig. Hy moet nog sy kruisdood verklaar. Hy moet nog met luide stem uitroep: "Dit is volbring!"

En daartoe het sy afgetakelde liggaam krag nodig.

Dit moet duidelik gehoor word. Daarom roep Hy nou: "Ek het dors!"

Hy het dors.

En Hy is self die Fontein van die lewende water. Uit Hom vloei die strome in die dorsland. En die woestyn word beklee met lelies. "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!"

En nou het Hy dors.

Hy, die Fontein van die lewende water, Hy het dors.

Hy het dors gehad om ons dors te kan les.

O, almal wat dors het, kom na die waters.

"En die Gees en die bruid sê Kom!

En laat hom wat hoor, sê: Kom!

En laat hom wat dors het, kom;

en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, VERNIET."

Ja, sonder prys en sonder geld - wyn en melk.

Verniet, omdat Hy klaar betaal het - nie met goud of silwer nie - maar met sy kosbare bloed.

Hy het betaal met sy dors aan die kruis.

Om ons dors te les - vir ewig.

"Elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in Hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe."

"Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."

Hy het dors gehad, opdat fonteine kan uitbreek in die dorsland.

En die fontein eis?

Elkeen wat in Hom glo. Elkeen wat glo in Jesus Christus wat geroep het: "Ek het dors!"

En dorstiges kom en drink - by Hom.

En by jou? En by my?

Fonteinwater - lopende water - strome wat vloei...

Strome van liefde - dit stroom uit Hom en deur ons en ruis na die dorstiges - uit ons binneste.

Wonder bo wonder - jy is 'n fontein.

En mense laaf hulle en les hulle dors.

Aan jou lippe... Woorde van verkwikking vloei uit jou mond.

En uit jou hande... 'n Beker koue water vir die dorstige.

En jou voete - hulle ken die pad deur die woestyn na die woonplek van die dorstige.

## *Dit is volbring*

"Dit is volbring!"

Dit is die mooiste uitroep vanaf die kruis.

Nooit sedert die skepping tot aan die voleinding was daar ooit, of sal daar ooit weer, só 'n heerlike woord uitgespreek word nie.

Aan die begin lees ons: "... dit was baie goed..."

Die hele skepping was goed - die hemel en die aarde - die plante en die diere. Dit was goed en mooi en heerlik. Dit kom uit die hand van die alwyse Skepper.

En ook die mens was baie goed.

Hy het 'n goeie verstand gehad om sy Skepper te ken. Hy was ook gemaak om te heers as die kroon van God se skepping.

Hy het 'n goeie hart gehad - hy het God liefgehad en hy kon sy medemens liefhê soos homself.

Maar ook sy hande was goed - hy kon werk vir God en sy medemens. Hy is geskape om te heers, maar ook om te dien.

"Dit was baie goed."

Maar dit het nie goed gebly nie, want die mens het sleg geword. Toe word alles sleg. En die vloek van God daal neer op die mens en op die skepping. Die mens het geheul met Satan en was ontrou aan sy Skepper.

En sedertdien sug die mens - en die hele skepping sug asof in barensnood. Daar is moeite en verdriet en eindelik die dood - tot in sy volheid in die ewige dood, waar die wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie. Sugtend, strydend, lydend en verlangend gaan die worsteling van die eeue voort.

Daarom moes daar 'n krip wees...

Die krip waarin die Kindjie van Maria gelê het, wat ook die Seun van God is.

Daarom is daar nou 'n kruis.

En vanaf die kruis word hemel en aarde ontroer deur die uitroep:

"DIT IS VOLBRING!"

"Teteléstai!" Net een Griekse woord omspan die eeue.

En wat is nie alles volbring nie?

Alles wat in die heilige evangelie beloof is...

wat God self eers in die Paradys geopenbaar het...

en daarna deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig het . . .

en deur die offerandes en ander seremonies van die Wet vooraf afgebeeld is...

en eindelik deur sy eniggebore Seun vervul is...

Dit is volbring.

Dit alles is volbring.

En die engele sing.

En aanstons gaan Hy terug na die hemel vanwaar Hy gekom het.

En Hy ontvang die boek van God se raadsbesluit.

Hy breek die sewe seëls een na die ander oop.

En die geskiedenis rol na sy einde - die voleinding.

Dan galm daar weer 'n roep deur die ruimtes van hemel en aarde:

"DIT IS VERBY!"

"Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde."

En die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees;

en God self sal by hulle wees as hulle God.

En God sal al die trane van hulle oë af vee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie.

Want die eerste dinge het verbygegaan.

Dit was baie goed -

Dit is volbring -

Dit is verby.

So word die ewige raad van God vervul.

En so kom ook ons op ons bestemming, want ons Heiland het vir ons volbring.

## *Vader, in u hande gee ek my gees oor*

"Vader, in u hande gee Ek my gees oor." Dit is die einde. Hy blaas sy asem uit en - dit is verby. Die omstanders by die sterfbed is stil - eerbiedig stil. Nog huiwer die laaste woord van die sterwende in die lug. Soos 'n kosbare kleinood koester dierbares dit in hulle hart. 'n Normale sterfbed.

Hy het egter geen sterf bed nie.

Hy lê nie in 'n stil kamer omring deur sy dierbares nie.

Hy hang aan die kruis.

Maar gelukkig kon Hy pas vantevore uitroep: "Dit is volbring."

En nou?

Die hemel is nie meer toe nie.

Die duisternis van die hel het gewyk.

Die Satan en sy engele het in ontsetting weggevlug.

Ligtende engele nader - ry op ry.

Die kruis - die vloekhout, sy sterfhout -

die kruis is nog daar en Hy hang daaraan as uitgeworpene.

Maar die kruis word nou sy oorwinningstuig.

Hy het die sonde en die hel oorwin.

En Hy rys as oorwinnaar die hemelse glorie binne.

Met sy buit.

"Vader, in u hande gee Ek my gees oor."

Maar, moet Hy, die Vors van die lewe, dan dood?

"Wie in My glo sal lewe, al het hy gesterwe."

Tot drie maal toe het hy 'n dooie teruggeroep - selfs uit die graf, toe die liggaam al besig was om te ontbind.

En nou, moet Hy ook dood?

Ja, Hy moet die dood in.

Hy moet, omdat die dood die straf op jou en my sonde is.

"Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom.

Wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes?"

En tog - sy lewe word nie van Hom afgeneem nie.

Hy sterf nie - Hy lê sy lewe af.

"Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem."

Hy sterf as Koning - Hy is Here ook van die dood.

"Vader, in u hande gee Ek my gees oor!"

En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit.

"En toen Hy dat gezegd had, gaf Hij den geest" (Nederlandse vertaling).

Asem en gees is in Grieks dieselfde woord.

Die asem gaan uit die liggaam - die gees gaan na die hande van sy Vader.

Hy gee sy gees af aan sy Vader en sy liggaam bly agter om na die graf gedra te word.

Hy doen wat Hy wil doen en Hy gee sy gees in die hande van sy Vader.

Hy doen dit vry willig omdat Hy ons liefhet.

"Gedenk o Heer, hoe swak ek is, hoe kort van duur; hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur.

Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie?

Geeneen wat teen die mag sy lewe kan behou nie."

Hy kón - Hy is die enigste wat dit kon.

Hy kón sy lewe teen dié mag behou.

Maar dan sou die dood ons - vir jou en vir my - vir ewig in sy verskrikking behou.

Gedring deur dié sondaarsliefde gee Hy sy gees - Hy lê sy lewe af.

En dan?

Ons dood is geen straf op ons sondes nie, maar alleen 'n afsterwing van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe.

Dood, waar is jou angel?

Doderyk, waar is jou oorwinning?

# Die Samaritaanse vrou

## *Hy moes deur Samaria gaan*

'n Mens verwonder jou altyd opnuut oor watter soort mense in die Bybel tot geloofshelde en -heldinne verhef word. Ons sou nie só kies nie. Wanneer ons 'n mens benader is sy of haar afkoms - en dikwels ook voorkoms - en reputasie vir ons van groot belang. Dit is net die vreemde en onverklaarbare liefde van God - gegrond in sy ewige uitverkiesing - wat só kan optree.

Dink aan hierdie vrou. Wanneer ons praat van die "Samaritaanse vrou", weet elkeen wat die Bybel enigsins ken, wie ons bedoel. Haar geskiedenis het vir ons iets van 'n idilliese inslag. Oor só 'n verhaal maak 'n skrywer graag 'n storie. Dit gryp jou verbeelding aan.

Ons moet egter altyd goed onthou dat sy - die Samaritaanse vrou - nie die middelpunt van hierdie verhaal is nie. Dit is Jesus van Násaret, wat hier sy heerlikheid openbaar as die Christus - van Jode en Samaritane en heidene - dit is Hy wat sy hand uitsteek en 'n verlore mens kan uitroep: "Verlos en nie verlore!"

Jesus is op reis vanaf Jerusalem na Galilea. Normaalweg reis die Jode nie deur Samaria nie. Hulle volg 'n lang omweg - oos van die Jordaan - om hierdie "onrein" volk te vermy. Die Jode meng nie met die Samaritane nie. Dit is daarom opmerklik dat die evangelie-skrywer Johannes sê: "Hy MOES deur Samaria gaan ..." Dit is 'n vreemde "moet", veral vir 'n Jood . . . 'n Mens moet moontlik nie te veel waarde aan die "moet" heg nie. Ek sou egter met vrymoedigheid kon sê dat Jesus graag deur Samaria wou gaan, omdat Hy Hom daar wou bekendstel as die Messias.

Dan tref ons Jesus aan buite die dorpie Sigar, by die put van Jakob. Die dissipels het in die dorp kos gaan koop. Hy sit daar en wag vir sy dissipels. Hy rus 'n bietjie.

Jesus rus. Hy wag vir sy dissipels. Hy is moeg en honger - daarom sit Hy hier. En tog sê Hy later aan sy dissipels: "Ek het voedsel om te eet waarvan julle nie weet nie" - toe hulle aandring dat Hy moet eet. En dan voeg Hy daarby: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring..."

Ons kan hieruit aflei dat Jesus eintlik hier by die Jakobsbron gesit en wag het om 'n ander rede. Hy het gewag om die wil van sy Vader te kan doen. Hy het gewag op "iemand" om Homself as die Christus bekend te stel - die Verlosser van sondaars. Jesus wag hier vir 'n sondaar om te kom. Hy wag haar in - die Samaritaanse vrou.

Só is Hy ons Heiland. Dit is sy voedsel om te soek en te red dié wat verlore is. Hy wag hulle in - op enige plek en onder enige omstandigheid. Jesus wag!

## *Gee vir My water om te drink*

Jesus sit by die Jakobsbron buite Sigar in Samaria en wag op sy dissipels. Daar kom 'n vrou aan om water te haal. Jesus sê vir haar: "Gee vir My water om te drink."

Ons sien Hom, die vermoeide reisiger, wat op die bepaalde dag 'n hele aantal kilometers te voet afgelê het. Hy is moeg en vanselfsprekend dors ook. Hy lê dus eerlik sy behoefte aan die vrou voor: "Gee vir My water om te drink." Dit is egter tog opmerklik dat ons nêrens lees dat sy daadwerklik aan Hom die water gegee het nie. Ons kan, ook met die oog op wat volg, gerus aflei dat Jesus die vraag gestel het hoofsaaklik met 'n ander doel.

Jesus het werk. Hy is besig met die werk van sy Vader. Hy openbaar Homself as Verlosser

van die wêreld. Daarom knoop Hy met die verlore vrou 'n gesprek aan. Maar Hy doen dit deur die vraag. Hy nader haar as die "behoeftige", terwyl sy in werklikheid die behoeftige is.

Nou neem 'n mens se gedagtes spronge. Jy loop selfs gevaar om te veel hieruit af te lei. Jy dink aan Jesus as die "Behoeftige". En dan onthou jy dat Hyself gepraat het van 'n beker koue water in sy Naam aan een van hierdie geringstes. En sy toepassing is: "Vir sover julle dit gedoen het aan een van hierdie geringstes, het julle dit aan My gedoen."

Hy kom ons teë in die gestalte van die behoeftige mens wat vra: "Gee vir my water om te drink." "Gee vir my kos en klere." In een van my vorige gemeentes was 'n verstandige voorsitter van die diakonie - een van die "ou" manne wat nie as ouderling wou aanneem nie, omdat hy diaken wou bly. Hy was inderdaad 'n man met 'n "diakenhart". By een geleentheid het ons te doene gehad met 'n twyfelagtige "arm-geval". "Wat my altyd onrustig maak", het die diaken gesê, "is dat Jesus gesê het: ‚Ek het honger gehad' en ons weet nie wanneer is dit Hy nie."

Jesus die "Behoeftige" is altyd met ons. Die armes is immers altyd by ons. Selfs sy kerk openbaar gewoonlik die gestalte van die "behoeftige". Jesus vra as "Behoeftige", maar Hy doen dit in werklikheid as die "Milddadige". Hy gee veel meer as wat Hy vra.

Hierdie Samaritaanse vrou het dit ondervind. Sy het die lewende water ontvang. Sy het haar Verlosser ontmoet. Uiteindelik het sy haar waterkan by die put vergeet en haar ligvoets na die dorp gehaas met die boodskap: "Kom kyk 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het! Is Hy nie miskien die Christus nie?"

Gee aan Jesus, in watter gestalte Hy jou ook al nader as "Behoeftige" en jy ontvang veel meer.

## *Jode hou geen gemeenskap met Samaritane nie*

Die gesprek van Jesus met die Samaritaanse vrou kan ons 'n "model-gesprek" noem. Hy het hierdie vrou só genader en betrek en uiteindelik gelei na waar Hy haar wou hê, dat die moderne sielkunde niks daarteen sou kon inbring nie. Gelukkig is die predikant of sendeling of evangelisasiewerker wat iets van die wysheid en insig en geduld van Jesus besit. 'n Mens moet in die eerste plek die hart hê, dan leer jy om deur die "oë van Jesus te sien" - dan sien jy met erbarming en sondaarsliefde. Jy sien dié mens vir wie Jesus sy lewe afgelê het. Mense soos hierdie vrou, wat al met vyf mans "saamgeleef" het.

Die dorstige reisiger, Jesus, vra vir die Samaritaanse vrou water om te drink. Die Samaritaanse vrou is stomverbaas - nie omdat hierdie Jood dors is nie, maar omdat Hy, as Jood, met haar praat. Die Jode meng nie met die Samaritane nie. Hulle vermy elke Samaritaan en praat selfs nie met hulle nie. (Dit moes bepaald vir Jesus se Joodse hoorders 'n bittere pil gewees het om te sluk toe Hy die gelykenis van die barmhartige Samaritaan aan hulle vertel het. Dat Hy aan hulle 'n Samaritaan as voorbeeld van naasteliefde durf voorhou!)

Ek wil nou nie al die sinnelose Joodse tradisies van wat moet en wat nie mag nie, met u bespreek nie. Ek wil net maar sê dat Jesus ook baie van ons tradisies en gewoontes en etikette rondom die kerk en erediens - ons mag-niés en moenies - eenvoudig opsy sou skuif. By Hom gaan dit om ernstiger sake as fraiings en versierings aan jou klere. Godsdienstige vooroordele skuif Hy eenvoudig opsy. Rasseverskille is by Hom geen oorweging nie. Hy stap daaroor heen en praat met 'n "veragte" Samaritaanse vrou en is selfs bereid om water uit haar skepding te drink.

Leer ons om "deur die oë van Jesus te sien", dan verdwyn vooroordele en word vervang deur liefde. Dan sien 'n mens Jesus beweeg tussen die Bantoe-statte en -gehuggies. Hy knoop met

hulle gesprekke aan. Hy vra vir hulle water om te drink. Hy gee Homself aan hulle as die lewende water. En wie is ek dan om Hom te verhinder om die werk van sy Vader te doen? Wie is ek om te weier om te doen wat Hy doen?

Laat my eie mense en die "Samaritane" self dan maar stom van verbasing wees. Ek is nie meer as my Here nie. En ek is sy instrument deur wie Hy sy hand uitsteek na alle volke en tale en nasies.

Jesus is die Hoof en ons die lede van sy liggaam. Die voete waarmee Hy loop - die hande waarmee Hy uitdeel - die mond waarmee Hy praat. En dan bedoel ek hoegenaamd nie dat ons, sy gemeente, deel in sy goddelike natuur nie. Ek bedoel alleen maar dat sy genade en krag in ons aan die lig tree.

## *As jy geweet het...*

Jesus is in gesprek met 'n Samaritaanse vrou by 'n waterput buite die dorpie Sigar. Hy, as die vermoeide en dorstige reisiger, het vir haar water gevra om te drink. Sy haas haar nie om te gee wat Hy vra nie, maar werp allerlei vrae en vraagstukke voor Hom - oor rasseverhoudinge en godsdienstige vooroordele.

Intussen is Jesus in werklikheid nie die dorstige nie. Sy is die dorstige. Sy versmag en probeer deur die uitlewing van singenot haar innerlike smagting les. Sy gryp in wellus die een man na die ander. En intussen groei die dors aan - dit word steeds brandender en dodeliker. Uiteindelik sou die leegte in haar innerlike aangroei tot niksseggende sinloosheid wat uitloop op dié dors wat ewig onlesbaar is in die helse vuur... Verskriklik!

As sy maar geweet het wie Hy was wat met haar praat. Hy wat as dorstige reisiger vir haar water vra, is niemand minder as die ware Fontein van die lewende water nie. Sy weet nie en geen mens weet nie - indien dit nie gesê word nie. Dit is die wêreldnood dat mense nie weet nie. Hulle ken selfs hulle eie dors nie. Soos met drank en dwelms maak elke sonde van 'n mens 'n willose slaaf wat jou uitmergel en innerlik verteer. Maar die mense weet dit nie en gryp gulsig, om te geniet? Nee, om opgevreet te word deur dit wat hulle sogenaamd geniet.

Jesus vertel in die eerste plek aan hierdie vrou dat sy 'n dorstige mens is. Maar dan weet sy en alle mense ook nie waar om hulle dors te les nie - al sou hulle nog uit hulleself weet dat hulle beklaenswaardig en arm en blind en nakend is. Ook dit moet vir hulle gesê word. Alle mense wil deesdae net praat en val oormekaar om te agiteer om die wêreld te laat hoor en sien wat hulle nood en griewe is. Elke groep en party het dan die oplossing op die nood en vrae van die wêreld in pag.

Die Bybel leer ons egter anders: "Luister na My en jou siel sal lewe . . . Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee . . . As iemand dors het laat hom na My toe kom en drink..."

Só bied Jesus sy lewende water aan - in oorvloed - en Hy doen dit deur Homself aan te bied. Hy kan elkeen uitnooi en alle dors in die ganse grote wêreld les, omdat Hy self aan die kruis op Golgota uitgeroep het: "Ek het dors!"

# Betrap op 'n daad van egbreuk

## *Betrap op 'n daad van egbreuk*

Ons lees in Joh. 8 van die vrou wat betrap is op 'n daad van egbreuk. Sy is toe deur die Fariseërs en owerpriesters na Jesus gebring om daaroor 'n uitspraak te gee.

Deesdae is egbreuk en owerspel skynbaar nie meer 'n skande nie. Beroemde dames leef saam met vooraanstaande mans - gewoonlik dié mans wat volop geld besit - sonder dat daar ooit 'n huweliksband gelê is. Hulle wonderlike liefde en die liefdeskinders wat uit die liefdespeletjie gebore word, is voorbladnuus in koerante en tydskrifte. Dit word ook normaalweg so aangebied dat dit andere nie afstoot of afskrik nie, maar aanmoedig - al word dit nie altyd openlik goedgepraat nie.

Dié soort liefde is vir die huidige geslag vryheid en geluk in die ware sin van die woord. Dit is om van te droom - 'n gemeenskap van vrye liefde tussen man en vrou, sonder die knellende band van die outydse en uitgediende huwelik.

Wie het nog rede om te skrik wanneer hy of sy op 'n daad van egbreuk betrap word? Dit is om van te lag. Jy hoef in die eerste plek nooit uitgevang te word nie. Daar is middele genoeg om dié soort lewe geheim te hou - indien jy maar jou verstand wil gebruik. Dit is alleen dom meisies wat nog in die slagyster trap. Maar selfs dan is daar nie veel om oor te treur nie. Wat se skande kleef daaraan indien 'n mens maar net jou "Godgegewe" natuur uitleef ?

Dit lyk asof die mense skynbaar selfs die Here Jesus aan hulle kant het wanneer 'n mens Joh. 8 lees. Die beskuldigers van die huidige "sondige en owerspelige geslag" - 'n uitdrukking wat ook uit die mond van Jesus kom - word maklik gelykgestel met die beskuldigers van hierdie vrou. Jesus het immers aan hulle gesê: "Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi."

Jesus het egter nimmer bedoel om die sonde goed te praat nie. Nee, beide die sonde van die beskuldigende Fariseërs en die owerspelige vrou bring Hy in perspektief. En van albei kan gesê word dat Hy nie veroordeel nie, maar tot bekering roep.

## *Die egbreekster en die skynheiliges*

'n Fariseër is vir ons dieselfde as 'n skynheilige. Sê jy vir iemand: "Jou Fariseër", dan weet hy wat jy bedoel. En in die kerk - maar ook in die samelewing buite die kerk - is volop Fariseërs. Ek kan selfs met alle stelligheid beweer dat owerspelers ook meesal skynheilig is - hulle gee voor om opreg te wees, terwyl hulle in hulle harte weet hoe verrot hulle lewens is.

En teenoor die owerspeler staan ook dikwels die Fariseër, wat uit die hoogte beskuldig en verder in die modder wegtrap. Dié soort mense ken ons en hulle is dikwels kerkmense. Ongelukkig weet hulle nog weinig van Christus se sondaarsliefde.

Só sien ons hulle in die verhaal van die owerspelige vrou in Joh. 8. Daar kom hulle aan - waardig in hulle lang gewade. Regop en fier en trots met haat in hulle harte. Haat? Ja, hulle kook van binne. En dan is dit nie die haat teen die owerspeelster nie. Nee wat, sy is alleen maar 'n handige geval om Jesus van Násaret in 'n hoek te dryf. Hulle haat haar nie - soos hulle vir Jesus haat nie - maar hulle verag haar.

Hulle sou wel sorg dat daar 'n veilige afstand tussen hulle en dié mens is. Só 'n sondige mens raak 'n Fariseër nie aan nie. Dan verontreinig jy jou en dit is vir 'n Fariseër erger as die dood. Hulle is baie bang vir sonde. Die sonde wat 'n mens van buite in die oë van die mense

skandelik of oneerbaar maak. Daarom onderhou hulle sorgvuldig al die seremonies en wette van Moses en sorg dat hulle kerklike bydrae stiptelik op datum is. Intussen is hulle van binne roofsugtige wolwe.

Dit is tipies van die skynheilige. Hy raak die vuil sondaar nie aan nie - nie eens met sy woorde nie. Hy praat liewer van die gevallene as met haar. Hy moet hoog bly en sy laag. As hy nie meer uit die hoogte op ander kan neersien nie, het hy geen staanplek nie. Daarom hou hy hulle ook laag tot elke prys. Verneder en beswadder en dik aan. Dan styg ek soveel hoër uit bo die gespuis.

'n Mens kan vra: Hoe lyk dit? Wie gaan die eerste klip gooi?

En onthou, die klippe reën dikwels nie op die owerspelige nie, maar op Jesus Christus wat gekom het om te soek en te red die wat verlore is.

## *"Hulle het een vir een weggegaan..."*

'n Mens kan nogal soms redekawel oor watter soort sonde die grootste is. Jy kan ook partymaal jou verstand tot die uiterste inspan om uit te maak wat is nou eintlik die sonde teen die Heilige Gees. Dit is dié sonde waarvan Jesus sê dat dit nooit vergewe sal word nie. In dié soort brein-gimnastiek het ek geen behae nie.

Sonde - groot of klein, lelik of mooi, fatsoenlik of onfatsoenlik - lê maar op dieselfde vlak. Eintlik is ons groot ellende nie dat ons sonde - groot of klein - doen nie, maar dat ons sondaars is. Ons is een stuk sonde en in onsself heeltemal verwerplik voor God.

En tog word alle sondaars nie verwerp nie. En nou kan ons weer redeneer oor uitverkiesing en verwerping. Dit wil ek egter nie doen nie. Ek wil alleen maar wys op 'n ander grondliggende gebeure in die verlossing van mense deur God.

'n Groepie Fariseërs en skrifgeleerdes het 'n vrou wat betrap is op 'n daad van egbreuk na Jesus gebring. Moses beveel dat sulke vroue gestenig moet word, maar wat sê U, Jesus van Násaret. En sê nou net iets in stryd met die wet van Moses of iets wat ons teen U kan gebruik in 'n klag by die Romeinse owerheid .. . Dan, ja, dan is Jesus van Násaret in die moeilikheid.

Jesus se antwoord is egter: "Laat die een van julle wat sonder sonde is, die eerste klip op haar gooi . . ." Dan begin hulle gewete praat - gelukkig het hulle nog 'n gewete. Hulle voel almal skuldig en niemand waag dit om 'n klip op te tel nie. Niemand durf nou verder 'n woord van beskuldiging uiter nie.

As hulle toe maar gesê het: "Ons is sondaars Here; wees ons arme sondaars genadig!" Hulle doen dit egter nie, maar gaan een vir een weg. Weg . . . weg van Jesus af. Weg van sy sondaarsliefde en genade af. Dit, dink ek, is die grootste sonde wat 'n mens kan doen. O, as hulle tog maar by Hom gebly het. Ook 'n Fariseër kan verlos word. Dink aan Paulus. Hoe blind kan 'n mens tog wees!

## *"Bekeer jou, owerspeelster"*

Die Bybel is 'n wonderlike boek. Dit is nou maar só: die poort is en bly nou en die pad smal. Stry hard om in te gaan deur die nou poort. Dit moes die owerspelige vrou van Joh. 8 ook leer.

Gelukkig vir haar het die Fariseërs haar op 'n daad van egbreuk betrap. As hulle dit nie gedoen het nie, sou sy seker haar bedenklike praktyk voortgesit het. 'n Mens kom nie maklik los uit die maalstroom van jou eie sinne en drifte - as jy eers die kraan oopgedraai het nie. Die een oortreding lei tot die ander en dit word 'n bruisende rivier wat jou hulpeloos na die

afgrond voer.

Haar geluk was nog veel groter toe hulle haar na Jesus Christus gesleep het - met watter duistere bedoelinge ook al. Om voor Jesus te staan is altyd die grootste voorreg wat 'n mens te beurt kan val. Hy is immers die Saligmaker wat gekom het om te soek en te red dié wat verlore is. Gelukkig is elke mens wat voor Jesus te staan kom - vandag ook nog.

Gelukkig het sy bly staan en nie saam met of agter die Fariseërs aan weggesluip nie. Hulle gewete kon dit nie uithou by Jesus nie. Haar gewete waarskynlik ook nie - myne ook nie, want my gewete kla my elke dag aan. En tog bly sy by Jesus staan - miskien bewende - *wie* weet? Om die een of ander rede kon sy egter nie van Hom af wegkom nie. Het u al daaroor gewonder waarom mense - sondaarmense met skuldige gewetens - Jesus Christus nie maar los nie? Ek dink dat daar net een verklaring is. Hy hou ons vas. Gelukkig doen Hy dit, anders was ons lankal weggevoer deur ons eie boosheid[1].

En gelukkig het Jesus haar ook nie veroordeel, soos die Fariseërs graag wou hê nie. "Ek veroordeel jou ook nie .. ." sê Hy. Wat 'n verligting. Ek kan by Jesus, die Heilige, staan en Hy veroordeel my nie.

Maar dan volg haar allergrootste geluk. Hy wys haar die weg van bekering aan. Hy doen ook geen halwe werk nie. "Gaan heen, en sondig nie meer nie", sê Hy. Daarmee plaas Hy haar voete op die pad van bekering. "Bekeer jou!" Dit beteken 'n nou poort en harde stryd. Dit beteken egter ook bevryding en lewensvernuwing. Bekering is al klaar die beginsel van die ewige vreugde. Gelukkige vrou...

# Die saligsprekinge

## *"Salig is die armes van gees"*

Die armes van gees is mense wat in geestelike nood verkeer. 'n Mens kan gerus maar aan hulle dink in die letterlike betekenis van die woord - die minder begaafdes, die dommes en onvolwassenes. Die mense het min talente en is dikwels kortsigtig en agterlik. Hulle is die eenvoudiges in die land.

Hulle kan dien as model of tipe van die burgers van die koninkryk van die hemele. 'n Mens sou sê dat die Here nie juis 'n vleiende beeld teken van die saliges nie. Sy maatstaf is anders as ons maatstaf. Dink aan hierdie uitspraak: "Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat u hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het." Die onvolwasse kind, wat verstandelik nog nie ten volle ontwikkel het nie, is die tipe van die ware gelowige.

Hierdie dinge word ook bevestig deur die "mondige" wetenskaplike mens van ons tyd wat nie meer die Heilige Skrif ernstig wil opneem nie. Dit wemel vir hom van mites en fabels - ongelooflike stories wat sy intellek beledig. "Vertel dit aan kinders of verstandelik vertraagdes, maar moenie wyse en verstandige mense daarmee lastig val nie."

Jesus het egter ook iets anders in die oog met die benaming "armes van gees". Hulle is ook mense wat moreel-godsdienstig arm is. Jesus het self herhaaldelik verwys na die tollenaars en die hoere en die heidene wat die Jode voor sal wees. Het Hy nie veral moeite gehad met die Skrifgeleerdes en Fariseërs - die mense wat toringhoog uitgetroon het bo die vervloekte skare wat die wet nie ken nie? Die Fariseër waan homself ryk en verryk en die tollenaar staan veraf en slaan boetvaardig met sy hand op sy bors en sê: "O God, wees my, sondaar, genadig." En, sê Jesus, hy gaan geregverdig huis toe.

Aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele. Sonder om baie daaroor uit te wy moet ons daarop let uit Wie se mond die uitspraak kom. Hy wat hier aan die armes die koninkryk van die hemele toesê, het self die ryk uit die hemel na die aarde gebring. Met sy vleeswording het die koninkryk van God op aarde aangebreek. Hy het gekom en met Hom het sy koninkryk gekom. Daarom kan Hy dit uitdeel as 'n gawe aan wie Hy wil.

En voor in die ry van begenadigdes staan die armes. In der waarheid sal niemand die koninkryk van die hemele beërwe wat as ryke aan die poort klop nie. Ons fout is dat ons onsself dikwels sien soos die gemeente van Laodicéa hulleself gesien het: "Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie." As ons dit tog maar altyd hartgrondig weet. Dan is ons salig.

## *"Salig is die wat treur"*

Jesus sien ook die treurendes by die sterfbed en graf van hul geliefdes raak. Hulle droefheid gaan by sy Middelaarshart nie verby nie.

Rou en trane by 'n sterfbed . . . Sommige mense meen dat trane en droefheid by die dood 'n Christen onwaardig is. Die Bybel sê egter nie só nie. Uit die Ou Testament is daar baie voorbeelde dat mense hulle dode beween het. So lees ons van Abraham, die vader van die gelowiges by die dood van Sara: "En Abraham het gekom om oor Sara te rouklaag en haar te beween . . ." Ook in die Nuwe Testament lees ons dit. Dink aan Martha en Maria wat ween oor die dood van hulle broer Lasarus. By die dood van Lasarus het Jesus self ook geween -

wat ook al by Hom die aanleiding daartoe was. Nee, ons kan gerus ons dode beween en treurendes die geleentheid gee om deur trane en droefheid aan hulle smarte uiting te gee.

Ons kan ook maar die vermaning van Paulus ter harte neem: "Ween met die wat ween . . ." Dit sê dikwels baie meer as 'n stortvloed van trooswoorde. Swyg liewer by 'n ander se smarte as om te maklik na vore te kom met goedkoop trooswoorde. Die bedroefde mens kan duidelik aanvoel wanneer 'n mens iets van sy of haar smarte begryp en wanneer jy sommer maar praat om iets te sê. Ek herinner my goed hoe ek as jong onervare student geroep is om mense te troos na 'n sterfgeval. Ek het vir die oomblik gevrees en het geen woorde gehad nie. Toe vra ek maar die Bybel en lees vir hulle en - toe het ek iets om vir hulle te sê. Dié resep pas ek nog altyd toe. Die Woord van die Here gee altyd aan ons iets om aan 'n bedroefde te sê. En dan is dit nie 'n goedkoop praatjie nie.

"Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word." Die treurende word vertroos - deur die Here self op sy tyd en wyse. Ons het immers geen rede om te treur soos hulle wat geen hoop het nie.

Abraham het opgestaan - van sy dode af weg - deur die krag van dié God in wie hy geglo het. Ook Job het die krag geken toe hy al sy kinders verloor het. En in die lig van die Nuwe Testament het ons nog baie meer rede om te weet dat die troos net so seker as die dood is.

En weer lê die oorsprong van die troos in Hom wat hierdie saligspreking uitspreek. Ook oor Hom het sy geliefdes getreur en geween toe Hy aan die kruis sterwe en in die graf neergelê is. Tereg kom die engele op die opstandingsmôre aan die vroue sê: "Moenie ween nie! " By sy geopende graf is trane en rou misplaas. 'n Mens beween nie die lewende nie, maar die dode.

En dit is ons ware troos. Hy lewe en ons sal lewe. Dit is die troos van sy Woord. En dié troos word ook deur die Heilige Gees in ons tuisgebring. Hy tree selfs vir ons in met onuitspreeklike sugtinge. Daarom is ons salig - gelukkig - selfs in ons droefheid.

## *"Salig is die sagmoediges"*

Dit is 'n vreemde saligspreking. Normaalweg ontvang die sagmoediges weinig op aarde. Gewoonlik is dit die voorbarige en listige en gewelddadige wat die aarde inpalm. Die sagmoediges word normaalweg teruggedruk na 'n beskeie plekkie - indien hulle nie alle staanplek op aarde ontsê word nie.

Jesus self was die sagmoedige by uitnemendheid. Hy is die Lam van God wat na die slagplek gelei is; die skaap wat stom is voor sy skeerders. Dit sien ons in sy ganse optrede, maar duidelikste op die pad van smarte. Toe Simon Petrus sy swaard trek en die oor van Malgus afkap, hoor Hy uit die mond van sy Meester: "Steek jou swaard in sy skede ..." Hy onderwerp Hom en laat Hom veroordeel en verneder en gésel en bespot. Hy laat Hom kruisig en Hy onderwerp Hom aan die dood.

Dit is Jesus, ons Middelaar. Let op sy voorbeeld en volg dit na. Die sagmoedige is salig. Dit is een ding wat ons alleen in die geloof kan begryp en vir onsself toe-eien. Dan leer ons dat die aambeeld harder is as die hamer wat daarop slaan. Ons leer dat die geboë rug langer kan uithou as die arm wat die slae toedien.

Sagmoedigheid is iets anders as blote verdraagsaamheid. Die ou vader Eli is 'n voorbeeld van die verkeerde soort sagmoedigheid. Hy was 'n swakkeling wat die sondes van sy seuns verdra het. Só is die sagmoedige in die koninkryk van die hemele nie. Hy het wel die moed om in die Naam van die Here en met die Woord van God in die hand na vore te tree. Hy ywer nie vir homself nie, maar is 'n ywerige getuie van Jesus Christus.

Petrus en Johannes het hulle daaroor verheug dat hulle ter wille van die Here kon ly. Hulle was egter nie bereid om oor Hom te swyg nie. Dit sê hulle ook nadruklik aan die Joodse Raad: "Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie."

Sulke sagmoediges sal gewis die aarde beërwe - hoe vreemd dit ook al klink vir die aardbesitters wat ons rondom ons sien. Jesus is geen plekkie op die aarde gegun nie en tog kon Hy later met reg verklaar: "Aan *My is* gegee alle mag in hemel en op aarde . . ." En nou gaan vergesigte voor ons oop. Ons sien 'n nuwe aarde en nuwe hemele. Ons sien die nuwe aarde bevolk met sagmoediges. Só maak Hy sy Woord waar.

Wat maak dit saak indien ons nou vreemdelinge en bywoners, sonder 'n vaste woonplek, op aarde is? Wat baat dit 'n mens immers om die hele wêreld te win en aan sy siel skade te lei?

## *"Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid"*

Honger en dors is iets ontsettends. Ons in Suid-Afrika weet nie meer werklik wat dit beteken nie. Mense in Europa het dit gedurende die afgelope wêreldoorlog nog geken. Ons moeders wat in konsentrasiekampe was, het geweet waarvan hulle praat, wanneer hulle vertel van hongernood.

Honger en dors na die geregtigheid is egter veel ontsettender as liggaamlike honger en dors. 'n Mens sien iets daarvan in die bloedwraak, wanneer 'n primitiewe mens deur iemand veronreg is. Hy ken geen rus of duurte solank die onreg nie gewreek is nie. En dan is dit asof hy sy dors na reg en geregtigheid les in die bloed van sy slagoffer. Die dors na geregtigheid deur onreg, of vermeende onreg, verteer 'n mens van binne.

En tog kan ons die mense wat só probeer om hulle honger en dors na die geregtigheid te les, nie saligspreek nie. Die honger en dors waarna Jesus verwys, ontstaan nie vanweë onreg wat my aangedoen is nie, maar vanweë die onreg wat ek self doen. Ek staan voor die regverdige Regter van hemel en aarde en ek besit geen geregtigheid voor Hom nie. Ek staan skuldig en maak die skuld daagliks meer. Dit knaag aan my innerlike en kan my uiteindelik verteer, indien die honger en dors nie êrens geles word nie. Dié gebrek aan geregtigheid is veel erger as die gebrek aan kos en water. Dit gaan om veel meer as my liggaam - dit knaag aan my siel.

'n Mens kan hierdie honger en dors op allerlei moontlike maniere probeer les. Dit word egter deur niks op aarde gestil nie. Aardse besit en kennis en eer en aansien en plesier en drank en dwelms neem dit nie weg nie, maar maak dit net erger. Daarby het al die dinge die uitwerking dat dit ons sinne verblind sodat ons die ware oorsaak van ons honger en kommer - naamlik ons sonde - nie raaksien nie. En uiteindelik versink só 'n mens in die ewige honger en dors van Godverlatenheid, waar hy smeek om 'n druppel water om sy tong te verkoel.

Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid. Dit beteken dat hulle ook weet waarom hulle honger en dors is en ook weet waar die honger en dors waarlik gestil kan word. Jesus kan hulle saligspreek, omdat Hy kan versadig. Hy het immers alle geregtigheid volbring en Hy het die oorsaak van al ons honger en kommer - naamlik die sonde - weggeneem. Ons is geregverdig deur die geloof in Hom wat vir ons sondeskuld geslag is.

Ons gewete kla ons aan dat ons teen al die gebooie van God swaar gesondig het. Ons weet dat ons nog altyd geneig is tot alle kwaad. Ons weet egter ook dat God ons al die ongeregtigheid nie toereken nie, ter wille van die verdienste van Christus, indien ons dit met 'n gelowige hart aanneem. Daarom is ons honger en dors weggeneem.

## *"Salig is die barmhartiges..."*

'n Barmhartige mens is 'n goeie mens. Hy word onomwonde "goed" genoem en in die wêreld as sodanig geëer. Al sou hy nie in God glo nie, dwing die barmhartige mens steeds die eerbied en selfs verering van sy medemens af.

Onder die Christene is dit die één kenmerk van ons ware Christenskap - dat ons liefde onder mekaar het. Dit maak die barmhartigheid egter ook gevaarlik. 'n Mens voel immers goed as jy 'n ander mens in nood te hulp snel. Dit streel jou ego as jy bedank word en dit is aangenaam om dit opsigtelik of onopsigtelik aan die lig te bring, sodat jy deur die mense gesien en geëer kan word. Ons dink onwillekeurig aan Ananias en Saffira wat eerbiedig 'n groot som geld aan die voete van Petrus neerlê. En om soveel moontlik aan eer in te oes, hulle offervaardigheid oordryf en só die oordeel van God op hulle hals haal.

Hier kom die waarskuwing van Jesus te pas: "Pas op dat julle nie julle liefdadigheid voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie . . . Wanneer jy dan liefdadigheid bewys, moenie 'n trompet voor jou blaas soos die geveinsdes nie . . ." As 'n mens jouself waarlik ken is dit om van te skrik. "Salig is die barmhartiges . . ." is nie maar 'n wye poort waardeur elkeen kan binnestap wat aalmoese uitdeel en geëer en geprys word, omdat hy so 'n goeie mens is nie.

Wie is dan die ware barmhartiges?

Hoe paradoksaal dit ook al mag klink, hulle is die mense wat weet dat aan hulle barmhartigheid bewys is. Hulle staan by die kruis van Jesus Christus met uitgestrekte hande en pleit om 'n aalmoes - die gawe van God se genade in Hom. Hy het in sy barmhartigheid sy lewe vir hulle gegee. Hulle weet dat alles wat hulle besit uit ewige barmhartigheid aan hulle geskenk is.

Daarom verdwyn die barmhartige self uit die gesigsveld wanneer hy barmhartigheid aan iemand betoon. Hy weet hy doen dit nie self nie, maar die Here gebruik hom maar daarvoor. Paulus het mos gesê: "Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my." Hoe sou ek my kan beroem op my goeie dade - dit is maar werke van die Here?

Die barmhartiges wat Jesus in dit oog het, vertoon dan gewoonlik die twee kenmerke. Hulle linkerhand weet nie wat hulle regterhand doen nie. Hulle betoon hulle barmhartigheid in stilte - sonder trompetgeskal.

Hierby kom 'n nog meer tipiese kenmerk - hulle vergeet self die goeie dade wat hulle verrig het. Dit is by hulle bloot 'n spontane, natuurlike leefwyse. Vanselfsprekend vloei die stroom van barmhartigheid. Só sal die skape aan die regterhand van Christus by die oordeel verwonderd vra: "Wanneer het ons U honger gesien en iets gegee om te eet?" Sulke mense is salig. Hulle hoor: "Gaan in in die ewige vreugde . .."

## *"Salig die wat rein van hart is. .."*

Dan is die Fariseërs, die bekende reinheidspesialiste, tog reg! Reinig julle, want geen onreine kan God sien nie. Het die grote Jesaja dan nie uitgeroep, toe Hy God in 'n gesig gesien het nie: "Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskare gesien! "

'n Mens moet egter oppas vir die reinheidsresepte van die Fariseërs. Hulle was die buitekant van die skottel en merk nie die vuil van binne nie. Hulle is witgepleisterde grafte, maar van binne vol doodsbeendere. Dit gaan dus nie om onrein klere of voedsel of mense met wie jy in aanraking kom nie, maar om onrein harte. Dié vrome Fariseërs met hulle lang gebede is van binne roofsugtige wolwe.

Wie is dan só rein van hart dat hy God kan sien?

Dit is in die eerste plek hulle wat hulle eie onreinheid sien. Só bely Dawid in Ps. 51: "Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde . .. Skep vir my 'n rein hart, o God . .." Só alleen durf ons tot God nader.

En dan staan ons maar weer by die kruis. Ons sien op die Heilige, die Reine, Jesus Christus onse Here. Hy is as onrein - ja, as 'n uitgeworpene - beskou om ons onreinheid uit te wis en ons rein en onbevlek voor Gods aangesig te stel. In die eerste plek sien God ons as rein in Christus, omdat ons in Hom glo. Maar dan is ons ook geroepe tot reinheid. Ons is immers nie alleen gewas in sy bloed nie, maar word ook daagliks gereinig deur die Heilige Gees, sodat ons meer en meer aan Christus gelykvormig word.

Hoe sou ons dit ooit kon waag om buite Christus God te sien. Dit sou vir ons niks minder as die ewige dood beteken nie. Maar nou sien ons Hom in Christus, omdat Hy ons in Hom sien. "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien." Sien ons dan nie in Hom die hart van ons hemelse Vader nie? En is dit nie ons saligheid nie?

Maar dan sien ons Hom ook in ons lewe. God wil dat sy gelowige Hom sien - elke dag in ons daaglikse lewe. Daar is 'n persoonlike omgang tussen God en ons. Ons sien sy hand in uitreddinge, in bewaringe, in seën en voorspoed. Ons sien Hom ook in ons lewe werksaam in teëspoed en stryd en nood. Hy tugtig diegene wat Hy liefhet opdat ons Hom duideliker moet sien. Soos Job, aan die einde van sy lydensgeskiedenis, kan ook ons sê: "Van hoorsê het ek van U gehoor, maar nou het my oog U gesien." Ons lewe uit die geloof, daarom sien ons God in die geloof.

Maar eenmaal gaan die geloof oor in aanskouing. Dan sien ons Hom in sy heerlikheid. Dan kan dit ook, want hier bly alle onreinheid agter. Ons dood is 'n afsterwe van die sonde en 'n deurgang tot die ewige lewe. Dan sien ons God van aangesig tot aangesig.

## *"Salig is die vredemakers"*

Die vredemaker is 'n kind van God. Hy ken immers die vrede met God. In Christus het hy vrede - sy Heiland het vir hom by God vrede gemaak. En dan kan dit nie anders nie - hy stig vrede waar hy kom. Hy strooi dit uit. Dit kom uit sy hart, waar die vrede van God woon. Dit vloei oor sy lippe as 'n heilige getuienis van die vrede wat hy ontvang het en wil uitstrooi in alles wat hy sê. Ook sy voete is op die pad van vrede en sy hande reik na mense - om vrede te maak.

Die geloof in Christus en die vrede met God is 'n dinamiese krag wat vestings van haat en vyandskap omverloop. Nie deur krag of geweld nie, maar deur die Gees van die Here. Die vredemaker geen vegter nie? Nee, hy behoort aan die leërmag van Jesus Christus. Hy is oral en altyd in 'n dodelike stryd gewikkel - die stryd in die Naam van sy Vors - die Vredevors, Jesus Christus.

Die vredemaker ken geen vrede met Satan en die sonde - wat ook sy eie hart en lewe ontsier nie. Daarom kan hy ook vyandskap van mense verwag. Hy kan gehaat word deur sy eie mense. Sy Here het immers nie gekom om vrede op aarde te bring nie, maar die swaard. Jou eie huisgenote word maklik jou vyande. Hy word juis gehaat omdat hy die vrede gevind het. Die mense wil geen vrede hê nie. Hulle is te lief vir hulleself en hulle eie begeerlikhede. Daarom haat hulle die vredemaker of vredebode in die Naam van die Vredevors.

Die vredemaker preek nie vrede tot elke prys nie. Hy bring nie vrede deur te gee en te neem nie. Hy maak geen kompromie met die Waarheid nie. Omdat hy gebind is aan Hom wat Homself die Weg en die Waarheid en die Lewe noem, kan hy ook die waarheid in liefde

spreek. Sy vrede is gewortel in die waarheid en alleen só is die vrede wat hy verkondig 'n ware vrede - die vrede wat 'n mens by God bring.

En die vredemaker se eretitel is "kind van God". Wat 'n eer en waardigheid val die nietige mens ten deel. Hulle wat vrede maak, het die sfeer van hulle Vader se eie heilige aktiwiteite binnegetree. Hulle is medewerkers van God. Hulle is kinders van die Vader. Hulle is sy mond en voete en hande - die werke van die Vader word in hulle lewens gesien.

Die vredemaker behoort aan God se "vredeskorps" op aarde. Hulle volg in die voetstappe van sy eie Seun - die Vredevors. Daarom is hulle kinders van God - kinders van God ter wille van sy eniggebore Kind, Jesus Christus.

Hulle kan nou al sê: "Abba, Vader! " Want die Gees getuig met hulle gees dat hulle kinders van God is.

En eenmaal gaan hulle saam met Jesus Christus die heerlikheid van die Vader binne.

"Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees" (Openb. 21 :7).

## *"Salig is die wat vervolg word"*

Salig is die wat vervolg word . . . Om vervolg te word is nie lekker nie. Dan ag 'n mens jouself gewoonlik nie gelukkig - salig - nie. Dan sing jy nie lofliedere nie. Dan is vrees en ontsetting jou deel. Jy krimp en kerm en skreeu soms wanneer die nood en pyn ondraaglik word.

Mense wat vervolg word, is gewoonlik oorgelewer aan die "genade" van mense. En die genade van mense is wreed en berekenend. Veral in ons tyd, wanneer sielkundige en elektroniese marteling toegepas word op vervolgdes en hulle onderwerp word aan breinspoeling, lyk hulle uiteindelik soos diere en nie soos mense nie. Dan is die aarde donker en die hemel geslote.

Salig - gelukkig - is die wat vervolg word, sê Jesus. Kan dit waar wees?

Waarom word die mense vervolg - die saliges?

Hulle word vervolg ter wille van die geregtigheid. Hulle is dié mense wat honger en dors na die geregtigheid. Hulle besit die ware geregtigheid wat voor God standhou. Dit is die geregtigheid wat alleen uit genade ontvang kan word. Hulle word as regverdig gereken omdat hulle glo in die bloed van die Lam van God, wat vir hulle ongeregtigheid geslag is. Hulle het vrede met God, omdat Hy hulle sondes vergewe het en hulle sy eiendom geword het.

Ons leef in 'n vreemde wêreld. Selfs terroriste wat onskuldige mense vermoor op berekenende en wreedaardige maniere, word bemin en geprys. Maar regverdige mense, wie se enigste oortreding is dat hulle glo in Christus, word nie verdra nie. Hulle moet weg van die aarde af. Die haat teen hulle openbaar die onderliggende haat teen God. Hulle band met God maak hulle immuun teen die indoktrinasie van die duiwel en sy handlangers. Hulle behoort aan 'n ander koninkryk en 'n ander Koning, wat die wêreld nie ken en ook nie wil ken nie. Daarom weg met hulle!

En tog is hulle salig - waarlik gelukkig... Waarom?

Want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Die apostels van Jesus Christus het die haat en vervolging geken. Paulus, die apostel van die heidene, vertel dat hy slae moes verduur en gemartel en met klippe halfdood gegooi is en in die tronk gesmyt is. En tog het hy onder dit alles gesing. Hy het God geroem in die

verdrukkinge.

Hulle het geweet dat, al word hulle gereken as slagskape, hulle nogtans meer as oorwinnaars is deur Hom wat hulle liefgehad het. Hulle is salig - gelukkig - omdat hulle aan die Koning van die koninkryk van die hemele behoort. Alles kan hulle ontneem word, behalwe die vrede met God in Wie se hand hulle in lewe en in die dood is.

Daarom kan alle vervolgdes ter wille van die geregtigheid saam met Paulus hulle Paastriomf sing:

> "Maar nee, ons sál oorwinnaars bly
> deur Hom vir Wie ons leef en ly.
> Ja 'k weet gewis, geen lewe of dood,
> geen eng'lemag, bomenslik groot,
>
> geen skepsel in die skepping wyd,
> geen ding in tyd of ewigheid -
> niks kan ons van Gods liefde skei
> wat ewig-vas in Christus bly"
>
> (Rom. 8 - beryming Totius).

# Die diensmaagd van Jesus Christus

## *Die vrou in die amp*

NEE, dit gaan nie by my om die vrou in die amp as predikant of ouderling of diaken nie. Dit gaan ook nie om die vrou in haar amp as vrou en moeder nie. Ek wil met u praat oor die vrou as gelowige. Dan kom aan die orde die "amp van die gelowige" volgens ons Gereformeerde kerktaal.

Dit is die één ding wat ons almal gelykelik ontvang - man, vrou en kind. Elkeen is 'n Christen - geweldig! Elkeen het deel aan die salwing van Christus - hy of sy is gedoop met die Heilige Gees. Dit gaan vanselfsprekend om die ware gelowiges. Daar is ongelukkig ook meelopers in die kerk wat maak asof hulle Christene is. Hulle ware kleure blyk gewoonlik baie gou - veral as 'n mens hulle toets aan die amp van die gelowige.

Naas die gelykenis van die talente, vertel die Here Jesus ook die gelykenis van die ponde. (Die nuwe vertaling praat van die "goue geldstukke".) In dié gelykenis ontvang elkeen presies dieselfde - één pond. Klein en groot, oud en jonk, geleerd en ongeleerd, man en vrou - elkeen stap weg met 'n pond in die hand. Die een bêre dit sorgvuldig in sy beursie, die ander sluit dit in haar handsak weg en die ander werk daarmee en die kapitaaltjie groei aan deur Gods genade. Ek dink ons kan die feit dat elkeen van ons die naam "Christen" dra, ons pond of goue geldstuk noem.

Ons ontvang dit en aanvaar dit wanneer ons bv. belydenis van geloof aflê. Glo jy? Ja Here! Gaan jy die geloof versier met 'n godvrugtige lewe? Ja Here! Jy het jou pond gewis gevat. En dan moet jy daarmee werk, want die Here gaan rekenskap eis. Ook u as vrou staan net soos die man verantwoordelik voor God vir die pond wat u ontvang en aanvaar het. Vanuit die oogpunt van ons almal se Christenskap of kragtens die amp van die gelowige, is ook die vrou profeet, priester en koning. Is dit nie vreemd om die woorde vroulik weer te gee nie? Profetes, priesteres en koningin? Dit klink vreemd in ons ore en tog is dit net wat dit is.

Op die vraag: "Waarom word jy 'n Christen genoem?", is die antwoord van ons kategismus: "Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel het aan sy salwing, sodat ek sy Naam kan bely, myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy, met 'n vrye en goeie gewete in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel kan stry om hierna in ewigheid saam met Hom oor alle skepsele te regeer..." Dit is ook die voorreg en roeping van elke vrou, Mense het dikwels die opvatting dat 'n vrou moet oorgaan na haar man se kerk as hulle nie aan dieselfde kerk behoort nie. Ons moet versigtig wees met die soort opvatting. Sy mag haar kosbare pond verkwansel. Dit is gewis goed dat albei aan dieselfde kerk behoort, maar dan moet hulle saam en biddend ondersoek en besluit waar hulle saam tuis hoort.

## *Die vrou 'n profetes*

'n Profeet is 'n mens met 'n mond wat dit gebruik om mee te praat. En hy of sy is nie maar besig *met* allerhande praatjies nie, maar is 'n "prater van God".

Dit is opmerklik dat ons kategismus in die behandeling van die amp van die gelowige eerste die profetiese amp noem en dit kort omskrywe: "dat ek sy Naam kan bely". Ek dink dit is goed dat dit eerste staan - ook by ons vroue. Menslike aanleg en voorkeure mag grootliks verskil en tog moet altyd voorop in ons lewe staan: "Ek moet die Naam van die Here bely."

Hierdie belydenis beteken nie bloot dat ek tussen Christus en myself moet uitmaak en bely Wie Hy is nie. Dit vanselfsprekend ook. Dit hou egter veel meer in. Om profetes te wees

beteken dat u oor u Here moet praat tot ander mense. "Ag nee, nie ek nie - ek kan nie praat nie! En buitendien is ek 'n vrou en 'n vrou moet in die gemeente swyg!"

Ek pleit gewis nie daarvoor dat ons vroue moet praat in die erediens waar die gemeente amptelik vergader is nie. Ek is egter oortuig daarvan dat elke mens - ook elke vrou - kan praat oor dinge waarvan sy iets weet en wat sy op haar hart dra. Bediendes en klere en meubels, ens. is tog maklik om oor te praat. Verder praat u gereeld oor u kinders en kleinkinders - want u het hulle lief.

Waarom swyg ons dan in alle tale oor die Here en sy Woord? Ek dink op grond van wat ek nou net gesê het - ons kan goed praat oor die dinge waarvan ons weet en wat ons liefhet - hoef ons die oorsaak van hierdie swygsaamheid oor Christus en die Bybel nie ver te gaan soek nie. Ons het die Here nie lief genoeg om van Hom te praat nie. En ons weet ook te min van die Bybel om ons woord daaruit te doen. Daarteenoor sal ons gewis werk maak met ons Bybelkennis indien ons die Here liefhet. 'n Mens kan Hom immers nie liefhê as jy Hom nie ken nie.

Kennis en liefde moet hand aan hand gaan. Dit baat jou nie om oor te loop van liefde vir 'n "Iemand" wat alleen in jou eie inbeelding bestaan en nie die God van die Skrifte is nie. Dit mag bloot afgodery wees. Aan die ander kant kan jy die Bybel ken soos die Fariseër, sonder om Christus daarin te herken.

Maar om profeet te kan wees moet ons groot erns maak met ons Bybelkennis. Ek dink gewis die tyd het aangebreek dat ons nie tevrede mag wees met gereelde kerkbesoek en Bybellees nie. Ons moet ons in die Bybel inwerk. Ek is oortuig daarvan dat ons weer profete sal kan wees, indien ons gereeld, alleen of saam met ander gelowiges, net vir 'n uur met groot erns die Bybel aan die hand van 'n handleiding ondersoek. Te lank? Is dit langer as wat die gemiddelde vrou bestee om haar hare te laat doen?

Eindelik, Maria Magdalena - 'n vrou - het eerste van die opstanding van die Here kon vertel. U - 'n vrou - is die eerste mens wat u eie kindjie van Jesus kan vertel en Hom kan leer om te bid . . . Tel u seëninge en beoefen u profetiese amp.

## *Die vrou 'n priesteres*

Normaalweg is 'n vrou meer 'n gevoelsmens as 'n man. Sy leef en handel op die ingewing van haar hart. Mans konfereer nog, dan het die vroue al opgetree. Dit kom treffend aan die lig by die geskiedenis van Maria toe sy die Here Jesus met die nardusolie gesalf het. Jesus en sy dissipels en 'n paar ander manne is besig om te eet. By die Jode was dit gebruik dat vroue nie by só 'n geleentheid aanwesig is nie. Maria, bekend as 'n beskeie mens, dring hierdie geselskap binne en bring haar offer. Dit is ook nie sommer 'n alledaagse offer nie - sy doen dit só kwistig dat die manne in verontwaardiging protesteer dat sy geld mors.

Wat het Maria se hart in beweging gebring? Jesus Christus het dit gedoen. Sy het in Jesus Christus geglo - sy het ook geglo dat sy dood op hande is, soos Hyself gesê het. Daarom kon niks haar keer nie en bring sy haar groot offer en sy voeg skoonheid en selfs feestelikheid by die maaltyd. Sy kon nie genoeg doen om te toon dat sy glo in sy luisterryke koningskap en sy heerlikheid nie. Daarom is die offerdaad van Maria priesterlike werk.

Maria is die voorbeeld van die vrou in die kerk wat dikwels teen alle redelikheid in, haar groot liefde openbaar in 'n lewe van dankbaarheid. Sy bring haar dankoffer en gee haarself vir die Here. Dit is haar priesterlike taak. Só is sy in haar gesin - die vrou en moeder. Sy is bereid om honger en gebrek te ly ter wille van dierbares. "Kan 'n vrou haar suigling vergeet?" Die vrou se barensnood is alreeds in die Bybel die beeld van groot opofferende lyding. Ook dit

doen sy omdat sy glo - sy glo aan God en sy kerk en toekoms, daarom bring sy kinders in die wêreld.

Ironies is die geskiedenis van Hanna en die hoëpriester Eli. Die biddende Hanna stort haar hart uit voor die Here . . . en Eli, wat die eintlike voorbidder vir Hanna moes wees, bestraf haar. Eli se kinders, Hofni en Pinéhas is 'n skande vir hulle vader en 'n oneer vir God. Hanna se seun, Samuel, wat sy afgebid het, is die priester en profeet na die hart van die Here. Hanna het die ware priesterlike werk gedoen - sy het in gees en waarheid gebid.

Gee aan ons vroue wat kan offer soos Maria en kan bid soos Hanna. Dan sal dit met ons wel wees - die vrou vervul haar roeping voor die aangesig van die Here. Sy is 'n ware priesteres.

In ons kringe is dit blykbaar eg gereformeerd en Bybels indien 'n vrou nie in die openbaar bid nie. Selfs waar 'n groep susters byeen is, word 'n man bygebring om "die vergadering te open". Is ons susters waarlik só swak bedeeld? Het die Here Jesus dan nie ook die vrou vrygemaak van die byna slaafse Ou-Testamentiese onderhorigheid nie? Ek dink ons ly skade, want die gebed van die regverdige vermag veel - al is sy 'n vrou!

Ook wat die barmhartigheidsdiens betref, kan ons veel meer van susters gebruik maak. Dink aan die mooi getuienis van Tabita: "Sy was oorvloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het" (Hand. 9:36). Kan 'n vrou nie 'n ander vrou se nood die beste peil nie? Sou daar dan nie een of ander weg wees waarlangs ons meer en selfs georganiseerd van die vrouehulpdiens gebruik kan maak nie?

## *Die vrou 'n koningin*

JARE gelede het ek geluister na 'n toespraak van die eertydse leier van die Voortrekkerbeweging, mnr. J. H. Greybe. Hy het 'n groep dogters toegespreek oor helde en heldinne van ons volk. "Gee my die jong dogter wat 'n onrein gedagte of begeerte uit haar hart uitroei - sy is die ware heldin," het hy o.a. gesê. Ek dink dat die vrou se koninklike amp daar begin - sy moet haar hart rein bewaar. Ongelukkig kan sy nie - wie kan dit ook regkry? Maar sy kan en moet darem met 'n vrye en goeie gewete stry teen die duiwel, die wêreld en haar eie sondige hart.

Ongelukkig het die moderne samelewing en selfs die teologie van ons tyd die nadruk verkeerd gaan lê. Hulle meen die vrou vervul eers haar koninklike roeping as sy alles doen wat die man kan doen. Ek was by geleentheid by die hooftak van die bank in ons stad. By die navraetoonbank was 'n man in gesprek met die hoofdame agter die toonbank. Hy wou weet wat sy vrou se banksaldo is, maar die dame wou dit nie aan hom meedeel sonder dat hy skriftelike toestemming van sy vrou het nie. Sy sê toe aan hom: "Vandag kan die vrouens alles doen wat die mans doen." Ek kon nie help om teenoor haar op te merk: "Behalwe dat sy nie kan doen waarvoor die Here haar gemaak het nie."

Die Here het die vrou gemaak as 'n hulp wat by haar man pas. Hy het haar ook nie alleen 'n vroueliggaam gegee om haar man te bevredig nie, maar aan haar 'n moederhart gegee om kinders groot te maak. Daarom is die vrou die koningin in haar huis - teenoor haar man en tussen haar kinders.

Van die sendingveld kom dié uitdrukking: "Kom 'n man tot bekering, dan is 'n mens gered. Kom 'n vrou tot bekering, dan is 'n huisgesin gered." Wie sou die waarheid kon betwis? Is dit dan nie die moeder wat haar kinders leer om te bid en hulle met haar sagte hand op die regte spoor hou nie? Omdat sy só toegerus is, kan sy gou aanvoel wanneer daar fout is by haar kind en gewoonlik dring sy veel makliker deur tot sy hart. Van kleins af is moeder die toevlug vir haar kleuter met al sy nood en verdriet. Sy was altyd gewillig om te luister en te troos.

Daarom kom hy of sy ook eerste na moeder met die sondenood. Moeder het nie alleen die roeping om haar eie sonde met 'n goeie gewete te bestry nie - sy is ook deur die Here só gemaak dat sy haar kind en medemens in die nood kan bystaan.

En laat die ampte maar deurmekaar vloei - ons kan dit alleen onderskei en tog nooit skei nie. Die ware vrou is 'n koningin met 'n priesterhart en 'n profetiese insig en aanvoeling. Leef sy naby die Here en sy Woord dan is die vrou 'n krag in haar gesin, vir die kerk en volk. Verlaat sy egter haar plek as koningin in haar huis, dan vreet verderf deur in gesin en kerk en volk. Die moederlose kinders by bediendes en in bewaarskole en soms aan hulleself oorgelaat, is 'n onberekenbare skade waarteen geen geldelike gewin ooit opgeweeg kan word nie. Ongelukkig besef die meeste moeders dit te laat.

# My gewete

## *"Ek handel volgens my gewete."..*

***Gewete is lastig***

Die gewete is 'n lastige outjie . . . 'n Mens doen soms jou bes om hom stil te kry, maar hy protesteer tot selfs in sy doodsnikke. (Wanneer 'n mens se gewete totaal toegeskroei is.) Gelukkig is die mens waar hy nog duidelik en helder sy stem laat hoor. Treurig is dit wanneer hy verhef word tot die stem van God. Dan sê 'n mens: "Ek laat my deur niks en niemand voorskryf nie. My eie gewete is my rigsnoer . . ." Hier kan 'n mens met droefheid vra: "Het jy nog 'n gewete?"

Maar dit is nogal moeilik om presies te sê wat 'n "gewete" is. Jy kan hom nie vaspen nie.

***Wat is gewete?***

As ek so dink aan Adam en Eva dan lyk dit vir my of hulle voor die sondeval nie 'n gewete gehad het nie. Hulle het dit immers nie nodig gehad nie. 'n Mens se gewete kom immers te pas by die kennis van goed en kwaad en die keuse tussen goed en kwaad. En Adam en Eva het aan die begin mos nie kwaad geken nie en ook nie kwaad gedoen nie.

Miskien is dit die beste om 'n bietjie aandag te gee aan Adam en Eva om die geboorte van die lastige "tikkertjie" of selfs "klikkertjie" hier in ons onbestemde binneste te bekyk.

***Gewete gebore***

Die listige slang fluister in Eva se oor. Die begeerte ontwaak en gaan oor tot die daad. Sy was ongehoorsaam aan God - sy het kwaad gedoen en nou weet sy ook wat kwaad is. Adam deel in die kwaad - hy eet, soos 'n goeie eggenoot, uit die hand van sy vrou. Ook hy weet nou wat kwaad is.

En dan gebeur daar iets. Hulle sien wat hulle vroeër nooit gesien het nie. Hulle is naak. Vroeër het dit hulle nie gehinder nie, maar nou pla dit hulle "gewete". Só is die gewete gebore.

Wanneer hulle hul eie en mekaar se naaktheid *sien,* dan weet en erken hulle dat hulle kwaad gedoen het. Ek is nie 'n filosoof of selfs 'n Gereformeerde etikus nie, maar dit lyk vir my of ek gewete só kan omskryf: Jou gewete kom tot gestalte in die skaamte of vrees vir skande - 'n onaangename of pynlike gevoel oor iets verkeerds of onbehoorliks. In die mens het die bewussyn ontstaan dat ek anders is as wat ek behoort te wees.

By Adam en Eva is dit nog eenvoudig om te praat oor die gewete. Hulle was immers pas vantevore nog gewees wat hulle behoort te gewees het. Hulle skrik vir hulleself en gaan haastig wegskuil vir God, om te dink hoe vreeslik hulle verander het teen wat hulle was - goed en na die ewebeeld van God. Die "stem van die gewete" sou skerp en veroordelend praat.

***Gewete toegeslik***

Sedert Adam en Eva het baie water in die see geloop. Daar het miljarde tonne sand oor die gewete gespoel en dit toegeslik. Die beeld van God is letterlik toegepak met tonne en tonne modder wat gaandeweg versteen tot rotslae. Wanneer Paulus in Rom. 2 skryf van die gewete van die heidene, dan sien ons eintlik net maar die vergane fossiele van wat eens op 'n tyd die heerlike beeld van God was: "Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulleself 'n wet, al het hulle geen wet nie; omdat hulle

toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle *gewete* saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig."

***Van kwaad na erger***

Daar is by die natuurlike mens nog *spore* van die eertydse heerlike beeld van God te bespeur. Al die "mooi" en "goeie" dinge in die menslike samelewing wat dit hier op aarde nog leefbaar maak, kom egter nie waarlik uit die "goeie gewete" van die mens voort nie. Die goeie God bewaar nog die wêreld daarvan om *gewetenloos* te word, deur die uitbarsting van die helse nagdonker op aarde in toom te hou. Dit word egter vinnig donkerder namate die einde van die wêreld nader. "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word . . ." (Openb. 22). Ja, daar kom 'n tyd dat hierdie wêreld gesien sal word in die gestalte van die groot hoer wat op die baie waters sit en dan roep die hemel God se kinders toe: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie . . ." (Openb. 18:4).

***"Gewete" sonder norm***

Pas derhalwe op vir die "gewete" van die wêreldling - of hy nou 'n staatsman of 'n kunstenaar is, begiftig met die "goddelike" gawes van die godin "KUNS" - sy gewete is op sigself bedorwe:

"Hulle keel is 'n oop graf, met hulle tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe. Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid . . ." (Rom. 3:1 v, 14). Hier beskryf Paulus nie alleen die Griekse wyse en kultuurmens van sy tyd nie. Hier sien u die onwedergebore mens van alle tye - watter gawes en skatte hy ook al bied in die naam van wysheid en kuns.

Nee, die gewete wat nie 'n vashouplek het buite onsself nie, is nie alleen onbetroubaar nie, maar is 'n verleier uit die afgrond. Hy is dood in sondes en misdade (Ef. 2). Daar is 'n wonder nodig - 'n wonder uit die hemel - om weer aan ons 'n gewete te gee. En as 'n mens dit het, het jy rede om saam met Paulus te sing: "En julle wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld .. . (het God) lewend gemaak saam met Christus..."

***Gewete en wet van God***

'n *Dooie mens word lewend en dan sien hy. Hy sien wat hy is en hy* weet wat hy behoort te wees. Dit weet hy nie uit sy gewete nie, maar uit die wet van God. En dan is sy ganse lewe daarop gerig om só te lewe, soos hy behoort te lewe. Dit doen hy omdat hy lewend gemaak is en oorloop van dankbaarheid vir die verlossing uit die greep van die dood in misdade en sondes.

En dan kan ek my op my gewete beroep as my gewete objektief gebind is aan die één norm - die wil van God. Per slot van sake is my gewete dan nie my rigsnoer nie, maar die wil van my hemelse Vader.

Ek is altyd maar 'n bietjie lugtig vir die mens wat sy gewete of konsensie aan my voorhou. Ek het baie meer vertroue in die mens wat hom beroep op die Woord van God en vra na sy wil. Die mense wat so gretig gryp na die vyeblaar van die "eie gewete" het gewoonlik 'n skuldige gewete. Die Christen het 'n vaste norm vir sy gewete - nie in homself nie - maar in die ewige Woord van God.

## *Gewete self is nie my norm nie*

*Ons het pas uitgemaak dat 'n mens se gewete op sigself vir jou hoegenaamd geen norm kan*

*wees nie. Die gewete moet gebind wees aan 'n objektiewe norm buite jouself. Vir die Christen is dit die wet van God - alleen daaraan kan ons ons gewete bind.*

Nou wil ek 'n paar gedagtes met u wissel oor die gewete van die Christen aan die werk in die praktyk van die daaglikse lewe.

***Rus in Christus***

Die Christen se gewete is in die geloof gebind aan Christus. Gelukkig weet hy van sondevergewing - anders sou sy gewete hom verteer. Dink aan die heerlike kategismusvraag en antwoord: "Hoe is jy regverdig voor God ? Alleen deur 'n ware geloof in Jesus Christus; só dat al *kla my gewete* my ook aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig en geeneen daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurig tot alle boosheid geneig is, God my nogtans ... die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk en toereken ..." Daar het u die enigste ruspunt vir ons gewete - die genade in Christus.

***In Christus is my gewete wakker***

Hoe vreemd dit nou ook al klink, is dit juis hierdie ruspunt vir ons gewete in Christus wat ons gewete wakker maak. Die gewete van die mens wat in Christus geregverdig is, is wakker en waaksaam. Hy is bang vir sonde - hy is gevoelig vir afwykinge. Ja, hy is verlos en daarom leef hy vir Christus. En dan gaan dit nie alleen om 'n algemene vroomheidsbegrip of 'n diens in die innerlike mens nie, maar dit strek oor die ganse lewe. Hy weet op elke lewensterrein en in elke optrede is hy verantwoordelik aan God.

***Dit geld ook in besonderhede***

En die Bybel praat nie alleen in algemene terme nie, maar bind ons gewete in besonderhede. In besonderhede word ons gebind in al ons woorde en dade; ons optrede teenoor ons medemens, ons verskyning in die samelewing, ons politiek en plesier, ons kleredrag en geslagtelike verhoudinge - in alles moet ons navolgers van Christus wees. Ons is na siel en liggaam sy eiendom in lewe en in sterwe.

***Skaamtegevoel***

En nou lyk dit vir my dat die skaamtegevoel in die praktyk die aller-belangrikste element is waarby die gewete te pas kom. Adam en Eva het hulle geskaam oor hulle naaktheid, omdat hulle besef het dat hulle nie meer is wat hulle behoort te wees nie. Die gelowige skaam hom voor God en sy medemens as hy nie is wat hy behoort te wees nie. Daarom is die aanslae van die duiwel en die wêreld daarop gerig om die skaamtegevoel af te breek. Het die skaamtegevoel verdwyn, dan het die gewete verdwyn. Dan kry ons die teendeel van wat dit in die Paradys voor die sondeval was. Toe het die mens geen rede gehad om hom te skaam nie, omdat hy volmaak was.

Nou sê mense ook: "Ek het geen rede om my te skaam nie." Hulle kan dit egter nie sê omdat hulle volmaak is nie, maar omdat die skaamtegevoel afgestomp is en hulle gewoond geraak het aan skaamtelose dinge.

***Jou liggaam 'n tempel van die Heilige Gees***

Vra jouself af of jou liggaam na buite nog die tempel van die Heilige Gees is en so vertoon in 'n minirok of 'n bikini of 'n broekpak wat al die kontoere van jou vroulike liggaam af-ets vir die aanskouer. 'n Mens voel dat die eerbare en fatsoenlike vroulikheid van ons susters ingeboet word. Jy is as 't ware *naak*, hoewel jy *gekleed* is volgens die nuutste mode. Ons kan rondspring soos ons wil, maar die Bybelgelowige het respek vir 'n vrou wat sober en vroulik geklee is.

### *Gee sondige begeertes kos*

En dink 'n mens aan rolprente en toneelstukke; aan boeke en tydskrifte en kunsuitstallings - dan skrik jy vir die konsekwensies van wat ons mense sien en hoor. Dinge wat Paulus as só skandelik beskou dat 'n mens dit nie eens mag noem nie, word nou vryelik onder die dekmantel van kuns en volwassenheid ingeslurp deur ons mense. Volwassenheid beteken blykbaar vir die mense dat hulle immuun is teen sonde. Dit leer die Bybel ons nie - eerder dat ons geneig is tot die sonde. Ek wil dit nou maar eenmaal neerskryf - dit wat ek dink: Die mense wat naaktonele en bed-tonele kan aanprys as *kuns* en as 'n *inherente deel van die verhaal* en dan roem op *"volwassenheid"*, moet hulleself maar net eerlik ondersoek of hulle nie besig is om 'n voorwendsel te soek om hulle eie sondige begeertes kos te gee nie.

### *Gaan uit haar uit, my volk!*

Dit het waarlik tyd geword dat ons halt roep. Ja, meer nog, dat ons omdraai en terugkeer. As ek aan ons wêreld dink, dan hoor ek die stem in Openbaring 18: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel en God het haar ongeregtighede onthou." (Dit word gesê van die vrou - Babilon - die groot hoer.) As ons vroue se eerbaarheid daarmee heen is, is kerk en volk verlore.

## *Misverstand oor vryheid*

Die woord vryheid word in ons tyd dikwels misbruik. Ons is bekend met die eise om akademiese vryheid, persvryheid, vryheid van spraak en opvatting, ens.

Dit is almal lofwaardige begrippe, maar die inhoud van die woord vryheid word veelal verskillend vertolk. Ook met dié woord gaan dit soos met ander in ons tyd; 'n mens moet eers vasstel wat die spreker of skrywer met sy vryheid bedoel.

Die gangbare liberalistiese opvatting van vryheid is dat die mens sy eie lewe en gedrag reël na sy eie insigte. Hy is selfstandig onafhanklik en verantwoordelik vir sy eie lewenslot. In dié selfbepaling is hy aan niemand verantwoording verskuldig nie. Hy is sy eie gesag en geluk is hoofsaak. Hy erken geen gesag buite of bo homself nie. Hy kan doen en sê wat hy wil. Dit is vir die liberalis vryheid.

Die Christen gebruik ook die woord vryheid en glo daarin. Vir die Christen het die woord 'n heeltemal ander betekenis.

Die Bybel gebruik ook dikwels die woord vryheid. As Christene lê ons vryheid daarin dat Christus ons vrygekoop het met sy bloed.

### *Vrywillig*

Hy het ons nie vrygekoop om te doen wat ons wil nie, maar om te doen wat Hy wil hê ons moet doen. Die Christen se vryheid lê juis daarin dat hy vrywillig die wil van God volbring.

Om dit te verduidelik, kan ons 'n eenvoudige beeld gebruik. Die mens is net vry wanneer hy lewe volgens die wil van God. Dink aan 'n vis in die water. Hy is aan die water gebind en is vry binne die beperking van die water. Buite die water kan hy nie leef nie, maar in die water beweeg hy sierlik en vry.

Dit is juis die nood van die mens dat hy met die sondeval in die paradys ware vryheid vir die skynvryheid van eie lotsbepaling verruil het. Die misverstand duur voort.

Die verkeerde vryheidsopvatting verslaaf die mens aan allerlei magte en drifte. Pleks van die vryheid waarna hy gesmag het, is dit 'n grenslose soeke en grype na lugspieëlings wat net tot

frustrasie, teleurstelling, wanhoop en verwarring lei.

In ons tyd word dikwels gepraat van die mondige mens, die volwasse, denkende mens. Dit is die mens wat hom nie meer wil laat voorsê nie.

***Ontleed alles***

Hy ondersoek en ontleed alles en pluis dit uit. Niks word meer op gesag aanvaar nie. Dan gaan dit ook nie net om menslike gebruike en tradisies nie, maar selfs God en sy Woord word aangedurf en ontleed en uiteindelik verwerp en bespot.

Daar is een wanklank in die oënskynlik mooi vryheidspaleis van die mondige en ontledende mens. Hy proklameer vir homself die reg om alles te ontleed en te beoordeel. Daartoe word elke middel gebruik wat die wetenskap en kultuur bied. Dié mense is egter baie kleinserig wanneer die ontleedmes op hul denkbeelde gebruik word.

Dit tref 'n mens dat die sg. mondige mens dan skeldtaal en spot begin gebruik. Dit kan hulle goed doen, want hulle hoef nie rekening te hou met instellings en gebruike, met menslike ordentlikheid en Christelike norme nie. Om nie eens te praat van skeefgetrekte afleidings en wanvoorstellings van hul teenstander se opvattings nie.

Die liberale vryheidsgedagte is veral sedert die Franse Rewolusie in die Westerse wêreld gepropageer. Dit het nie tot die buiteland beperk gebly nie. In ons land werk dit ook al meer deur en baie Afrikaners verkondig dit of aanvaar dit as vanselfsprekend dat elkeen vrylik kan doen of sê wat hy wil. Dié mense meen dat 'n mens kritiekloos jou weg kan gaan en die stryd aanbind teen elke tradisie en beginsel.

***Magtige stroom***

Ons sal moet besef dat ons teenoor 'n magtige stroom staan. Op elke terrein slaan die liberalisme uit. Dit is daarom ook goed dat ons die geledere sluit. Watter reg het die liberalis om die lewe vir hom op te eis? Sodra hy gevra word om aan sy woorde en dade paal en perk te stel, eis hy dat dogma en ideologie nie die lewe mag inperk nie.

Dikwels swig ons voor die propagandakreet dat die kerk en kerkmense onverdraagsaam en liefdeloos is wanneer hulle 'n standpunt teen die volksvreemde en anti-Christelike vryheidseis van die liberalis inneem.

Dit is opvallend hoe dié beskuldigings na elkeen wat 'n beginsel-standpunt inneem, se kop geslinger word. Die aanvalle op dr. P. C. Schoonees wat dit gewaag het om die werke van die Sestigers te ontleed en kritiseer, is 'n tekenende voorbeeld hiervan.

Dat skrywers dit wat vir ons heilig is, bespot en die magte van anargie verheerlik, is in die oë van die liberalis geen sonde nie. Dit is in hul oë 'n veel groter sonde om die sg. goddelike of profetiese gawe van die kunstenaarskaste aan bande te lê.

# My eenvoudige geloofslewe

## *My geloof en my kennis*

### *Verleë*

Menige eenvoudige gelowige leef deesdae in 'n krisis. Hy is verleë met sy geloof en daarom ook verleë met die God in wie hy glo. Die lewe in ons wêreld is ingewikkeld. Dit is vol en vinnig. Jy moet baie weet en soms selfs meer as 'n oppervlakkige kennis besit om te kan saampraat en meedoen. En die kennis stroom ons huise in - oor die radio en deur middel van koerante en tydskrifte en boeke. Dit is gewoonlik dié soort kennis wat ons kondisioneer tot volwaardige en volwasse mense van hierdie wêreld - *sonder God.*

Is dit dan 'n wonder dat ons geloofskennis verdring word en verskraal? Ons is oop en ontvanklik vir die humanistiese wêreld van ons tyd - maar ons is nie oop na Bo nie. Ons glo, maar die geloof is onduidelik en beneweld en God is veraf en onwerklik. En ons gebedslewe veryl en is dikwels 'n leë roep tot 'n geslote hemel.

### *Koud en warm*

Aan die ander kant is daar die roep tot die ervaring of belewing van God en godsdiens. Dit gaan tans soos 'n magtige meevoerende vloedgolf deur die Westerse wêreld. Aan die een kant is dit die reaksie op die koue en formele "kerkistiese" Christendom - waarby die kerk met sy ampte veryl is tot 'n koue leerinstelling sonder die innige band met die lewende Christus. Andersyds soek 'n jeug wat sat is van rewolusie en opstand en dwelms, bevryding in die bedwelmende "experience" van Christus. Die ervaring bly dikwels bloot 'n menslike ervaring in eie gevoelsbelewing en selfs ekstatiese uitbarstinge, sonder die band met die God van die Skrifte.

### *Geloof en kennis*

'een die agtergrond wil ek graag met u praat oor u en my geloofskennis. En dan wil ek dadelik daarop wys dat geloof sonder kennis nie kan leef nie. Kennis is hier van veel groter belang as om alles in die wêreld deskundig te ken. Kennis word in die wêreld dikwels aan ons voorgehou as dié groot bevrydende mag, wat van ons beter mense maak en ons sal bring tot die aardse paradys. Dit is egter 'n halwe waarheid en dikwels 'n blatante leuen. Kennis kan 'n mens ook bind en verslaaf tot 'n kneg van die duiwel. Kennis was ook die lokaas wat Satan in die Paradys aan Eva voorgehou het - jy sal goed en kwaad ken. Wat 'n ellende en verdriet bring ongevraagde kennis dikwels vir die onrype kind met die ontvanklike gemoed!

### *Ken God!*

Geloofskennis beteken egter om die lewende God te ken, soos Hy Hom aan ons in sy Woord bekendgemaak het. Daarom is dit vir my glashelder dat daar vir ons alleen nuwe uitsigte wag, wanneer ons weer geleer het om ootmoedig en ernstig te buig oor die Bybel. Bybelkennis deur Bybelstudie beteken vir ons geloofskennis. Los maar gerus ander aktiwiteite en maak tyd daarvoor om die Bybel te ondersoek.

Ek kan praat van ervaring. Die laaste paar jaar het in ons gemeente 'n paar groepies susters begin om saam Bybelstudie te doen. Ek kan alleen maar onomwonde verklaar dat dit vir hulleself in hulle geloofslewe nuwe perspektiewe geopen het. Opmerkinge soos die volgende hoor ek dikwels: "Ek bid nou anders as vroeër. Die prediking spreek nou tot my soos nooit te vore nie."

Het u moeite met u geloofslewe? Kom dan en begin hier.

*Laat ons ken. Laat ons dit najaag om die Here te ken. En u geloof sal opbloei en tot geseënde vrugte kom.*

## *My uitverkiesing*

***Bybelse begrip***

"Ek glo dat ek uitverkies is . . ." Aanmatigend? Ja, so dink baie goeie Christene. Sommige skrik vir die begrip uitverkiesing; andere spot daarmee.

En tog is die begrip uitverkiesing só tipies Bybels soos die geloof self en oneindig troosryk vir 'n sondaarmens. Begryp ek dit? Nee, maar ék glo daarin omdat God dit in sy Woord aan my geopenbaar het. Ek dink selfs dat sommige mense alte beterweterig praat oor die uitverkiesing, só asof hulle alles daarvan begryp. Ek het êrens gelees dat sulke mense nog nooit behoorlik daaroor nagedink het nie. Ons het hier te doen met 'n geheimenis uit die ewige raad van God. (Die versoeking is selfs groot om nou op te hou en Totius se gedig: "Die Godsbesluit" uit sy bundel, *Passieblomme,* verder alleen maar aan te haal).

***Wat is dit?***

Wat is die leer van die uitverkiesing? Kom ons luister na 'n enkele sin uit die Dordtse Leerreëls: "Dat God sommige in die tyd met die geloof begiftig, ander nie begiftig nie, kom voort uit sy ewige besluit." God gee aan sommige mense die geloof. Hulle het Hy uitverkies: . . . soos Hy ons in Hom (Christus) *uitverkies* het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons *voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus,* na die welbehae van sy wil..." (Ef. 1:4, 5).

***'n Harde leer?***

,,'n Harde leer!" Wel as dit só is, dan is die Bybel hard. Dan lê dit op dieselfde vlak as die woord van Jesus wat baie van sy dissipels 'n *harde woord* genoem het (Joh. 6). Vir my lê dit egter op dieselfde vlak as die uitspraak van Petrus in dieselfde hoofstuk (Joh. 6). "Here, na wie toe sal ons gaan. U het die *woorde van die ewige lewe."* Dwarsdeur die Bybel loop die draad van die uitverkiesing - God gee sy genade aan wie Hy wil. (Lees Rom. 9) "Uitverkies tot die ewige lewe" spel vir my die onbegryplike liefde en genade van God. Dit is die grond en oorsaak van my geloof en die ewige lewe waaraan ek deel het.

***Verlore!***

Indien God my nie uitverkies het nie, dan is ek verlore. Dit is seker en gewis. Indien God nie alles doen vir my redding, van begin tot einde nie, is ek nog dood in sondes en misdade en rus sy ewige toorn nog op my. Sonder uitverkiesing hang my saligheid van myself af. Dan moet daar in myself iets wees wat my aanneemlik voor God maak bo ander sondaars (wat net so goed of sleg soos ek is). Daarom is dit my enigste werklike anker - my saligheid is geleë in die ewige raad van God. Dit is my enigste troos in lewe en in sterwe dat Hy my om Christus uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld.

***Leer verdraai***

Mense kan, soos die Dordtse Leerreëls tereg sê, hierdie leer tot hulle eie verderf verdraai. Hulle kan sê dat dit nie help om te probeer om salig te word nie - as jy nie uitverkies is nie, sal jy tog verlore gaan. Of, jy kan lewe soos jy wil, indien jy uitverkies is, sal jy wél in die hemel kom. Ek kan daarop antwoord met die woorde van onse Here Jesus: ,,'n Goeie boom dra goeie vrugte."

***Kan jy God beskuldig?***

Moontlik is dit goed om weer 'n paar kort grepe te maak uit die al te min gelese Dordtse Leerreëls: "Aangesien alle mense in Adam gesondig het en aan die vloek en die ewige dood skuldig geword het, sou God niemand onreg aangedoen het nie as dit sy wil was om die ganse menslike geslag in die sonde en vervloeking te laat bly en vanweë die sonde te veroordeel nie." Hoe lyk dit beterweter? Kan jy God van hardheid of onreg beskuldig?

***God het lief***

Ons gaan voort met die Dordtse Leerreëls: "Maar hierin is die liefde van God geopenbaar dat Hy sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê . . . Om mense tot geloof te bring stuur God uit goedertierenheid verkondigers van hierdie baie blye boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Op diegene wat hierdie evangelie nie glo nie, bly die toorn van God; maar diegene wat dit aanneem en die Saligmaker Jesus met 'n waaragtige en lewende geloof omhels, word deur Hom van die toorn van God en van die verderf verlos en met die ewige lewe begiftig ..."

***Skuld by die mens***

Luister nou mooi: "Die oorsaak of skuld van hierdie ongeloof, net soos van alle ander sondes, lê stellig nie by God nie, maar by die mens. Maar die geloof in Jesus Christus en die saligheid deur Hom is 'n genadegawe van God, soos geskrywe is: "Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie, dit is die gawe van God (Ef. 2:8). En so ook: "Dit is aan julle genadiglik gegee om in Christus te glo" (Fil. 1:29).

***Ek glo!***

En nou, hoe weet ek dat ek uitverkies is? Ek glo dit - soos ek alles glo wat die Here aan my in sy Woord geopenbaar het. En glo ek, dan lewe ek - Jesus in my en ek in Hom. 'n Goeie boom dra goeie vrugte. Voor my staan die oproep van die evangelie: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word." Daaraan moet ek gehoorsaam en, kyk ek terug dan weet ek dat ek glo, alleen omdat die Here my die geloof gegee het. Hy het my uitverkies om te glo. Daarom is die geloof só 'n vaste anker - dit is geanker in die uitverkiesing van die ewige en genadige God.

Aan die ander kant mag ek egter nie speel of spot met God se genade nie. Ek bly verantwoordelik vir my sondes. Die poort is nou en die pad is smal. Baie is geroep, maar min uitverkies, sê die Here Jesus.

## *Ek is gedoop*

***Ek is gedoop as baba***

"Ek doop jou in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees . . ." Dit is ook oor my uitgespreek en ook ek is met water gedoop. Ek onthou dit nie, maar ek weet dit. Ek was toe 'n swak en onwetende baba, maar ek is so bly dat my ouers my laat doop het. Hulle het ook 'n belofte gedoen toe ek gedoop is - dat hulle my na hulle vermoë in dié leer sal onderrig of laat onderrig. Daarom weet ek dat ek gedoop is. Hulle het die dure belofte onthou en in hulle swakheid gedoen wat hulle belowe het. Nou weet ek dat ek gedoop is en my doop is vir my 'n onuitspreeklike bron van krag.

***God belowe. ..***

My doop sê aan my dat God ook die belofte van sy genade en die Heilige Gees, wat die geloof werk, aan my gegee het. Die belofte geld net so seker vir 'n kind as vir 'n grootmens. God self sê so. "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle

geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou" (Gen. 17:7). Die nageslag van Abraham het 'n belofte ontvang. Dit is geen kleinigheid nie. Die Here sê dat Hy vir hulle 'n God sal wees en hulle sal sy volk wees. Is dit nie geweldig nie! Dit is genade. Dit is die belofte van die Heilige Gees wat die geloof werk, want sonder geloof kan geen mens aan God behoort nie. Omdat hulle aan die verbond behoort en omdat hulle dié belofte ontvang het, is hulle op die agste dag besny. Die bevoorregte bloedjies het toe nog niks verstaan nie. Hulle kon gewis nog nie verklaar dat hulle glo in die belofte van God aan Abraham nie en tog gee Hy rustig aan Abraham opdrag om die onwetende erfgename van Hom op die agtste dag te besny.

***Aan julle en julle kinders***

Maar dit is Ou-Testamenties, hoor ek iemand sê. In antwoord hierop hoef ek nie te wys op die gesinne wat in die Nuwe Testament gedoop is nie. Ek hoef nie te argumenteer dat gesinne in die tyd van die Bybel nie, soos dikwels by ons, net uit 'n pa en ma bestaan het en miskien een of twee opgegroeide jong mense nie. Nee, toe was 'n gesin nog 'n gesin met groot en klein kinders - gewoonlik 'n hele spannetjie. Ek wil maar net antwoord met die uitspraak van Petrus met Pinkster in Hand. 2: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, dié wat die Here onse God na Horn sal roep."

***Bekering - vergewing - Heilige Gees***

Kyk nou mooi na die hele uitspraak van Petrus. Hy praat van bekering en vergewing van sondes en die gawe van die Heilige Gees en dit alles, sê hy, is die belofte wat kom na julle en julle kinders. Hy kon net sowel gesê het dat die belofte kom tot julle nageslag. Só werk God immers. Hy werk met ouers en kinders. Hy verbind Hom aan my en jou en ons nageslag. En Hy bedoel dit ernstig.

***Ouers verplig***

Hoe ernstig bedoel die Here hierdie beloftes wat ons kinders toekom? Luister: "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; *en jy moet dit jou kinders inskerp* en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan." Beide die besnydenis en die doop werk nie meganies nie. Dit stort nie genade in ons harte nie. Dit is 'n sigbare teken en seël van die belofte van God. En dan werk God deur middele om sy belofte 'n werklikheid te maak - tuis te bring - in ons lewe. En die eerste middel is die ouers. Daarom gaan die doop van 'n kindjie gepaard met 'n doopsbelofte van die ouers. Hy lê sy hand op jou en my kind. Met die doop sê Hy: "Hy is myne. Maak hom vir My groot. Doen dit deur hom van My, sy hemelse Vader, te vertel. Voed hom op in die vrees van my Naam."

***"Dis nie my plig nie"***

Hoe maklik kan 'n wederdoper sy hande in onskuld was! Sy kind is nie noodwendig 'n kind van die Here nie. Sy kind moet self uitmaak of hy glo al dan nie. Daarvoor kan sy ouers nie verantwoordelik gehou word nie. Ek wil hoegenaamd nie beweer dat in die kringe nie ook ouers is wat erns maak met die opvoeding van hulle kinders nie, maar in beginsel kan hulle sê: "Dit is nie my verantwoordelikheid nie."

***Nuwe gehoorsaamheid***

Aan die ander kant roep die doop ons altyd weer tot ,,'n nuwe gehoorsaamheid", soos ons doopsformulier dit stel. Moeders en vaders moet onthou dat God die bloed van verlore kinders van hulle hand sal eis - indien hulle ontrou is aan die belofte voor God en sy gemeente.

En vir elke gedoopte is die doop 'n bron van troos en 'n groot verantwoordelikheid. Ek behoort aan die Here, daarom moet ek leef soos 'n kind van die Here behoort te leef. En verag ek my doop deur God se beloftes te verwerp, dan wag vir my die vreeslike verbondswraak van 'n heilige God.

## *"Ek is geroep..."*

***Kom na My toe***

Die Here is daar en Hy roep jou. Só is dit, duidelik en ernstig. Wanneer Hy sê: "Kom na My toe . .. Volg My . .. Glo in Jesus Christus . .. Bekeer jou . . . Luister en jou siel sal lewe . . ." dan bedoel Hy dit ernstig. Geen hoorder sal kan sê, "Die Here het my nie geroep nie."

***Glo in sy Woord***

Die Here roep u en my en almal wat hoor, deur sy Woord. Só roep *Hy* en op die roepstem moet ons almal antwoord. Met die Bybel bedoel God dit só ernstig dat die mens wat voor die Bybel nie buig nie, deur dieselfde Woord van God verpletter sal word. Waar God roep, mag geen mens dit ligtelik opneem nie.

Mense wat die Bybel geringskat en vra na tekens en wonders en geestelike ervaringe en ekstase, noem Jesus 'n bose en owerspelige slag. Dié mense sal selfs nie glo nie, al sou iemand uit die dode opstaan, omdat hulle die Bybel - Moses en die profete, soos Jesus sê - nie glo nie.

***Hoe kan dit***

Maar, hoor ek teëwerp, hoe kan 'n mens die stem van God in sy Woord hoor, as hy nie uitverkies is nie? Hoe kan 'n mens antwoord indien hy nie weer gebore is nie? En dit is tog die werk van God. Ek is van nature dood in sonde en misdade en 'n dooie mens kan nie hoor nie.

***Luister***

Dit is goed dat die vrae na vore kom. Die vraag is hoe die Here te werk gaan met 'n uitverkorene. Hoe stort Hy die nuwe lewe in die hart van 'n mens? Luister: "Elkeen wat die Naam van die Here aanroep sal gered word. Hoe kan hulle Hom dan aanroep in Wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van Wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor, sonder een wat preek? Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God" (Rom. 10).

***Antwoord!***

Ek hoor die Woord van God. Ek aanvaar dit as God se Woord. Ek luister daarna. Dit is vir my erns. Ek glo en is gered. Só verloop dit - só asof ek self tot die oortuiging gekom het. En tog moet ek agterna bely - dit is nie uit myself nie. Van nature wil en kan ek self nie glo as die Here my die geloof nie gee nie (Ef. 2). In Hand. 16 lees ons van Lidia dat sy geglo het - die Here het haar hart geopen...

***Swaard van die Gees***

Ons moet egter goed onthou dat die Heilige Gees nie met ons sintuie waargeneem kan word nie. Hy werk alleen deur die Woord - dit is die instrument waardeur Hy die geloof in ons harte bring. Vir alle mense is daar net die een moontlike antwoord op die roeping van die Here deur sy Woord - glo! Daarom is die roeping deur sy Woord altyd heilige erns. Vandag, as jy die stem van die Here hoor, verhard jou hart nie. Moenie wag op die kragdadige werking van die Heilige Gees nie - die Here roep en wag lankal op jou. Glo en jy sal gered

word!

## *"Ek is weer gebore"*

***Belewenis***

Hier pas dit ons om duidelik te onderskei. Veral in ons tyd lê hier baie knelpunte. Ons leef in die tyd waarin mense dweep met "experience". Veral die ervaring van die ontvangs van die Heilige Gees in 'n soort ekstatiese belewenis is noodsaaklik voordat jy kan saampraat oor wedergeboorte.

***Heilige Gees weerstaan***

Aan die ander kant kan ons ook uit reaksie hierteen die Heilige Gees bedroef en Hom en sy werke terugdring tot 'n verlate hoekie in ons hart en lewe. Dan ly ons aan sielemaerte. Dit is waarlik nie 'n denkbeeldige gevaar by ons Gereformeerdes nie.

***Weergebore kerkmens?***

"Voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie" (Joh. 3:3). Dit is 'n duidelike uitspraak uit die mond van die Here Jesus self. Dit het Hy gesê aan 'n vroom man wat die Bybel geken en selfs gemeen het dat hy 'n wegwyser in die koninkryk van God is.

***Gees en Woord***

Sonder wedergeboorte kan niemand die koninkryk van God sien nie. Niemand nie - selfs nie een nie. Daarin stem ons saam met watter Pinkstergroep en Metodistiese stroming ook al. Sonder wedergeboorte is ek verlore. Maar dan moet ek die Heilige Gees en sy werk in my nie losmaak van die Woord van God nie, want dan verval ek in eindelose subjektivisme. Ek grawe voortdurend in my eie innerlike en sluit my oë selfs vir wat in die Bybel staan. Ek deursoek my innerlike en wag op die "inspraak" van die Gees, of ek wil tekens sien en doen as bewys van die werk van die Heilige Gees in my. Sommige pen die wedergeboorte self vas tot 'n dramatiese en ekstatiese belewenis op een of ander tydstip in die lewe.

***Heilige Gees se werk***

So word baie gelowiges se troos bedreig en baie swakkes op dwaalweë gelei. Die Heilige Gees kan dramaties en gewelddadig werk, maar Hy doen dit nie altyd nie: Laat ons liewer aansluit by die uitspraak van die Here Jesus: ,,'n Boom word aan sy vrugte geken."

Ons hoef waarlik nie 'n boom uit te grawe en eers sy wortels te ondersoek voordat ons kan uitmaak of ons met 'n vrugteboom te doene het of nie. Laat ons maar rustig kyk na die vrugte van die Heilige Gees in ons lewe. Ontbreek die vrugte - dan het ons alle rede om onrustig te wees. Sien ons wel die vrugte, dan kan ons onsself daarin verbly dat die Here deur sy Gees in ons woon en werk.

***Wees gehoorsaam***

'n Wedergebore mens is 'n lewende skaap van die Goeie Herder. Hy luister na sy stem en hy volg Hom. Luister jy na Jesus se stem in sy Woord en is jy daaraan gehoorsaam, dan is jy 'n lewende gelowige. En dan kan jy gerus maar glo: "Ek is weer gebore."

***"Dat"***

Die groot saak is nie om te kan naspeur wanneer en hoe ek weer gebore is nie, maar om te kan sien dat ek weer gebore is. "Die wind waai waar hy wil en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is" (Joh.

3:8). Ons sien wel die uitwerking van die wind in bome wat buig en stofwolke wat opgejaag word, maar ons sien nie waar hy begin nie - die wind self is ook onsigbaar.

***Ek weet***

Jy neem die Here op sy Woord - en jy is gehoorsaam aan Hom. Dit is vir jou heilige erns. Daar is droefheid en berou en haat vir en vlug van die sonde áf weg. Daar is vreugde in en vrede met God - 'n lus en liefde om na al sy gebooie te lewe. Dan weet jy dié dinge is nie uit myself nie - dit is die werk van die Heilige Gees in my.

Só is ek bewaar van subjektivisme, maar ook van valse gerustheid.

## *My nuwe hart*

***Dooie hart***

"My nuwe hart . . ," Gelukkig het ek dit nie van prof. Chris Barnard ontvang nie. Dit sou moontlik my liggaamlike nood verlig het, maar dit sou,my nog nie verlos het uit die geestelike dood nie. En dit is tog my allergrootste nood. "In ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang" (Ps. 51). En daarmee bely Dawid nie dat hy 'n buite-egtelike kind was nie. Hy was die jongste van 'n groot gesin. Nee, ons almal kan hom dit van harte nasê - kragtens my geboorte is ek dood in misdade en sondes (Ef. 2).

***Rein hart***

Daarom kan en moet ons ons nuwe hart vasknoop aan die geboorte van Jesus Christus. Ek kan alleen 'n nuwe of rein hart ontvang omdat Jesus met 'n rein hart gebore is. Hy is nie in ongeregtigheid gebore of in sonde ontvang nie.

***Oorplanting van hart***

Gedagtig aan prof. Chris Barnard kan ons sê: Jesus is die Skenker van die nuwe hart. En die Heilige Gees doen die oorplanting. Die Heilige Gees skep vir ons 'n nuwe hart, omdat Jesus dit vir ons verdien het.

***Saad ontkiem***

Hoe het ek my nuwe hart ontvang? Daartoe het die Heilige Gees die Woord van God gebruik. Van kindsbeen af het my ouers en die kerk die Woord aan my bekend gemaak. Sedert ek maar kan onthou, glo ek in die Bybel. "So is die koninkryk van God, soos wanneer 'n mens die saad in die grond gooi; en hy gaan slaap en staan op, nag en dag, en die saad spruit uit en word groot - hoe, weet hy self nie." Die saaier het die saad gesaai en in my hart het die saad ontkiem - hoe, weet ek self nie - eers die halm, dan die aar, dan die volle koring in die aar. Dat daar 'n halm en 'n aar is, is die bewys van die lewe. Die nuwe hart doen sy werk.

***Geloof***

Wat is die halm en die aar? Wat is die bewys dat ek 'n nuwe hart ontvang het? Luister:

"Niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees" (1 Kor. 12:3). Ek glo in Jesus Christus - dit is die bewys dat die Heilige Gees aan my 'n nuwe hart gegee het. "Maar julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur Wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is" (Rom. 8). Ek glo dat ek 'n kind van God is - my gees of hart ken sy Vader en roep Hom aan as Vader.

***Hoop!***

Ek luister verder: "Want ons verwag deur die Gees die geregtigheid waarop ons hoop" (Gal.

5:5); "Uit die geloof geregverdig het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus . . . en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God" (Rom. 5). Daar het ek nog 'n bewys van die uiting van die nuwe hart - die hart aan my gegee deur die Heilige Gees. Ek het hoop, verwagting, 'n uitsig op die toekoms. In die donkerste nood bly die hoop voor my wink - die hoop op my Here. Selfs in die doodsdal hou dié hoop my vas, want ek hoop nie alleen vir hierdie lewe op Christus nie (1 Kor. 15). Die koringkorrel het ontkiem en hy groei boontoe - hy reik hoër, na die ewige heerlikheid met Christus my Here.

***Liefde***

En dan hoor ek: "Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het" (Joh. 13). Ek het die Here my God lief. Hy het immers sy onbegryplike liefde aan my bewys deur my aan te neem as sy kind. Hy het my sondes vergewe in Christus, die Lam van God, wat vir my sondeskuld geslag is. En ek het my medemens lief. Die eer van die Here en die welsyn van my medemens is my eerste sorg - is dit? Ja, dit is wel gebrekkig, maar Goddank, die halm is daar!

Gelukkig gaan dit nie in die eerste plek om gevoelsopwellinge en ekstatiese ervaringe nie. Dit gaan om die stille saad wat ontkiem en gestadig groei. Mense roem op tekens en wonders - ek wys met vertroue op die groei van geloof, hoop en liefde. Dit is die drie wat Paulus as die uitnemendste beskou, by die mens wat 'n nuwe hart ontvang het (1 Kor. 13).

"En nou bly geloof, hoop, liefde - maar die grootste hiervan is die liefde."

## *"Ek het die Heilige Gees ontvang..."*

***Sektaries?***

Moontlik sou iemand dink dat die dominee nou sektaries word. Kan

'n mens dit sê? "Ek het die Heilige Gees ontvang"?

Dit is merkwaardig hoe maklik 'n mens vergeet wat jy bely. Dan klink eenvoudige Gereformeerde waarhede soms vir jou sektaries. Uit ons kategismus het ons van die Heilige Gees geleer *"dat Hy ook aan my gegee* is, om my te troos en ewig by my te bly." Só bely ons dit. Daarom kan elke kind van die Here gerus glo: "Ek het die Heilige Gees ontvang."

***Toepasser***

Die Heilige Gees is die Toepasser van die heil wat Christus vir ons verwerf het. Hy werk die wedergeboorte, skenk die geloof en maak my gewillig en bereid om vir die Here te lewe. Ons kan inderdaad toestem dat die werk van die Heilige Gees op die terrein van ons ervaring lê. Die probleem is egter dat sommige mense en strominge die Heilige Gees en sy werksaamhede byna geheel losmaak van die Bybel en dit selfs veel meer benadruk as die werk van Christus. Dit werk geesdrywery in die hand en maak heel dikwels van die godsdiens bloot 'n subjektiewe menslike ervaring.

***Hoe weet ek?***

'n Lewensbelangrike vraag vir ons almal is: Hoe weet ek dat ek die Heilige Gees ontvang het? 'n Mens hoef nie verder te soek as 1 Kor. 13:13 nie: "En nou bly geloof, hoop, liefde - hierdie drie ..." Hierdie uitspraak staan in die bekende gedeelte, 1 Kor. 12-14, wat handel oor die gawes van die Heilige Gees, waarvan deur Pinksterbewegings baie gemaak word. Hulle lê dan veral nadruk op die sogenaamde tongetaal en gawe van gesondmaking. Dit is buitengewone gawes wat opspraak by die mens verwek, maar Paulus se opskrif oor hoofstuk 13 is: "Maar beywer julle met die oog op die beste gawes; *en ek wys julle 'n nog uitnemender weg."* In die oë van Paulus is die beste gawes en die uitnemender weg: "Geloof, hoop en

liefde - maar die grootste hiervan is die liefde."

### *Geloof*

Daar het u uitnemende gawes van die Heilige Gees. Dit is ook gawes wat nie alleen hoog bevoorregte wonderdoeners ontvang nie, maar elke gelowige. Daaraan word die geloof van die eenvoudigste gemeet en selfs die geloof van die spreker in vreemde tale, die profeet en wonderdoener. Sonder geloof, hoop en liefde gaan ook sulke mense verlore.

Die geloof is 'n gawe van die Heilige Gees want, "Niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees" (1 Kor. 12:3). Wanneer 'n sondaarmens sy sonde erken en sy geloof in die soenverdienste van Jesus Christus bely, is dit die werk van die Heilige Gees. "Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang 'n gees van aanneming tot kinders, deur Wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is" (Rom. 8).

### *Hoop*

Hierby voeg Paulus die hoop. "Want ons is gered in hoop. As ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding (Rom. 8). Lees hierby Gal. 5:5: "Want ons verwag deur die Gees uit die geloof die geregtigheid waarop ons hoop." Geloof sien terug op die oorwinning van Christus wat verby is; hoop gryp vooruit na die heerlikheid van Christus wat kom. Ons ervaring is in hierdie lewe altyd onvolkome, omdat ons hier die eerstelinge. - die eerste paaiement - in die Heilige Gees ontvang. Eers na hierdie lewe kry ons die volmaakte waarop ons hoop.

### *Liefde*

En dan praat Paulus van die grootste gawe van die Gees naamlik die liefde. Het jy God en jou medemens lief, dan het jy die Heilige Gees ontvang. Die liefde bestaan nie in gevoelsopwellinge en ekstatiese ervaringe nie. Die liefde doen en is werksaam in die harde koue werklikheid van die lewe. Dit gaan om geduld en selfbeheersing en opofferende inspanning om elke medemens in nood met 'n bewoë hart te steun en te skraag. Dat u koud en onverskillig is teenoor u medemens is hoegenaamd nie vreemd nie - so is ons sondige natuur maar. Die mens wat egter onbaatsugtig, sonder eiebelang liefdesdade betoon, is 'n begenadigde mens - in en deur Hom woon en werk die Heilige Gees.

Daarom is dit vir die gelowige só swaar en bitter wanneer die mense liefhebbers van hulself geword het. Dan wil 'n mens versmoor.

### **"Ek glo..."**

My geloof . . . Ek glo . . . Ek glo nie in 'n iets nie - 'n Godheid of 'n Hoogste Wese of 'n stel reëls of beginsels nie. Ek glo in Iemand. Ek glo in God Drie-enig - God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Hy het sy Naam aan my bekend gemaak. Ek glo in Hom wat ek by die Naam ken.

### *Band met God*

My geloof is die band waarmee ek aan Hom gebind is. My geloof is nie maar 'n mening of opvatting of begrip wat ekself so mettertyd gevorm het nie. Dit kom nie uit myself nie. God self het dit aan my gegee. Hy werk dit in my deur die verkondiging van die heilige evangelie. In my hart het daar 'n oortuiging gegroei dat die Bybel die Woord van God is. Die oortuiging is geplant deur die Heilige Gees. En nou glo ek in God.

### *Onverliesbaar*

Die geloof is onverliesbaar my eiendom. Dit is net so seker as God wat dit aan my gegee het.

My Here, wat Homself die goeie Herder *noem,* sê immers: "En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie" (Joh. 10). *Ek glo* beteken derhalwe nie in die eerste plek dat ek aan God vashou nie, maar dat Hy my vashou. 'n Ware geloof, sê ons Kategismus, is 'n *gewisse* kennis en 'n *vaste* vertroue - dit staan nie op wankele grond nie. Ek weet in Wie ek glo . . . Daarom is my geloof vas en seker.

***Twyfel?***

Maar waarom twyfel ek dan soms? En ek weet daarin staan ek nie alleen nie. Twyfelaars is volop - dit is meer die reël as die uitsondering dat gelowiges twyfel. 'n Bede wat ek goed ken, is die bede van die vader van 'n duiwelbesete seun, wat uitgeroep het toe Jesus vra om geloof: "Ek glo Here, kom my ongeloof tot hulp!" My ongeloof - my kleingeloof stap soms saam met my. En dit maak die uitsig só donker en die pad so swaar.

***Sonde***

Die Here Jesus sê aan Thomas: "Moenie ongelowig wees nie, maar gelowig!" En daarmee sê Hy dit aan elke Christen. Ons moet Hom op sy Woord neem. Ons mag nie twyfel nie - dit is sonde.

***Onvergeeflik?***

Gelukkig is dit nie 'n onvergeeflike sonde nie - wat tog duidelik blyk uit die manier waarop die Here die swakkes en kleintjies in die geloof tegemoet tree met sy genade. Dink maar aan uitsprake soos die volgende: "Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie" (Jes. 42). "Maar Sion sê: Die HERE het my verlaat, en die H E R E het my vergeet! Kan 'n vrou haar suigling vergeet . . . Ofskoon hulle sou vergeet nogtans sal Ek jou nie vergeet nie ..." (Jes. 49).

***Wat maak jy met twyfel?***

Die groot vraag is, maar wat maak ek met my twyfel. Die beste wat ek daarmee kan doen is om by die Here duidelikheid en krag te gaan soek. Vra Hom om lig. Soek by Hom geloofskrag. Vertel Hom van jou twyfel.

En vanselfsprekend bid 'n mens nie alleen nie, maar jy soek die Here ook in sy Woord en in die kerk. Sy genademiddele is bedoel om mense se geloof ook te sterk - daarom moet ons daarvan gebruik maak.

***Werk!***

In die beginjare van my bediening was ek in Wes-Transvaal werksaam. Op Bloemhof was oom Manie Venter ouderling. By een geleentheid het 'n jong suster - 'n onderwyseres - met ons gesels oor twyfelvrae waarmee sy worstel. Oom Manie het toe onder andere aan haar gesê: "Toe ek jonk was, het ek ook met sulke vrae gespook. Toe kom ek eendag tot die konklusie dat dit nie die behae van die Here is dat ek gedurig in my gedagtes besig moet wees met dinge wat ek nie begryp nie. Ek moet ook nie aan die duiwel kos gee deur my twyfelvrae te troetel nie. Hy wil my gebruik soos ek is en sy behae is dat ek vir Hom moet werk. En dit is opmerklik dat die geloofsekerheid in my gegroei het hoe meer ek my in sy koninkryk besig gehou het."

Die wyse raad van oom Manie was ook vir my in die praktyk baie werd. Vul jou lewe positief met die werke van die Gees en jy sal weinig las hê met twyfelvrae. Jy sal selfs baie antwoorde kan gee aan ander twyfelaars.

## *"Ons glo met die hart en bely met die mond"*

"Ons glo met die hart en bely met die mond." Só begin die Nederlandse Geloofsbelydenis. Guido de Brès, die opsteller van die belydenis praat, anders as in die Twaalf Artikels, in die meervoud. Dáár is dit: "Ek glo..." Nou is dit: "Ons glo..."

"Ek glo . . ." beteken dat ek alleen staan voor God. Ek glo en is persoonlik verantwoordelik en gebind aan my Saligmaker, Jesus Christus. Ek kan nie die ewige lewe besit op grond van andere se geloof nie - my ouers of die kerk of wie ook al nie. Ek glo, daarom kan ek sing: "Verlos en nie verlore nie..."

Maar gelukkig staan ek nie alleen in die wêreld nie. Die Bybel sien gewoonlik 'n gelowige nie alleen nie. Abraham is die vader van die gelowiges - ook bepaald omdat hy 'n nageslag gehad het. En daarmee beweer ek hoegenaamd nie dat elke nakomeling van Abraham ook outomaties die ware geloof besit het nie, maar dit beteken wel dat die Here normaalweg sy uitverkiesende genade laat vloei in die bedding van die verbond. Hy rig sy verbond op met ouers en kinders. Vir my is dit só aangrypend mooi dat Paulus vir die tronkbewaarder van Filippi sê: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin."

Dit is gewis nie die bedoeling van die Here dat 'n gelowige alleen moet staan in die wêreld nie. Hy behoort aan die liggaam van Jesus Christus. Hy is ingeskakel in die verbond en leef saam met ander belyders in die gemeenskap van die heiliges. Hy is 'n lidmaat van die kerk van sy Here.

Dit beteken tog só baie in die wêreld - die wêreld van eensames. Dat ons kan sê: "Ons glo . . .", is 'n wonder. Dat ons met die digter van Ps. 119 kan bely: "Ek is 'n metgesel van almal wat die HERE vrees", beteken dat ek nie alleen staan in die wêreld nie - en selfs nie alleen voor God nie. In die kerk word eensame mense opgevang. In ons tyd van verstedeliking is dit tog só belangrik. 'n Vreemdeling trek in 'n woonbuurt in. Sondag gaan hy kerk toe. Hy meld homself aan en dadelik is hy nie meer alleen nie. Hy is een van die gemeente. Die kerk van Jesus Christus is die enigste plek op aarde waar 'n vreemdeling 'n broer of suster genoem word.

Daarom gryp dit ons aan om te bely: "Ons glo met die hart en bely met die mond ..." Guido de Brès kan dit uitspreek namens en saam met die kerk van Jesus Christus in die Nederlande in die jaar 1563 en ons kan dit nog sê in die jaar 1978. Trouens, Paulus het dit al in Rom. 10 bely in die eerste eeu van ons jaartelling. En ons nageslagte sal dit ook kan bely. Die belydenis sal uitgesing en selfs uitgekerm word tot aan die einde van die eeue, wanneer onse Here kom op die wolke van die hemel.

Ons glo met die hart en bely met die mond . . . Gelukkig kan ek dit saam met al die ander uitspreek.

> "Ek geloof aan die gemeenskap,
> heilige verbintenis
> van wie almal saam 'n eenheid,
> in hul Heer één liggaam is."

## *"Ons glo almal met die hart"*

"Ons glo almal met die hart . . ." So begin die Nederlandse Geloofsbelydenis. Guido de Brès, die opsteller daarvan, haal dit uit die Bybel - uit Rom. 10.

"Ons glo met die hart. .." Daarmee bedoel die Bybel nie bloot die orgaan in ons liggaam wat die bloed deur ons are pomp nie. Die Bybel bedoel daarmee die diepste middelpunt van ons wese as mense. Dit gaan om die hele mens met al sy eienskappe. By die geloof is verstand en

gevoel en wil en liggaam betrokke. Die hart is die toonaangewende, regerende middelpunt van ons bestaan. Daarom glo ons met ons hele wese. Ons is geheel deur die geloof in beslag geneem. Ons ken geen ander lewensbron as die geloof in God nie.

"Ons glo met die hart . . ." Dit beteken dat ons, wat dood was deur die misdade en die sondes, lewend gemaak is saam met Christus. Want uit genade is ons gered, deur die geloof, en dit nie uit onsself nie: dit is die gawe van God . . . (Ef. 2). God het sy vuur in ons harte aangesteek. Hy het in ons begin, soos Hy altyd en oral eerste is. Hy het ons die geloof gegee. Daarom sal ons dit nimmer verloor nie. Ons glo, beteken dat God ons gegryp het en vashou en dra. Dit maak van ons strydende sondaars, worstelend teen die stroom op. Ons kan struikel en val en soms verblind volhard in die donker weg van die sonde. Hy laat ons egter nie los nie. Niemand kan ons uit sy hand ruk nie. Hoe dikwels word ons langs 'n weg van skande en skade weer teruggebring tot onsself en tot ons Vader!

"Ons glo met die hart . . ." Dit is 'n menslike belydenis. Dit kom uit die harte van mense. Die geloof is 'n eiesoortige menslike aktiwiteit. Engele hoef nie te glo nie en diere kan nie glo nie. Alleen die mens, geskape na die beeld van God, het die voorreg om te glo. Ons gee ons gewonne aan God se Woord. Ons hoor daarin die stem van ons Vader. Die Goeie Herder roep ons daarin by die naam. Ons luister na sy stem en volg Hom. Ons vertrou onsself aan Hom toe wat ons lei en dra en verdra.

"Ons glo met die hart..." Daarom sing ons saam met Paulus: "Wie kan ons voor die Regter daag? Gods uitverkore kind verklaag? Waar is die mond wat durf verdoem as God sy kind regverdig noem?" (Skrifber. 10 - Totius).

"Ons glo met die hart . . ." O ja, dit beteken selfverloëning en kruisdra en moontlike bespotting en veragting en vervolging - soos onse Here in wie ons geglo het, self ondervind het. Dit beteken egter vir ons loutere vreugde. Verbly en verheug julle . . . Julle loon is groot in die hemele . . . Só is die profete vervolg, wat voor julle gewees het.

"Ons glo met die hart . . ." Eenmaal gaan die geloof oor in aanskouing - dan sal ons sien dat ons nie op sand gebou het nie. Toe Guido de Brès, die opsteller van ons belydenis, uit die gevangenis gelei is om opgehang en gewurg te word, soos hy gevonnis is, was sy laaste woorde aan sy medegevangenes: "Dit is vir my asof my gees vleuels ontvang het om na die hemel te vlieg, aangesien ek tans genooi is na die bruilof van my Here, die Seun van God ..."

## *Ons bely almal met die mond*

"Ons bely almal met die mond . . ." Só staan dit in ons belydenis. Guido de Brès kon dit met vrymoedigheid verklaar. Hy het geleef en die marteldood gesterf toe die belydenis met die mond nog heilige erns was. 'n Mens vra jou af of dit vandag nog só is. Guido de Brès en sy medegelowiges kon nie anders nie. Hulle het gekies. Dit was 'n keuse om lewe en dood. Hulle het hulle geloof bely voor die regbanke van die pous en keisers en konings en ander heersers. En hulle kon hulle Here nie verloën nie. Hulle is immers as brandhoute uit die vuur geruk. Hulle glo met die hart en waar die hart van vol is, loop die mond van oor.

"Aan die vrugte word die boom geken. Want uit die oorvloed van die hart praat die mond. Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word" (Matt. 12:33-37). "Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal die Seun van die mens ook bely voor die engele van God." Glo jy in God dan weet jy dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat ons te wagte is nie. 'n Belyder van Jesus Christus is nie bang vir die mens wat alleen die liggaam kan doodmaak nie, want hy vree hom wat nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp.

"Ons bely almal met die mond . . ." Ag Here, vergewe tog ons lawwe mensevrees. Open U ons monde sodat ons met die mond kan bely . . . Dat ons op die dakke kan uitroep tot die wêreld: "Hier is julle God! " Ons het só 'n heerlike tyding om te bely, want ons is bly en dankbaar. Ons harte is te klein om die groot genade te omvat - die genade dat God die wêreld lief het. Só lief het Hy dit dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Toe ek die eerste keer die voorreg gehad het om vir Richard Wurmbrand te hoor, het ek diep onder die indruk gekom van die waarheid dat die belydenis met die mond die openbaring is van die krag van God. Die man is vir veertien jaar in Kommunistiese tronke gemartel. Hy het die littekens aan sy liggaam gedra. Die geloofsoortuiging en die gloed waarmee hy sy belydenis uitgespreek het, het my aangegryp. Hoe durf ons dit uitspreek: "Ons bely met die mond", terwyl ons nog nie die vervolgingsvuur ken nie? En tog was die man se optrede vir my ook geloofsversterkend, want sy God is ook my God. Deur die krag van die Here alleen kan 'n mens daartoe kom om na soveel marteling nog getrou te bly.

Laat ons saam bid en worstel om tog waarlik 'n belydende kerk te wees. . . "Ons bely almal met die mond."

## My bekering

***Draai om!***

In die Ou Testament word vir bekering in Hebreeus 'n woord gebruik wat bloot *omdraai* of van *rigting verander,* beteken. Daarby is egter die *hart* ook betrokke - 'n gebroke en verslae gees. Bekering is 'n terugkeer na die Here met die hele hart. Veral by die profete kry ons herhaaldelik die oproep tot bekering en dan word altyd 'n bepaalde sonde of sondes genoem, waarvan die volk hulle moes bekeer. Meesal word die hele volk in die Ou Testament tot bekering geroep en daarmee ook elkeen afsonderlik. Dink aan Jes. 55: "Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer . . ."

***Kom tot insig***

In die Nuwe Testament word vir bekering twee woorde gebruik. Die één woord beteken van *gedagte* of *insig verander*. Die ander woord beteken waarskynlik meer *verandering van lewensweg.* Weer hou dit die gedagte in van verandering van hart en terugkeer na die Here. Bekering beteken verandering van hart en gesindheid; van verstand en wil en geneentheid en die hele lewenswandel.

***Bekeer jou!***

Die Jode word deur Johannes die Doper en die Here Jesus tot bekering roep. Hulle gesindheid en lewe was verkeerd. Hulle wou nie uit genade nie, maar deur wetsvervulling die ewige lewe verwerf. Langs dié weg kan geen mens gered word nie. Die heidene word tot bekering geroep vanaf die diens van die afgode na die lewende Christus. Dit hou altyd in dat daar 'n wesenlike verandering van insig en ommekeer van lewe moet kom. Die mens wat in sy innerlike aan die lewende Christus gebind is, toon dit in sy woorde en dade.

***Bekeer - weergebore***

Hieruit volg dat bekering en wedergeboorte, om tot geloof in Christus te kom, in 'n bepaalde sin eintlik maar dieselfde saak is. Miskien kan ons alleen sê dit is dieselfde saak uit verskillende oogpunte bekyk. Wanneer die Here bv. die hart van Lidia open, dan is sy weer gebore en kom sy tot geloof en bekering (Hand. 16:14). God werk self deur die Heilige Gees die bekering in ons harte. Daartoe gebruik die Heilige Gees die verkondiging van die

evangelie. Dit doen Hy deur ons tot bekering te roep. Hy eis van ons bekering.

Maar hoe kan dit? Hoe kan 'n mens hom bekeer indien die Here dit nie gee nie? Hierop is die antwoord van die Bybel alleen maar: "Bekeer jou en jy sal lewe." Neem die Here op sy Woord - Hy roep nie verniet nie, maar bedoel dit ernstig.

***Wanneer***

Veral in die kringe van die Pinkstergroepe word die eis gestel dat 'n mens die tyd van jou bekering moet weet. Elkeen wat nie die dag en datum van sy bekering kan aantoon nie, word tot bekering geroep. In die Bybel het ons egter talle voorbeelde van jong mense wat die Here van kindsbeen af gevrees het. Dink aan Samuel en Jeremia en Johannes en Timotheüs.

***Bly sondaar***

'n Bekeerde mens is egter nog 'n sondaar. Die daaglikse bekering moet ons hele lewe lank aangaan. Daar is geen gelowige mens wat nie nog struikel nie. Daarom word elkeen van ons deur die Woord van die Here, deur vermaninge en deur die prediking, gedurig herinner aan bepaalde sondes waarvan ons ons moet bekeer. En dit is gevaarlik om jou teen die vermaninge te verset. Die Skrif gee nêrens aan ons enige rede om in vrede met sonde te leef nie.

***Boom aan vrugte geken***

Is die Here en sy diens vir u heilige erns? Stry u ten bloede toe teen die duiwel en die verleidinge van die wêreld en u eie sonde? Openbaar u in u lewe die liefde van Christus ? 'n Boom word aan sy vrugte geken. U hoef nie die boom uit te trek en sy wortels te ondersoek nie, maar die vrugte moet daar wees - anders is die wortel nie reg nie. Ek hoef nie te sê dat ek op 'n bepaalde dag tot bekering gekom het nie, maar ek moet tog weet en toon *dat* ek bekeer is.

## *"Ek is regverdig voor God"*

***Waar kry ek 'n genadige God?***

Maarten Luther se kwelvraag was: "Waar vind ek 'n genadige God?" O ja, die Roomse Kerk waarin Luther destyds 'n priester was, het ook bely dat 'n mens uit loutere genade deur die geloof alleen regverdig is voor God. Hulle het egter daarby gevoeg: "Die sondaar kan die genade van die regverdiging deur goeie werke, wat voortvloei uit 'n gebroke en berouvolle hart, verkry . . ." En nou het goeie Roomse lidmate soos Luther en Calvyn, en soveel andere, hulleself gepynig en ondersoek en in hulle innerlike nagespeur om dié werke te vind wat voor God welbehaaglik is, maar hulle het altyd teruggedeins vir die konsekwensie en gedurig geleef in die vrees dat hulle in hulle sonde sou sterwe.

***Niks in myself***

Verskriklik moet dit wees as ek enige grond vir my saligheid in myself moet vind - ek sou nooit enige rus of duurte hê nie. Anders sou ek maar soos menige valse geruste in my sondes moet sterwe. Daar is helaas baie - ja baie - wat sê: "Here, Here . . .", maar wat op die jongste dag sal hoor: "Ek ken julle nie . . . Gaan weg van My af julle werkers van die ongeregtigheid . . ."

***Leëhande***

Hier moet ons letterlik kaalgestroop word. Ons moet in ons armoede met leë hande voor God staan. Ons vroomheid en gereformeerdheid baat hier niks nie. Voor God is ons allerbeste werke soos 'n wegwerplike kleed. Dit kan mense wat só nadruk lê op die ervaring

(experience) en doop met die Heilige Gees en selfs hulle wat die bevinding eensydig benadruk, tog ook maar ter harte neem. Oor die heiligmakende werk van die Heilige Gees skryf ek later, maar vandag staan ons voor die werklikheid dat ons sonder enige verdienste van ons kant, uit louter genade, alleen ter wille van die verdienste van Christus, voor God regverdig is en 'n erfgenaam is van die ewige lewe.

Mense vertrou God nie. Wanneer die Bybel sê: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word . . ." dan bedoel hy dit. Die Here verwag niks meer as geloof nie en ons kan ook niks meer doen as om te glo nie. Ja, selfs as ek glo, is dit nie uit myself nie - dit is 'n gawe van God (Ef. 2).

### *Toegereken*

Ek is regverdig voor God alleen omdat die geregtigheid van Jesus Christus my toegereken word - en om geen bykomende rede hoegenaamd nie. Dit is Christus alleen en nie "Christus plus . . ." nie. Die Roomse sê: "Christus plus die goeie werke . . ." Die voorstanders van die groot doop: "Christus plus die groot doop .. ." Andere roep : "Christus plus die doop met die Heilige Gees." Of: Christus plus die onderhouding van die Ou-Testamentiese Sabbat." In die dae van Paulus was dit: "Christus plus die besnydenis . . ." Soos Paulus aan die Galasiërs skryf: "Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie" (Gal.5:2).

### *Christus tot geen nut*

Waarom is Paulus hierin so vreeslik ernstig? Kan ek byvoorbeeld aan 'n Wederdoper sê: "As jy jou groot laat doop, is Christus vir jou tot geen nut nie"? Moontlik sou ek dit nie sê nie, maar ek het gewis al aan mense gesê: "As jy jou groot laat doop, misken jy die werk wat God alreeds aan jou as kind gedoen het." Die poort is nou en die pad is smal - dit is die poort en die pad van die geloof, ja, die geloof alleen - in Jesus Christus. Glo ek in Hom wat vir my sondes gekruisig is, dan is ek regverdig voor God. Dan word al my sondes my nie toegereken nie. Dan sien God my asof ek nooit enige sonde gehad of gedoen het nie - só volkome asof ek alles volbring het wat Hy vir my volbring het.

### *Gee myself prys*

Waarom is dit so swaar om te glo dat my sondes vergewe is? Omdat ek daarmee myself moet prysgee. Ek moet bely dat ek in my wese verderflik is. Dat ek met alles wat ek is en het voor God verwerplik is. Ek deug nie en kan niks nie - ek moet alles ontvang as 'n bedelaar.

### *Geen goedkoop belydenis*

Maar hierdie belydenis is ook nie goedkoop nie. As ek weet dat my sondes vergewe is, dan sondig ek nie maklik weer nie. Dan stry ek ten bloede toe teen my doodsvyande: die duiwel, die wêreld en my eie sondige hart.

## *My heiligmaking (1)*

### *Soveel teen my!*

My heiligmaking - ja, myne! Durf ek dit beweer? Kan ek sê dat ek behoort tot die gemeenskap van die heiliges? En daar getuig soveel teen my! Indien ek eerlik is, moet ek in elk geval saam met die profeet Jesaja uitroep: "Wee my! Ek is verlore! Want ek is onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is."

Daar is bepaalde kringe - in ons tyd selfs in toenemende mate - wat beweer dat hulle bo die swakheid van die sonde uitgestyg het. En hulle kan só goed die traagheid en liefdeloosheid en selfs vuilheid van taal en gedagtes en dade, van "kerkmense" aanwys. Watter verweer het ons

teen hulle - veral as hulle kan wys op die "heilige" lewe in hulle kringe?

### *Onvolmaakte kudde*

Tot sulke mense kan ek sê: "Ek is bly dat ek 'n herder is van onvolmaakte skape. Ek self sal waarlik nie pas by 'n volmaakte kudde nie. Ek sal te veel by hulle afsteek."

Daarmee bedoel ek nie dat die heiligmaking by ons nie heilige erns moet wees nie. Ons moet Paulus dit kan nasê: "Ek jaag daarna of ek dit kan gryp ..." Jaag dit na met u hele hart!

### *Outomaties*

Hier lê een diepgaande verskil tussen 'n Gereformeerde en 'n geesdrywer. Die geesdrywer ken die dag en datum van sy bekering. Één jong man skryf aan my van sy eie bekering en doop met die Heilige Gees: "Na die vervulling met die Gees is dit nie meer nodig om na die eienskappe van Gal. 5 : 22 te soek nie, maar dit kom net outomaties soos 'n vrug maar net aan 'n boom groei." 'n Ander een, 'n prediker, verklaar teenoor my: "Die Heilige Gees bewaar my van alle sonde..."

### *Sterwe en opstanding*

Die Gereformeerde aanvaar wel dat sommige mense die dag en datum van hulle bekering kan aandui. Hulle glo egter nie dat die heiligmaking outomaties kom en dat 'n mens op aarde kan kom tot 'n toestand van sondeloosheid nie. Dit is opmerklik dat ons kategismus aansluit by Gal. 5 en Ef. 4 wanneer hy vra: "Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?" Heiligmaking is eintlik maar voortgaande bekering. In Gal. 5 gaan dit om die werke van die vlees en die vrugte van die Gees. In Efesiërs lees ons weer van die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe.

### *Ons doodsvyande*

'n Christenmens glo in Jesus Christus wat vir sy sondeskuld geslag is. Daarom het hy vrede met God. Hy is 'n kind van die Here. Hy is egter nog nie in die hemel nie. Hy het nog met sy doodsvyande te doene. Die duiwel is daar, wat verlei en met helse aanvegtinge jou pad verdonker. Die wêreld is daar met sy nood en ellende, wat dreig om jou kleingelowig en selfs ongelowig te maak. Aan die ander kant leef ons in die wêreld wat met sy aardse skittering verlok en verlei - ons het altyd te kampe met die gevaar dat ons wêreldgelykvormig kan word. En dan het ons ook elke dag te kampe met die verraaier binne die poort, wat vir die vyande van buite oopsluit - ons eie sondige harte.

### *Erken elke dag*

My heiligmaking beteken dat ek elke dag weer moet erken dat ek 'n swakke struikelende sondaar is. Ek mag egter nie in die sonde bly lê nie. Ek moet opstaan en voortgaande stry teen my doodsvyande. Daarom is heiligmaking ook voortgaande bekering. Wie kan sê dat daar in sy lewe niks meer is wat hy moet nalaat nie?

### *Beginsel*

Heiligmaking is in besonder die werk van die Heilige Gees. Hy hou die band met Christus lewend in ons harte. Maar Hy open ook ons oë en harte vir die sondige en verkeerde wat ons lewe voor God verontreinig. Hy doen dit meer en meer. Ons sien al beter ons eie sondes en ons sterf (gelukkig) ook meer en meer die sondes af. Ons lewe word steeds ryker gevul met die werke van die Gees. Ons word meer en meer aan die beeld van Christus gelykvormig. Solank ons in dié lewe is, het selfs die allerheiligste maar 'n klein beginsel van die gehoorsaamheid, maar só dat hy na al die gebooie van God begin lewe. Praat die Here Jesus dan nie in die gelykenis van die saad

van die groeiproses nie?.eers die halm, dan die aar, dan die volle koring in die aar..."

***Swak maar sterk***

Gelukkig is heiligmaking nie my werk nie. Dit is die werk van die Heilige Gees. Daarom: bid die Here om sy genade en die Heilige Gees. Onthou wat Paulus sê: "As ek swak is, dan is ek sterk." 'n Swakke sondaar bly nederig en klein aan die voete van sy Here en dan is hy sterk. Is ek egter sterk in eie oë, dan is my val naby - en die val is dikwels groot.

## *My heiligmaking (2)*

***Om van te skrik***

Van jongs af het ek geskrik vir woorde soos "heilige" en "heiligmaking". Dit het my bang gemaak om te bely: "Ek glo aan die gemeenskap van die heiliges." Ek is in werklikheid so sleg en sondig en wêrelds en onheilig. Hoe kan en durf ek dit waag om te glo dat ek behoort aan die gemeenskap van die heiliges?

Gelukkig is die Here goed en het Hy sondaars lief. Hy laat my nie in die duister nie en laat my ook nie ongetroos nie - al is ek onheilig. Ek dink ek kry die volgende uitspraak uit 'n geskrif van ds. Veldkamp: "'n Gelowige word altyd onheiliger en tog ook altyd heiliger." Kyk maar na u eie gang as gelowige! U maak nie alleen elke dag u skuld voor God meer nie, maar u onderken elke dag meer en meer gedagtes, begeertes en dade in u lewe as sondig - onheilig - waaroor u u voorheen hoegenaamd nie gekwel het nie. Ek word elke dag in my eie oë onheiliger.

***Sondebesef***

Gelukkig is u as dit só is. Dit is die duidelikste bewys van voortgang op die weg van heiligmaking. Wanneer ons Kategismus in Sondag 33 vra na die bekering, is hy eintlik besig om te praat van die heiligmaking - of "daaglikse bekering". Daarom is die afsterwing van die ou mens 'n wesenlike deel van die heiligmaking: "Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het, sodat ons dit nou (L.W.) *hoe langer hoe meer* haat en ontvlug." Ek kan byna sê dat 'n mens jou eintlik nie hoef te bekommer wanneer jy meer en meer tot die besef van eie sondigheid kom nie. Dit is 'n duidelike bewys dat die Heilige Gees jou oë meer en meer open om jou eie sondigheid te leer ken. Gelukkig laat Hy ons nie alles wat verkeerd is ineens sien nie - anders sou ons beswyk. Daarom het die geesdrywers dikwels maar 'n baie oppervlakkige sondebesef - hulle is alte gou daarvan "bevry".

***Begeer om God te dien***

Vir my geld egter ook die ander kant van die saak. Ek mag nie in my sondes bly lê nie. Ek moet ten bloede toe weerstand bied in my stryd teen die sonde en opstaan in 'n nuwe lewe. Kyk maar na wat die Kategismus sê van die opstanding van die nuwe mens: "Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus, en 'n lus en Iiefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe." Dit is die positiewe kant van die heiligmaking. Ons word meer en meer gelykvormig aan die beeld van Christus.

***Geheiligdes***

Hierdie stryd - die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens - is die weg van heiligmaking. Paulus *noem* die gelowiges in Korinthe: "geheiligdes in Christus Jesus, geroepe heiliges". In Christus is ons heilig omdat ons as sy eiendom gekoop is deur sy bloed. Dink aan die volk Israel in die woestyn. Was dit nie dikwels 'n skouspel nie? Hulle was ongehoorsaam en selfs opstandig en tog só ondankbaar. 'n Mens sou sê: hoe kon God met hulle uithou? En tog het Hy hulle verdra en hulle sy volk genoem wat Hy uit die

slawehuis in Egipte verlos het. Heerlik is God se genade verbeeld in die borstas van die hoëpriester met sy twaalf juwele, waarop die name van die twaalf stamme van Israel gegraveer is. Die hoëpriester tree in vir die volk met sy voorbidding en offers. En dan sien God sy volk aan. Hoe sien Hy hulle? Sien Hy die morrende, murmurerende menigte? Nee, Hy sien hulle as juwele gedra op die hart van sy hoëpriester.

Só verstaan ons wat Paulus bedoel wanneer hy praat van "geheiligdes in Christus". Ons Hoëpriester het ons vrygekoop en dra ons op sy hart. Wanneer Hy vir ons intree by sy Vader, sien Hy ons nie soos ons is nie, maar as edelstene op die hart van onse Here Jesus - "geheiligdes in Christus Jesus..."

***Geroepe heiliges***

Maar dan voeg Paulus daaraan toe: ". . . geroepe heiliges . . ." Begryp dit maar letterlik - net soos dit daar staan. Ons is geroepe om heilig te wees. Dit is ons heiligmaking. Stry die goeie stryd. Lê die sonde af en beklee jou met die goeie. Lewe negatief teenoor die verkeerde en positief teenoor die goeie.

Sommige mense kan nogal "nee" sê, maar dan bly hulle negatief. Hulle hart is skoon en uitgevee - die één duiwel is uit - maar dit is - nou 'n gerieflike tuiste vir sewe duiwels. Dikwels is dit die sewe duiwels van die eiegeregtigheid, wat ander mense goed uit die hoogte kan beoordeel en veroordeel. Pasop vir so 'n lewenshouding!

Vir ons vroom en nougesette "heiliges" net die waarskuwing: Pasop dat jy jou vroomheid nie as verdienste aanmerk nie. As jy alles gedoen het wat jy verplig is om te doen, sê dan: "Ek is 'n onverdienstelike slaaf."

## Ek en my "EK"

***"Ek"***

Daar is min woorde wat ons meer gebruik as die klein tweeletter-woordjie "ek". Dit is ook nie altyd verkeerd nie. Die Here het ons so gemaak dat elkeen van ons iemand is met sy eie persoonlikheid. Ons is nie bloot 'n naamlose massa nie. Ons is nie maar net nommers in 'n bondel nie. Ons kan gerus maar saam met Dawid sing: "Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is . . ." Dit sê hy nadat hy nagedink het oor sy wonderlike skepping in die skoot van sy moeder.

***Loof Skepper!***

Dit is vir my altyd geloofsversterkend om aan myself te dink as 'n skepsel van God. Neem ek myself, wat ek hoegenaamd nie kan verstaan nie, in oënskou, dan het ek altyd weer opnuut rede *om my* Skepper te loof. Ek kan waarlik nie van 'n aap afstam nie - daarvoor is ek te wonderbaarlik toeberei deur Hom wat my na sy beeld geskape het.

***Pasop***

En tog moet ek in my eenvoudige geloofslewe die allermeeste op my hoede wees vir my "ek". Praat Jesus van sy volgelinge dan noem Hy as eerste kenteken die selfverloëning: ". . . as iemand agter My aan wil kom, moet hy *homself verloën,* sy kruis opneem en My volg" (Matt. 16). Wanneer ons kategismus praat van ons enigste troos, sê hy ook dat "ek nie *aan myself* behoort nie, maar aan my getroue Saligmaker..."

***Baie werd***

"Ek" is ontsaglik baie werd in die oë van God. Hy het sy skeppingswysheid in my ingeweef as my Maker. Meer nog - toe ek saam met alle ander mense my rug op Hom keer en verval in die dood van sonde en misdade, het Hy my nie vergeet nie. Hy het sy eniggebore Seun gegee

om my los te koop van die duiwel en die dood . .. Daarmee koop hy my ook los uit die mag van my "ek". Daarom kan Paulus sê: "Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my."

***Ek-ek-ek***

Ek is altyd 'n bietjie op my hoede vir mense wat "Ek" en "my" met 'n besondere klem uitspreek. "Ek weet" . . . "Ek sal . . ." "Ek sal nie..." "Ek maak wat ek wil..."

***Vrome "ek"***

Ek wonder baiekeer of die eiegeregtige "ek" in die gewaad van die Fariseër, 'n Christenmens meer moeite gee as die nederige en ootmoedige en kruiperige vrome "ek". 'n Mens kan soms baie vroom en nederig wees, sonder om jouself te verloën. Dit bly maar 'n stryd ten bloede toe om die *ou mens* in die gedaante van die *eie ek* onder te hou. Hy of sy loer altyd om die hoek en soek 'n gaping om op die troon in jou hart te klim.

***"Ek" té groot sondaar***

In ons herderlike werk kry ons dikwels met 'n soort *ek* te doene wat self bitterlik ly en smag na bevryding. Dit is dié soort *ek* wat té 'n groot sondaar is of té 'n vreeslike sonde gedoen het om vergewe te word. Dit is moeilik om aan die mense tuis te bring dat hulle ook maar aan 'n soort selfhandhawing en selfoorskatting ly. Hulle is sulke vername sondaars dat Christus se namelose lyding en helse smarte nie genoeg is om hulle sondes te vergewe nie.

***Ekstra spesiaal***

Andere is weer sulke vername "ekke" dat die Here op een of ander wyse vir hulle een of ander ekstra-spesiale teken moet gee, voordat hulle kan glo dat hulle ook die genade van die Here deelagtig is.  Dit kos gewis selfverloëning om jou bloot op "Moses en die profete" (die Bybel) te verlaat, maar dit is tog wat die Here van ons verwag.

***Leeg en lelik***

O, bitter is dit wanneer iemand oud word met die naam dat hy of sy 'n Christen is, en dan in een of ander krisis platgeslaan word, en dit aan die lig kom dat al die glans en vroomheid rondom die *eie-ek* geweef is. Ontdaan van alle maskers is die *eie-ek* leeg en lelik en deerniswekkend.

## *My gebede*

***Ek glo - daarom bid ek***

Ek glo in God. Daarom bid ek tot God.

Gebede beklee 'n baie belangrike plek in die Bybel. Daarom ook in die lewe van die gelowige.

***Bid met alle gebed***

Daar staan selfs in die Bybel die bede: "Here, leer ons bid." Totius het jare gelede in die Kerkblad 'n oordenking geskryf oor die woorde: "Bid met alle gebed . . ." Op die vraag: "Hoe leer 'n mens om te bid?" was sy antwoord: "Deur te bid." 'n Kind leer immers om te praat deur die praat. Pasop vir die verskoning dat jy nie die gebedsgawe het nie - dit is dikwels gebedsluiheid.

Glo ons, dan begin ons daar: Ons bid. Die gebed is immers die allereerste antwoord van die geloof op die roepstem van God. Al is dit maar net in die woorde van Paulus: "Here, wat wil u hê dat ek moet doen?"

***Aanbid ware God***

Gebedsprobleme het jy en ek en ons almal. Dit sentreer gewoonlik om die drie dinge waarna ons Kategismus verwys (Sondag 45): Ons moet eerstens alleen die ware God aanbid wat Hom in sy Woord aan ons geopenbaar het. En om Hom te ken en te kan aanroep, moet ons sy Woord ken. God is nie 'n onbestemde geheimsinnige iets nie - die "voorsienigheid" of die "Godheid" nie. Hy is die ewige en almagtige Vader van ons Here Jesus Christus. Hy is ook geen mens of blote skepsel nie.

***Ken eie nood***

Ons moet egter ook ons nood en ellendigheid reg ken, sodat ons ons voor die aangesig van sy majesteit sal verootmoedig. Dink gerus aan die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar. Die kern van die verskil tussen 'n verhoorde en onverhoorde gebed word daarin duidelik aan die lig gebring. Die gebed: "Ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie", is nie verhoor nie. Die gebed: "O God, wees my, sondaar, genadig!" is wel verhoor.

***Glo!***

Die derde vereiste vir 'n gebed wat God wil verhoor, is dat ons gelowig moet bid. En wat 'n eis! Dink aan die vader van die besete seun se gebed: "Ek glo Here, kom my ongeloof tot hulp!" Ons kan gerus maar elke gebed met die bede begin, want 'n ongelowige gebed is meer die reël as die uitsondering.

***Bid in donker***

Mense dink dikwels dat die mees gelowige bidder dié een is wat die hardste konsentreer en hom tot die uiterste inspan. Andere dink dat alleen die mens wat voel om te bid en voel dat hy naby die Here is en voel dat sy gebed verhoor is, gelowig bid. Dit is soms waar, maar nie altyd nie. Ons kan en moet ons daarin verbly dat die Here aan ons geloofsblydskap en gebedsvreugde gee, maar wanneer dit nie by ons aanwesig is nie, het ons des te meer rede om dringend te bid. Daarom sê Jesus: "Bid en vir jou sal gegee word . . . Soek en jy sal vind..."

***Bid op bevel***

Bid op bevel van Christus. Bid sonder ophou. Bid al voel jy nie om te bid nie - doen dit juis dan dringend. Om gelowig te bid beteken om in gehoorsaamheid te bid. Die gelowige kind voel altyd beter nadat hy gehoorsaam was.

***Gee oor!***

Vir my persoonlik lê die kern van die gelowige gebed in die geloofsoorgawe, wanneer jy bid. Dit beteken nie in die eerste plek dat jy glo dat die Here sal gee wat jy vra nie. Nee, dit beteken dat jy gelowig ontvang wat die Here gee - al is dit nie soos jy dit graag wil hê nie. Jy lê jou saak in die hand van die Here - dan is dit nie meer jou sorg of kommer nie. Dan vertrou jy dat Hy dit sal uitvoer en dan weet jy ook dat Hy dit veel beter sal uitvoer as wat jy kan bid of verwag.

***Rus in oorgawe***

Dit kos gebed en geloof om daar te kom. Ek dink aan 'n ou suster - inmekaar getrek deur rumatiek en gedurig in pyn - wat vir my gesê het: "My gebed is altyd maar dat die Here my die genade moet gee om blymoedig te bly tot die einde toe . . ." Dikwels het ek by vrome vaders en moeders se sterfbed gestaan en hulle worsteling tot oorgawe gesien en, kom die oorgawe, dan tree ook die rus in en die oorwinning. Gee jou oor in die hand van God en onderwerp jou aan sy heilige wil en jy ontvang innerlike krag en gebedsverhoring.

### *My weg in sy hande*

Dan leer 'n mens wat gebedsverhoring is. Dan ontvang jy wat jy vra, want jy bly in Christus soos Hy in jou bly. Jy ontvang selfs meer as wat jy vra.

"Waarlik ek het my siel tot bedaring gebring en stilgemaak; soos 'n gespeende kind by sy moeder, soos 'n gespeende kind is my siel in my"(Ps. 131).

## *My aardse lyding*

### *Raaisel*

Die raaisel van menslike lyding en nood is nie net 'n vraagstuk waarmee denkers van die wêreld deur die eeue heen geworstel het nie, maar dit laat ook menige eenvoudige soms in vertwyfeling en wanhoop versink. Vir baie is dit die "bewys" dat daar geen God sou wees nie, of altans geen God van liefde nie.

### *Job en Asaf*

Selfs in die Bybel het mense gestuit teen die onoplosbare probleem. Job en sy vriende het lank daaroor geredeneer. Asaf het in Ps. 73 tot vertwyfeling en selfs verbittering gekom, omdat hy wat die Here nougeset gedien het, so swaar gekry het, terwyl godloënaars voorspoedig en weelderig lewe. Hy bely onomwonde dat hy dit nie kan verstaan nie. Toe die dissipels van die Here Jesus 'n blindgeborene by die tempelpoort aantref, was hulle vraag: "Wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?"

### *Rekenmasjien*

Voor dié raaisel stuit ons verstand teen die onbegryplike. Oorsaak en gevolg werk hier nie uit nie. Twee plus twee is hier nie vier nie. Met 'n menslike rekenmasjien kan dit nie ontrafel word nie. As ons die menslike ellende en grenslose nood op aarde sien, kan ons met die Prediker uitroep: "Dit is tevergeefs, alles tevergeefs en 'n gejaag na wind! "

### *Lig van Bo*

Om enigsins rus te vind te midde van die vrae en nood wat jou omring en jou eie sekerheid wegkalwe, het ons lig van Bo nodig. Ons is soos mense wat 'n stuk borduurwerk van die verkeerde kant af bekyk. Jy sien wel kleure en drade, maar kan daaruit geen patroon beken nie. Dit wek 'n verwarrende indruk van kleure en lyne. Kyk jy egter van die regte kant af, sien jy die ontwerp en kleurharmonie. Ons moet die vraagstuk van die lyding sien uit die lig van die Woord van God. Dan kry dit vir ons sin en betekenis.

### *Gevolg van sonde*

In die lig van die Bybel weet ons allereers dat alle lyding en ellende sy oorsprong het in die sondeval van Adam en Eva in die paradys. Daardeur het die vloek van die sonde en die dood in die wêreld gekom. Die vloek lê soos 'n magtige doodskleed selfs oor die redelose natuur. Dit kan ons nog rym met ons verstand, indien die intensiteit van die ellende sou toeneem met die grootte van ons sonde. Die ongerymde is egter dat die vrome en godvresende sy lewe lank in lyding en ellende kan verkeer, terwyl die goddelose voorspoedig en weelderig lewe.

### *Waardes*

In die eerste plek moet ons in gedagte hou dat in die koninkryk van God ander waardes geld as in die wêreld. Die mens dra wel op aarde die gevolg van sy sonde. So ly kinders ook dikwels as gevolg van die sonde van hulle ouers.

Toe die dissipels die vraag aan Jesus stel i.v.m. die blindgeborene: "Rabbi, wie het gesondig,

hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?" het Hy geantwoord: "Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word." In hierdie antwoord is 'n belangrike sleutel i.v.m. die vraagstuk van lyding. Die werke van God moet in ons geopenbaar word. Dit geld onder alle omstandighede; daarom ook in lyding en nood. Ook dan moet ons die werke van God openbaar.

***Werke van God***

So het die Here Job gebruik om sy werke in 'n mens te openbaar. Job is oorgegee aan die Satan wat hom in die put van ellende gewerp het, maar uiteindelik is Satan beskaam en God ryklik verheerlik in die wyse waarop Job die aanslae verduur het. Dit was vir Job nie maklik om pyn en rou en eensaamheid te verduur nie. Onder dit alles moes hy nog krimp onder die beskuldigende woorde van sy sogenaamde vriende. En tog het ons juis dan 'n taak, 'n roeping, nl. om die werke van God te openbaar.

Onder lyding en druk toon jy wat die krag van God vir jou werd is. Al is jy magteloos sodat jy jouself nie eens kan help nie, is jy nog besig om te werk in die koninkryk van God. Jy moet immers ly tot sy eer.

***Medemens***

Noodwendig volg hieruit dat jy só 'n voorbeeld is vir jou medemens. Die wyse waarop jy met blymoedigheid ly, is vir jou medemens 'n verkwikking. 'n Predikant het voortdurend te doen met krankes en lydendes en jy wat moet troos en versterk deur woorde, word gewoonlik self vertroos en gesterk deur wat jy by die gelowige onder druk aanskou.

***Eie beswil***

En natuurlik gebruik God ook die lyding en ellende tot beswil van die lyer self. Duidelik stel Paulus dit in Rom. 5: "Ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop." Die gelowige gaan deur water en deur vuur. Hy ly na liggaam en siel, maar hy ly in sy geloofslewe geen skade nie.

## *Wat doen ek Sondag?*

***Wetties***

Om die Sondag te vier na die eis van die Woord van die Here, is

die roeping van elke Christen. Daaromheen bestaan heelwat misverstande. Aan die een kant is mense geneig om die Sabbatsgebod wetties te benader en op negatiewe wyse alle aktiwiteite tot stilstand te dwing. Aan die ander kant is daar diegene wat hoogstens die kerk besoek en verder die dag as 'n gewone ontspanningsdag deurbring.

***Luister na Jesus***

Ons kan die beste bepaal wat die rusdag vir ons behoort te wees deur na Jesus self te luister. Hy het die Sabbat positief benader. By Hom was die groot beginsel nie wat 'n mens nie mag doen nie, maar wat jy wel móét doen. Hy doen op die Sabbat werke van barmhartigheid en liefde. Op die Sabbat het Hy, binne-in die sinagoge, siekes genees en duiwelbesetenes van die bose verlos (Luk. 4:33-37; Matt. 8:14-15; Matt. 12:9-14 en ander plekke). Juis as gevolg van hierdie optrede het Hy so dikwels te doene gehad met die vyandskap van die Fariseërs en skrifgeleerdes - die handhawers van die wettiese opvatting. Hy verklaar selfs dat noodsaaklike arbeid op die rusdag geoorloof is.

***Sabbat vir die mens***

Na die genesing van die siek man van Betésda het die Jode Hom vervolg en probeer om Hom dood te maak, omdat Hy dit op die Sabbat gedoen het. Jesus se antwoord was egter: .„My Vader werk tot nou toe en Ek werk ook" (Joh. 5:17). Deur sy voorbeeld en deur sy uitsprake toon Hy dat die Sabbat 'n *middel* is tot geestelike versterking en nooit 'n *doel* op sigself nie. Hyself het die eredienste op die Sabbat bygewoon en daaraan meegedoen, maar ook verklaar dat die Sabbat vir die mens en nie die mens vir die Sabbat gemaak is nie.

***Vul u rusdag***

Ook ons belydenisskrifte bou op hierdie beginsel voort. In die Heidelbergse Kategismus word by die verklaring van die Sabbatsgebod alleen benadruk wat positief gedoen moet word en dit verwys met geen woord na enigiets wat verbied word nie. Die eredienste moet bygewoon word en daaraan moet positief deelgeneem word. Verder moet die rusdag daartoe dien om my in beginsel te laat smaak wat die ewige rus sal beteken, naamlik die volkome verlossing van my bose werke. Dit is immers die een ding wat verantwoordelik daarvoor is dat ons geen rus vir ons siele het nie.

***Karakter aangetas***

My Sondagviering moet derhalwe vir my tot 'n seën wees na liggaam en siel. Werke van liefde en barmhartigheid is nie alleen geoorloof nie, maar selfs verpligtend. Maar dan moet ek die rusdag "in Christus" vier en nie "na die mens" nie. My lewensvraag is immers "wat wil die Here hê dat ek moet doen" en hoe sou dit dan nie ook vir die Sabbat geld nie? Dit is dus in die eerste plek 'n dag van dankbaarheid en vreugde in die Here. Daarom mag ek dit nie nalaat om die eredienste by te woon nie, maar ook die res van die dag moet op die "rus in die Here" ingestel wees.

***Rus nodig***

Die onderbreking van die daaglikse arbeid is vir my na liggaam en siel noodsaaklik. In sy groot wysheid en genade het die Here geweet dat 'n mens nie voortdurend maar kan aanhou om te werk nie. Maar dit wil geensins sê dat dit dan 'n dag van sport en plesier mag wees nie. Daarmee word die karakter van die dag in sy wese aangetas. As 'n mens die sonaanbidders op ons strande en plesieroorde Sondae in duisendtalle halfnaak aantref, moet jy met vrees erken dat ons volk besig is om sy Christelike kleed letterlik en figuurlik uit te trek. Vreemd is dit dat selfs die gedagte aan toneelopvoerings en georganiseerde sport op Sondae by 'n "Christelike" volk na vore kom.

***Nywerheidswetgewing***

Bekyk 'n mens die nywerheidswetgewing van ons land, dan moet jy met dankbaarheid erken dat ons owerheid in beginsel gekant is teen Sondagarbeid. Ek dink bv. aan Die Wet op Myne en Bedrywe, Nr. 27 van 1956 en Die Wet op Winkels en Kantore, Nr. 75 van 1964. Die begrip "noodsaaklike arbeid" het egter soms 'n alte groot trefwydte. Sondagarbeid kan drasties verminder word, indien alleen arbeid wat werklik noodsaaklik is, toegelaat sou word.

Ook handeldrywe op Sondae kan grootliks ingekort word. Weinig mense het in ons tyd nie koelkaste nie. Melk en ander bederfbare produkte kan maklik vir 'n paar dae bewaar word. En die liewe gedreun op ons paaie. Gelukkig is petrolverkope op Sondae gestaak. Ongelukkig nie ter wille van die beginsel nie.

## *"Ek gaan kerk toe"*

**WAAROM KERK TOE?**

*Uit gewoonte?*

Sekerlik! Dit is 'n goeie gewoonte.

Luister wat het Jesus self gedoen. Soos Hy *gewoond* was, het Hy op die Sabbatdag na die sinagoge gegaan. Sy gewoonte was om op die rusdag die kerk (sinagoge) te besoek (Luk. 4:16).

Om van die kerk af weg te bly, is ook 'n gewoonte. Dit is alleen maar 'n slegte gewoonte.

**WAAROM KERK TOE?**

*Om deur die mense gesien te word?*

Vanselfsprekend!

"Julle is die lig van die wêreld. Laat julle lig skyn voor die mense .. . Laat die *mense* julle goeie werke *sien* en so julle Vader wat in die hemel is, verheerlik" (Matt. 5:14-16).

Kerke wat oorloop, laat die *mense iets sien.*

Wat sien hulle?

Hulle sien dat God en sy diens vir ons aangenaam is. So verheerlik ons sy Naam.

Wat 'n kragtige getuienis sou dit in die wêreld wees. Die wêreld sal moet erken: *Dié mense het hulle hemelse Vader lief.*

Wat sien die mense nou?

Hulle sien byna leë kerke. As die Christene self nie entoesiasties is om hulle God te dien nie, hoe sou hulle die wêreld kan oortuig dat hulle 'n heerlike godsdiens het?

**WAAROM KERK TOE?**

*Om 'n mooi preek te hoor?*

Hoe dan anders?

Die evangelie van Jesus Christus, die Verlosser van die wêreld, is altyd mooi. "Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig! " (Rom. 10:15).

Hoor ons dan nie die stem van God in die evangelie nie? Of preek my predikant nie mooi nie? Dan sê ek dit vir hom. Geen predikant het die reg om lelik te preek nie. Hy moet die Woord van God verkondig en dit moet lieflik wees vir die kind van God. Dit kan egter wees dat my predikant al sugtende sy werk moet doen, omdat hy vir soveel leë banke moet preek. Leë banke kan selfs vir die beste prediker nie as inspirasie dien nie. Wie sien daarvoor kans?

**WAAROM KERK TOE?**

*Om met medegelowiges saam te wees?*

Ja!

Geen mens kan alleen staan en volhard nie. Pak maar 'n vuurtjie aan wat hoog en helder moet vlam. Dan lê ek die houtjies mooi bymekaar en die vlamme skiet die lug in. Skop ek dit egter uiteen dan lê hier en daar 'n stompie wat nog vir 'n rukkie kwynend vlam of traag gloei. Gou-gou bly egter net 'n swart-gerookte stukkie houtskool op die punt van die hout oor. Van vuur

is daar geen sprake meer nie.

Ek moet die duiwel nie glo dat ek God alleen net so goed kan dien as saam met die ander gelowiges in die kerk nie. Hy is 'n mense-moordenaar van die begin af. Hy wil my graag morsdood sien.

**WAAROM KERK TOE?**

*Omdat ek behoefte voel om te gaan?*

Alte seker.

God het geen behae in slawediens nie. Hy noem ons sy kinders. En watter kind verlang nie na sy ouerhuis nie. Indien ek geen behoefte voel om die kerk te besoek nie, is daar iets fout met my kindskap. My verhouding met my Vader is verkeerd. My geestelike aptyt openbaar 'n gebrek.

Wat maak ek wanneer my eetlus verdwyn?

Ek haas my na die huisdokter.

Christus is elke gelowige se huisdokter. Hy het selfs 'n hospitaal ook. Daar in sy kerk word middele toegedien om mense wat geestelik krank is, te genees.

Hoe dwaas sou ek wees indien ek nie die dokter of hospitaal besoek nie en maar liewer aan my kwaal sterwe! Intussen laat ek maar my siel wegkwyn en 'n stadige dood sterwe, sonder om van die Godgegewe middel gebruik te maak. Hoe dwaas kan 'n mens tog wees! En die Godgegewe middel is sy heilige evangelie wat elke Sondag twee keer in sy Naam verkondig word. Lees gerus Rom. 10: "Hoe kan hulle glo sonder een wat preek ..."

**WAAROM KERK TOE?**

*Omdat God sê ek moet kom, al voel ek nie so nie?*

Ja, want Hy weet beter as ekself wat vir my goed is. Hy roep só dringend, selfs pleitend: "O almal wat dors het, kom na die waters..."

Maar Hy kan ook, Hy durf ook beveel, omdat ek sy kind is. Watter vader is daar wat nie sy kind beveel nie? "Wees dan gehoorsaam soos 'n geliefde kind."

**WAAROM KERK TOE?**

*Om my God te ontmoet, te leer ken en te dien?*

Ja, dit is die hoofsaak van alles wat ons gesê het. *God is daar*. Hy wag op my. 'n Erediens is immers nie bloot 'n samekoms van mense nie. Dan kan ons gerus maar die kerkdeure sluit en ons kerke sloop.

*Nee, 'n erediens is 'n samekoms van God met sy volk.*

Durf ek dit waag om só 'n geleentheid mis te loop?

*My Vader wag op my.*

"'n Seun eer die vader . . . As Ek dan 'n Vader is, waar is my eer?" (Mal. 1:6). My Vader wag op my. Hy wil aan my sy besondere skatte uitdeel... Elke Sondag ... Twee keer!

## *My vrees vir die toekoms*

My opgeskote dogtertjie lê rustig en slaap op die bank. Die skool het gesluit vir die Desember-vakansie en sy kan uitspan - vandaar die ontydige slapery op die bank. Sy is 'n toonbeeld van onbekommerde rus en oorgegewenheid.

Ons kleindogtertjie van drie kuier by ons vir 'n paar weke. Sy speel op die groen gras onder die bome. Met geboë skouertjies krap sy in die grassies en tel hier en daar 'n stokkie of paar klippies op. Sy kyk op na die geelvink wat kwetter in die witstinkhout. Gelukkig gesels sy met hom. Ouma het haar vertel dat die ou voëltjie briefies heen en weer dra tussen Ouma en haar ou kleinkindertjies daar ver in Port Elizabeth.

In myself vreet 'n knaende onrus. Die onrus bly daar diep in my innerlike en ek kan dit nooit geheel afskud nie. Hoe lank sal ons nog die weldadige rus geniet? Soms gryp 'n byna fisiese pyn my van binne - as ek dink aan die ou kleintjies. Wat wag vir hulle?

Dan weer is dit asof ek met mening my rustige bestaan wil geniet - ten volle wil waardeer. Soveel dinge het ek vroeër vanselfsprekend aanvaar en nou? Dit is só veral sedert die Kubane met Russiese steun in Angola geland het. Op die agtergrond bly altyd die knaende wete van die verganklikheid van die aardse bestaan en besittings. Ek is 'n "ryk" mens met my rustige tuin en groen grasperke en kleurryke blomme en mooi struike. Soms betrap ek my daarop dat ek dit byna met die rykmansgierigheid wil nader krap en my skure volmaak en eet en drink en vrolik wees - want môre . . .? Dan sit ek op die wit bank onder die witstinkhout. My oë wei genotvol oor al die mooi dinge. Dit kom tot rus op die groen gras onder die ou jakaranda. 'n Pers tapyt van vallende blommetjies bedek die groen gras. "Die gras verdor - die blom val af - as die asem van die Here daarin blaas."

Dit is tog die ou-ou waarheid. Het ek al die jare daar van vergeet? Ek het tog daaroor gepreek. Ek het dikwels by 'n sterfbed gestaan. En by begrafnisse die troos uit die lewende Woord van God - wat vir ewig bly staan - aan bedroefde mense oorgebring.

Die hondjie kom stertswaaiend nader - met oortjies platgetrek en ogies afwagtend en uitnodigend op sy oubaas. Ek buk en streel speels oor sy koppie en praat met oubaas se honne. Hy rol op sy rug en kap-kap gelukkig met sy pootjies in die lug.

In die kombuis tref ek my vrou aan. Sy is rustig besig om middagete voor te berei. Dit is geen oordadige maaltyd nie. En tog voel ek skuldig toe ek aan tafel sit en die smaaklike dis geniet. Hoeveel miljoene is daar vandag al wat buk onder die tirannie van die Kommunisme? Hoeveel van hulle het nog iets behoorliks om van te leef? En wat van al die vlugtelinge? Hoeveel van hulle het alle aardse besittings verloor? En wat van die duisende wat 'n hongerdood sterf? Om nie eens te praat van die namelose angs en die foltering in strafkampe en gevangenisse nie - waar eindig die nood?

En dié dinge klop aan ons deur. Die skaduwees kruip nader en die donder begin rammel. Daar is mense wat ons vlees wil eet - joune en myne en ons kinders s'n. Ons leef onder die skaduwee van donker wolke. Onheilsvisioene van ontploffings en vuurgloed en bloed en trane en kermende en sterwende mense.

Angskrete en weggesakte oë en hol wange en . . . Ook die stilles skuifel sprakeloos en verdwaasd verby. Andere gaan geboei met bloed aan lyf en klere - gedryf deur barbaarse base wat geen mededoë ken nie.

"Ek is baie benoud; laat my tog in die hand van die HERE val, want sy barmhartigheid is groot, maar laat my in die hande van mense nie val nie" (1 Kron. 21:13). Dit is koning Dawid se angsgebed. Dit is ook myne. Ons volk en ons kerk en die wêreld het dorings gesaai. En

nou maai ons die storms. God laat Hom nie bespot nie. Hy begin met sy oordeel by sy heiligdom. Sy eie volk - wat Hy as kind liefgehad het, wat Hy leer loop en op die hande gedra het - sy eie het Hom verlaat. Hy het sy eniggebore Seun gegee. Hy is geslag soos 'n lam wat na die slagplek gelei is. En ons het sy liefde verag en sy bloed vertrap.

Ag, Here laat ons tog nie in die hande van mense val nie! Verlos ons uit die mag van tiranne. Of, stuur u hulle omdat ons U verlaat het? Het U 'n regsaak teen ons omdat ons onbewoë gebly het en nog is onder die verkondiging van u Woord? Is dit omdat ons nie meer weet wat bekering beteken nie? Het ons met al ons Gereformeerdheid tevrede geraak met ons uitwendige verbondenheid aan u verbond? En dien ons U soos ons wil en nie soos u Woord van ons eis nie?

Gee ons die salf vir ons oë om weer te kan sien. Maak ons hart oop en ontvanklik. Gee dat ons weer opreg en van ganser harte voor U mag buig. Bekeer ons tot U, Here, en ons sal bekeerd wees.

Ag, ag my volk!

## *My hoop...*

Slaan jou oë op en kyk! Hoe lyk die toekoms? Donker! Pikdonker!

Ag, en dan is die ergste nie dat die Kommunisme oor die wêreld aanrol nie. Dit is erger dat die dood ieder uur wink. En miljoene verdwyn in die graf.

Ook dit is nog nie die ergste nie. Agter die dood wat ons ken, wag die ewige dood. "En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie..." (Openb. 14:11).

Maar ek wat glo? Het ek enige hoop? Wat wag môre vir my? En volgende jaar? En . . . agter die bult van die tydelike lewe? Wat wag, wanneer ek uiteindelik stil word en my asem uitblaas en na my graf gedra word - indien ek nie miskien as martelaar verbrand word of saam met andere in 'n massagraf gesmyt word nie?

Is my toekoms 'n vraagteken? Net maar dit? En daaragter die moontlikheid van die ewige dood? 'n Sterwensnood waaraan tot in alle ewigheid geen einde kom nie?

Nee, ek hoop wél wat ek nie sien nie. Ek wag daarop met geduld - want die wat op die Here wag, kry nuwe krag. En omdat ek op die Here wag, laat ek my weg aan Hom oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer.

En ek kan hoop en ek kan wag. Waarom hoop ek?

Ek hoop omdat Christus die pad vir my afgeloop het - voor my uit. Ek glo in Hom wat gely het. Hy het marteling geken. Hy het aan die kruis gesterwe. Hy het die helse smarte - en daarmee die ewige dood - geproe. Hy het dit vir my gedra. My pad lê voor my oop.

Donkerte en nood en lyding en smarte - dit alles sal daar wees. Dit het Christus ook deurgegaan. Hy wat in Hom glo, volg Hom. Ja, hy wat in Jesus Christus glo, het al klaar saam met Hom gesterwe en opgestaan in 'n nuwe lewe en sit al saam met Hom in die hemele. Só seker is my pad vorentoe vir my gebaan.

En daarom, ja omdat Jesus, my Here, die pad afgeloop het, het Hy ook alle mag in hemel en op aarde ontvang. En daarom is Hy elke dag met my - tot aan die voleinding van die wêreld.

"Wie kan ons voor die regter daag?

Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem
as God sy kind regverdig noem?

Dis Christus wat die skuld wou dra,
die dood vir ons gesterf het, ja
wat opgewek, in glorie sit,
en altyddeur vir ons wil bid.

Wie sal ons, van die skuldstraf vry,
van Christus en sy liefde skei?
Verdrukking of vervolgingsnag?
Benoudheid wat ons hier nog wag?

Of honger, naaktheid of gevaar?
Die swaard van die geweldenaar?
(As skape word ons nou geag,
klaar vir die mes wat ons wil slag!)

Maar nee, ons sal oorwinnaars bly
deur Hom vir Wie ons leef en ly.
Ja, 'k weet gewis, geen lewe of dood,
geen eng'le mag, bomenslik groot,

geen skepsel in die skepping wyd,
geen ding in tyd of ewigheid -
niks kan ons van Gods liefde skei,
wat ewig vas in Christus bly."

So sing ek saam met Paulus uit Rom. 8 . . . van ons anker en ons hoop. En God het aan ons 'n Totius gegee, wat Paulus se gedig kon hérdig, sodat dit ook my diepste hoop in ons gemeentesang vertolk. Die hoop op 'n Heiland wat geleef en gely en opgestaan het . . . en ook vir my bid. Só kan ek die pikdonker nag tegemoet gaan. My hand is in die hand van my hemelse Vader. En die vrees vir die donker wêreldnag is weg.